KOÖPERATIEWE WYNKELDERS IN SUID-AFRIKA

deur

T.C. BOTHA

Verhandeling ingelewer ter verkryging van die M.Sc.-LANDBOU-graad aan die Universiteit van Stellenbosch.

Promotor: Dr. P.R. Morkel. Desember 1966.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VOORWOORD

Graag wil ek die volgende persone en instansies baie bedank vir die hulp en bydraes wat hulle gelewer en moontlik gemaak het dat hierdie verhandeling geskrywe kon word.

In die eerste plek wil ek my ouers baie bedank vir die fainansiële bystand en tyd wat hulle my gegun het om my studies moontlik te maak.

Aan Dr. P.R. Morkel, my promotor, my opregte dank en waardering vir sy hulp en bystand waarsonder hierdie verhandeling nie moontlik sou gewees het nie. Ook aan mnr. W.C. Dempsey, my mede-promotor, vir sy hulp en bystand.

Aan die personeellede van die K.W.V. wat my van persoonlike hulp en ander inligting voorsien het, my opregte dank en waardering.

Aan mnr. H.C.J. van Rensburg, Registrateur van Koöperasies, en sy personeellede vir hulle hulp in verband met die balansstate van die koöperatiewe wynkelders wil ek graag baie bedank.

Vir mevr. J.F. Malherbe n spesiale woord van dank vir die deeglike wyse waarop die tikwerk gedoen is.

Aan die personeel van die Universiteitskantoor wat die afrolwerk gedoen het.

T.C. BOTHA

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

I. INLEIDING..... 1

II. ONTWIKKELING VAN DIE WYNBEDRYF TOT 1905..... 3

III. DIE STIGTING VAN DIE EERSTE KOÖPERATIEWE WYNKELDERS..... 6

IV. ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE KOÖPERATIEWE WYNBOUERS VERENIGING..... 10

A. Die stigting van die K.W.V..... 10

B. Die optrede van die K.W.V. voor die instelling van verpligte koöperasie..... 12

C. Die Wet op Wyn- en Spiritusbeheer, No. 5 van 1924..... 15

D. Die Wysigingswet op die Kontrole oor Wyn en Spiritualië, No. 23 van 1940..... 16

E. Die beperking van wynproduksie..... 16

F. Funksies van die K.W.V. 19

1. Inname van wyn deur die K.W.V. 19
2. Vergoeding van leweransiers..... 20

(i) Stookwyn..... 20
(ii) Goeiewyn..... 23
(iii) Agterskotte..... 24

G. Groei van die K.W.V. 25

1. Ledetal..... 25
2. Finansies..... 25

V. DIE ONTWIKKELING VAN DIE WYNBEDRYF IN SUID-AFRIKA SEDERT DIE STIGTING VAN DIE K.W.V. 28

A. Produksie..... 28

1. Die aantal wingerdstokke en die oppervlakte beplant met wingerd..... 28
2. Wynproduksie..... 29
3. Aanwending van druiwe wat gebruik word vir die maak van alkoholiese produkte..... 31
4. Die rol van wynbou in die Suid-Afrikaanse landbou-ekonomie..... 38

(i) Die groei van die wynbedryf..... 38
(ii) Die brutowaarde van wynproduksie... 39

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

B. Verbruik en uitvoer van wyn..... 42

1. Plaaslike verbruik..... 42
2. Uitvoer..... 46
3. Verhouding van plaaslike verbruik tot uitvoer..... 48

C. Pryse..... 51

1. Stookwynpryse..... 51
2. Prys van goeiewyn..... 53
3. Vergelyking van goeiewyn en stookwyn-pryse..... 55
4. Die prys van wyn teenoor die prys van ander landbouprodukte..... 58

VI. FUNKSIES VAN DIE KOÖPERATIEWE WYNKELDERS..... 61

VII. VERHOUDING VAN DIE KOÖPERATIEWE WYNKELDERS TOT DIE HANDEL..... 70

A. Algemeen..... 70

B. Tyd van aflewering en betalingsvereistes.... 71

C. Toeslae wat deur die handelaars betaal moet word..... 73

D. Opbergingsgelde..... 74

E. Notariële aflewering van wyn..... 74

VIII. DIE ONTWIKKELING VAN DIE KOÖPERATIEWE WYNKELDERS..... 76

A. Toename in die getal koöperatiewe wynkelders..... 76

B. Omset van die koöperatiewe wynkelders..... 82

C. Ontwikkeling van die koöperatiewe wynkelders in die verskillende distrikte.... 84

D. Finansiële groei van die koöperatiewe wynkelders..... 90

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

IX. DIE FINANSIERING VAN DIE KOÖPERATIEWE WYNKELDERS..... 91

A. Kapitaalbehoeftes van die koöperatiewe wynkelders..... 92

1. Langtermynkapitaal..... 92
2. Intermediêre kapitaal.....100
3. Korttermynkapitaal.....101
4. Ontwikkeling ten opsigte van kapitaalbehoeftes.....101

B. Bronne van kapitaal.....103

1. Interne finansiering.....103

(i) Aandelekapitaal.....104
(ii) Reserwes.....107
(iii) Roterende kapitaal.....111
(iv) Lenings van lede.....118
(v) Algemeen.....118

2. Eksterne bronne.....119

(i) Landbank.....119
(ii) Handelsbanke.....121
(iii) Ekseketeurskamers.....122
(iv) Krediet deur handelaars verskaf...123
(v) Ander instansies wat krediet verskaf.....123
(vi) Samevatting.....124

3. Verhouding van eie tot vreemde kapitaal.....126

X. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS.....128

LITERATUUR.....132

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABELLE

1. Produksie van en die hoeveelheid wyn deur die K.W.V. vernietig, 1921 tot 1923.
2. Lidmaatskap van die K.W.V., 1918 tot 1964.
3. Finansiële groei van die K.W.V., 1918 tot 1964.
4. Oppervlakte onder wingerd en die getal stokke, 1911 tot 1962.
5. Druiweproduksie vir die maak van alkoholiese produkte in die verskillende distrikte en die totale druiweproduksie, 1924 tot 1965.
6. Toename in produksie van verskillende distrikte, 1924 tot 1965.
7. Produksie van goeiewyn en stookwyn, 1924 tot 1964.
8. Goeiewyn en stookwyn as persentasie van die totale produksie, 1924 tot 1964.
9. Indekse van fisiese volume van produksie van alle landbouprodukte en wynbou, 1924/1925 tot 1962/1963.
10. Brutowaarde van alle landbouproduksie en wynbouproduksie, 1924/1925 tot 1963/64.
11. Plaaslike verbruik van wyn en brandewyn, 1930 tot 1964.
12. Plaaslike verbruik van versterkte, onversterkte en vonkelwyn, 1945 tot 1964.
13. Versterkte wyn, onversterkte wyn en vonkelwyn as persentasie van die plaaslike wynverbruik, 1945 tot 1964.
14. Uitvoer van wyn en brandewyn, 1906 tot 1963.
15. Verdwyning van wyn in Suid-Afrika, 1930 tot 1963.
16. Verdwyning van brandewyn in Suid-Afrika, 1930 tot 1963.
17. Stookwynpryse deur die handel betaal en deur die produsente ontvang, 1924 tot 1965.

(vi).....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

18. Gemiddelde goeiewynpryse, 1924 tot 1940.

19. Minimum goeiewynpryse en kwaliteitswynpryse, 1941 tot 1965.

20. Gemiddelde goeiewynprys en prys vir stookwyn deur produsente ontvang, 1924 tot 1940.

21. Minimum goeiewynprys en prys vir stookwyn deur boere ontvang, 1941 tot 1964.

22. Algemene prysindeks van landbouprodukte (uitgeslote pastorale produkte) en van wyn, 1924 tot 1964.

23. Die betalingsregulasies by die verkoop van wyn wat voor 31 Julie verkoop is.

24. Maandelikse toeslag deur handelaars betaalbaar op wyn gekoop van 1 Julie tot 31 Januarie.

25. Volledige lys van koöperatiewe wynkelders gerangskik volgens ouderdom en hulle stigtingsjare en ledetal in 1965.

26. Druiwe deur die koöperatiewe wynkelders verwerk vir die maak van alkoholiese produkte, 1935 tot 1965.

27. Getal koöperatiewe wynkelders in produksie en hulle gemiddelde produksie per jaar, 1935 tot 1965.

28. Tonne/lêers druiwe deur die koöperatiewe wynkelders verwerk per distrik, 1941 tot 1965.

29. Persentasies van die totale druiweoes per streek wat koöperatief verwerk is, 1941 tot 1965.

30. Saamgestelde balansstaat vir 4 koöperatiewe wynkelders wat in 1924 druiwe verwerk het.

31. Saamgestelde balansstaat vir 5 koöperatiewe wynkelders wat in 1939 druiwe verwerk het.

32. Saamgestelde balansstaat vir 17 koöperatiewe wynkelders wat in 1944 druiwe verwerk het.

33. Saamgestelde balansstaat vir 27 koöperatiewe wynkelders wat in 1949 druiwe verwerk het.

(vii).....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

34. Saamgestelde balansstaat vir 38 koöperatiewe wynkelders wat in 1954 druiwe verwerk het.

35. Saamgestelde balansstaat vir 45 koöperatiewe wynkelders wat in 1959 druiwe verwerk het.

36. Saamgestelde balansstaat vir 51 koöperatiewe wynkelders wat in 1964 druiwe verwerk het.

37. Verhouding van eie tot vreemde kapitaal van die koöperatiewe wynkelders, 1924 tot 1964.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK I

INLEIDING

Die ontstaan van koöperasiewese kan teruggevoer word na die jaar 1844 toe 28 wewers van Rochdale in Engeland n suksesvolle koöperatiewe verbruikswinkel geloods het.[1] Die sogenaamde Rochdale-pioniers word veral onthou vanweë die feit dat hulle die beginsels van koöperasiewese duidelik geformuleer het.

In Suid-Afrika speel landboukoöperasie vandag n belangrike rol in die bemarking van landbouprodukte, die verskaffing van boerderybenodigdhede en die lewering van dienste aan boere. Koöperasies is, veral in die beginjare, meesal gestig met die doel om gebreke in die bemarking en verwerking van landbouprodukte te oorbrug. In Suid-Afrika het koöperasiewese ontwikkel sedert die twintigste eeu toe n Ier, mnr. P.J. Hannon[2] na die land gebring is om te dien as superintendent van landboukoöperasies. Vandaar het dit ontwikkel tot feitlik al die sektore van die landboubedryf in Suid-Afrika.

Die wynbedryf was een van die eerste landboubedryfstakke in Suid-Afrika wat hom tot koöperatiewe bemarking en verwerking gewend het, en die koöperatiewe beweging speel tans n belangrike rol op hierdie terrein.

2/.....

(1) H.C.J. van Rensburg "Koöperasie in Suid-Afrika," pp.1.
(2) Op. cit., p.9.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die doel van hierdie verhandeling is om ondersoek in te stel na die ontwikkeling en groei van die koöperatiewe wynkelders vanaf hulle ontstaan tot op hede, gesien teen die agtergrond van die algemene ontwikkeling van die wynbedryf en meer spesifiek die ontwikkeling van die bemarkingstelsel vir wyn en spiritualieë.

Aandag word gegee aan die algemene en ekonomiese ontwikkeling van die wynbedryf, en aan die rol wat die K.W.V. sedert sy stigting in 1918 in die wynbedryf en in besonder ten opsigte van die bemarking van wyn en spiritualieë gespeel het.

Die geskiedenis en ontwikkeling van die koöperatiewe wynkelders word bespreek. 'n Oorsig word gegee van hulle posisie en van hulle funksies in die wynmark en hulle verhouding tot ander instansies wat by die wynbedryf betrokke is. Besondere aandag word geskenk aan die metodes van finansiering en die finansiële toestand van die koöperatiewe wynkelders.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK II

ONTWIKKELING VAN DIE WYNBEDRYF TOT 1905

Die eerste wingerdstokke in Suid-Afrika is in 1655[1] deur Jan van Riebeeck vanuit Spanje en Frankryk ingevoer met die doel om skepe van die "Hollands-Oos-Indiese Kompanje" van wyn en brandewyn te voorsien. Hierdie stokke is geplant op die plase van die H.O.I.K. aan die voet van Tafelberg, en die eerste druiwe is op 2 Februarie 1659 gepars. In 1658 het Jan van Riebeek 1,200 stokke op sy plaas in Wynberg aangeplant, en Jan van Riebeeck kan met reg beskou word as die vader van die wynbou in die Kaap. Die wynbou is dus een van die oudste bedrywe in Suid-Afrika.

Die klimaat- en grondtoestande was so geskik vir die verbouing van die wynstok dat die burgers teen 1687 reeds 400,000 stokke in die grond gehad het. Wingerdstokke is veral in die distrikte Kaap en Stellenbosch verbou.

Simon van der Stel, goewerneur van die Kaap sedert 1679, het met die aanleg van sy plaas, Groot Constantia, n voorbeeld aan die boere gestel deur goeie wyn te maak.

Met die koms van die Franse Hugenote in 1688 het die wynbou n verdere stimulus gekry, en daar is in so n mate op die verbouing van wingerd gekonsentreer, dat daar n koring-skaarste ontstaan het. Simon van der Stel het gevolglik die boere gedwing om minstens ses akkers koring te verbou vir elke akker wingerd wat geplant is.

4/.....

(1) Alle inligting in hierdie verhandeling, tensy anders vermeld, is van die K.W.V. verkry deur middel van boeke, pamflette en persoonlike ondervraging.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gedurende Willem Adriaan van der Stel se regering het daar groot ontevredenheid teenoor die regering onder die boere ontstaan, aangesien die goewerneur en sy amptenare die beperkte mark vir wyn op die verbygaande skepe gemonopoliseer het ten koste van die boere. Die amptenare van die H.O.I.K. was eers geregtig om hulle eie grond te bewerk en wyn te produseer, maar na hewige protes van die kant van die boere is die amptenare deur die H.O.I.K. verbied om grond vir hulle eie gewin te bewerk.

Honderd jaar na die stigting van die nedersetting in die Kaap was daar reeds 3.9 miljoen stokke aangeplant met n jaarlikse produksie van 2,050 lêers wyn. Teen 1819 was daar reeds 13 miljoen stokke aangeplant.

Afgesien van die verskaffing van wyn aan verbygaande skepe, is daar ook n uitvoerhandel ontwikkel na Holland en Engeland. In geskrifte van die tweede helfte van die agtiende eeu word dikwels melding gemaak van die goeie wyn van Constantia.

Gedurende die Napoleontiese oorloë is swaar belastings op Franse wyne wat na Engeland uitgevoer is geplaas, en gevolglik het die Suid-Afrikaanse wyne n groot prysvoordeel in Engeland geniet. Die verhoogde vraag wat ontstaan het, was n verdere stimulus vir die verbouing van die wynstok, maar ongelukkig het die kwaliteit van die wyn onder die vermeerdering in kwantiteit gely. In 1811 het Sir John Cradock probeer om die gehalte van die uitvoerwyn te beheer deur die aanstelling van n amptelike wynproewer. Hierdie poging het nie geslaag nie en die verdere afname in die kwaliteit van Kaapse wyne het groot kommer vir die toekomstige uitvoermark gebaar. Die gevolg was dat die goewerneur van die Kaap in 1826 n kommissie van ondersoek na die verbetering van die Kaapse wyne ingestel het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die gewildheid wat die Kaapse wyne gedurende daardie tyd op die Engelse mark geniet het, was dus hoofsaaklik n gevolg van die tariefvoorkeur wat dit bo die Franse wyne geniet het, en nie n gevolg van hoë kwaliteit nie. In 1859, twee jaar voor die swaar belasting op Franse wyne in Engeland opgehef is, is daar n miljoen gellings Port en Sjerrie uitgevoer. Met die opheffing van die belasting op Franse wyne, het die uitvoermark van Kaapse wyne weggeval.

Ten spyte van die ineenstorting van die uitvoermark in 1861, het die getal wingerdstokke gestyg vanaf 55.3 miljoen in 1865 tot 78.6 miljoen in 1891.

In 1886 het die filloksera-plaag in Suid-Afrika uitgebreek en groot getalle stokke het gevrek. Die presiese getal wat gevrek het, kan nie met sekerheid vasgestel word nie, maar die totale getal stokke moes na skatting tot tussen 60 en 65 miljoen gedaal het. Die filloksera-plaag is egter te bowe gekom met die invoer van fillokserabestande onderstokke vanaf Amerika en teen 1900 was die plaag onder beheer. Die getal wingerdstokke in 1904 word aangegee as 77.9 miljoen, en hierdie spoedige herstel het veroorsaak dat die bedryf die gevolge van oorproduksie begin voel het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK III

DIE STIGTING VAN DIE EERSTE KOÖPERATIEWE WYNKELDERS

Die regering van die Kaapkolonie het n poging aangewend om koöperasiewese te bevorder deur middel van die Leningswet van 1905. Die wet het voorsiening gemaak vir die oprigting van landboukoöperasies ingevolge die Kaapse Maatskappywet van 1892. Om die koöperatiewe gedagte onder boere te bevorder, het die regering vir mnr. Hannon, n Ier, aangestel as Superintendent van landboukoöperasies. Mnr. Hannon het op 2 September 1905 in Kaapstad aangekom.

In 1905 is n kommissie deur die goewerneur van die Kaap, Sir Thomas Hutchinson, aangestel om die wynbedryf te ondersoek. Die kommissie het tot die gevolgtrekking gekom dat die wynbedryf in n toestand van depressie verkeer. Moeilikheid is ondervind om die oes van 1905 verkoop te kry, terwyl daar nog n gedeelte van die oes van 1904 voorhande was. Die gebrek aan n uitvoermark en voldoende plaaslike afset vir die oes was hiervoor verantwoordelik.

Op aanbeveling van die kommissie het die regering R100,000 in die vorm van lenings beskikbaar gestel om die stigting van koöperatiewe wynkelders aan te moedig. Die doel van hierdie skema was blykbaar om boere in groepe saam te voeg om hulle dus meer mag te gee deur gesamentlike optrede, want alleen sou elke boer nie veel invloed op die mark kon uitoefen nie. Kragtens hierdie skema is daar tussen 1905 en 1909 nege koöperatiewe kelders in die westelike Kaapprovinsie gestig.

7/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Slegs vyf van hierdie kelders kon staande bly; die orige vier het gou bankrot gespeel.

Die onderneming het aanvanklik baie suksesvol voorgekom, maar daar is gou agtergekom dat groot verliese op die lenings gely sou word. 'n Gekose komitee wat benoem is om die saak te ondersoek, het gevind dat die finansiering van die ondernemings groot gebreke getoon het in die opsig dat die lede van die koöperasies nie veel finansiële belang in die ondernemings gehad het nie. Dit blyk of daar nie so iets soos aandelebelang en die opbou van reserwes was nie. Die lede het uitsluitlik van geleende kapitaal gebruik gemaak en glad nie self pogings aangewend om reserwes op te bou en dit te gebruik vir verdere finansiering nie.

Die gebrek aan vasgestelde standaarde en grade en ekonomiese slapte was verdere redes vir die mislukking van die landboukoöperasies. Gedurende die eeste jare, terwyl volop produksie geheers het, was die lede lojaal aan die koöperasies en het hulle al hul produkte daar gelewer; maar toe daar tye van tekorte voorgekom het, was die lede nie meer lojaal nie en het hulle hul produkte elders teen hoër pryse verkoop as wat die koöperasies hulle kon aanbied. Ook die betroubaarheid van sommige bestuurders het veel te wense oorgelaat.

Die vyf koöperatiewe wynkelders wat in daardie periode gestig is, en nog bestaan, is soos volg:

1. Drakenstein Co-operative Winery Ltd., wat naby Paarl geleë is.
2. "Die Bovlei Ko-operatiewe Wynmakery, Bpk.," geleë naby Wellington.
3. "Die Wellington Wynboere koöperatiewe Maatskappy, Bpkt.," geleë naby Wellington.
4. "The Drostdy Co-operative Winery, Ltd.", geleë naby Tulbagh.
5. "Helderberg Ko-öperatiewe Wynmakery, Bpkt.," geleë naby Stellenbosch.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Inligting in verband met die ander vier kelders wat bankrot gegaan het, is moeilik bekombaar, want daar bestaan geen rekord van hul ligging of ander besonderhede nie.

By Overhex naby Worcester is in 1908 n kelder gebou teen n koste van R12,000 met kapasiteit van 600 ton druiwe. Hierdie kelder is egter nooit in gebruik geneem nie. Vyf boere, onder die voorsitterskap van mnr. Lewies Burger en met sy seun as bestuurder, het die kelder gebou wat bekend gestaan het as die "Overhex Winery".

In 1910 was die volstruisveermark op sy hoogtepunt en die plaas waarop die kelder gestaan het, asook van die ander lede se plase, is verkoop aan mnr. van Greunen, n volstruisboer van Oudtshoorn, wat al die wingerd uitgekap en lusern vir sy volstruisboerdery geplant het. Die kelder is in ongeveer 1916 weer aan mnr. du Toit vir R1,200 verkoop en die gebou wat nou nog staan is nog steeds die eiendom van die du Toits.

Die ontwerp van die kelder self het veel te wense oorgelaat, want alhoewel die dak uit baie sterk staalkonstruksie bestaan het, was die wyntenks ontwerp sonder enige professionele kennis van wynmakery. Die uitlaatpype aan die onderkant van die tenks was nege duim van die vloer af, en die enigste opening waardeur n persoon in die tenks kon kom, was in die deksel, waardeur ook slegs n klein persoon kon klim. Die skoonmaak van hierdie tenks sou dus n baie moeilike taak gewees het.

Nadat n paar veranderings aan die kelder aangebring is, het die du Toits dit vir ongeveer twee jaar om en by 1923 as n parskelder gebruik wanneer die ander kelders vol was.

Hierdie kelder se mislukking kan direk toegeskrywe word aan die gevolge van die volstruisveermark se bloeitydperk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wat sou gebeur het indien daar wel in die kelder gepars is, sal moeilik beantwoord kan word.

Gedurende die volstruisveermark se bloeiperiode vanaf 1906 tot 1913 is daar baie wingerdstokke uitgekap om plek te maak vir lusernlande. Dit het veral in die Klein Karoo gebeur waar wingerd onder besproeiing verbou is. Die getal wingerdstokke in die wynbou-streke het tot 67.9 miljoen in 1913 gedaal, n afname van 10 miljoen sedert 1904. Dit blyk te wees dat daar gedurende die laaste paar jaar van hierdie tydperk nie n surplus wynproduksie kon gewees het nie. Daar kan met taamlike sekerheid gesê word dat as gevolg van die feit dat daar nie n surplusproduksie was nie, sekere van die lede van die koöperatiewe wynkelders ontrou aan die kelders was as gevolg van die hoër pryse wat hulle waarskynlik direk by die handelaars kon kry. Dit kon ook aanleiding gegee het tot die mislukking van sommige van die koöperatiewe wynkelders.

Na die ineenstorting van die volstruisveermark in 1913 is daar weer wingerde aangeplant, en in 1918 was daar weer 86.9 miljoen stok in die grond, met n produksie van 96,750 leêrs wyn teen 20 grade proefspiritus.

Die vinnige toename in die produksie van wyn het weer gelei tot groot surplusse, en gedurende 1915 tot 1917 het wynpryse gedaal tot R5 en R6 per leêr.

Die vyf bestaande wynkoöperasies kon slegs n klein persentasie van die totale wynoes hanteer en het geen mag gehad om die pryse enigsins te beïnvloed en stabiliseer nie. Iets drasties moes gedoen word om die wynindustrie te red.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK IV

ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE KOÖPERATIEWE WYNBOUERS VERENIGING

A. DIE STIGTING VAN DIE K.W.V.

Die jaar was 1916 en die toestand van die wynboer het nog steeds verswak aangesien surplusse al hoe groter geword het. Die prys het reeds die lae peil van R5.50 per leêr bereik. Dit is in hierdie jaar dat mnr. C.W.H. Kohler met die idee van n omvattende koöperatiewe onderneming deur die wynboere gekom het.

Op 13 Desember 1916 is die eerste vergadering in die Paarl gehou en daar is die konstitusie soos deur mnr. Kohler opgestel, met n paar wysigings, eenparig aangeneem. Hierdie vergadering, onder voorsitterskap van mnr. Kohler en met mnr. Isaac Perold as sekretaris, is bygewoon deur afgevaardigdes van die verskillende wynboudistrikte, wat na afloop van die vergadering die konstitusie aan hulle verskeie boeregemeenskappe moes gaan verduidelik. Die voorlopige naam van die organisasie was die Koöperatiewe Wynboukundige Unie van Suid-Afrika.

Op 2 November 1917 is n algemene vergadering van die vereniging gehou en teen 31 Desember 1917 het 90 persent van die wynboere by die vereniging aangesluit.

Die boere het n ongesonde versoek aan die bestuur gerig, naamlik dat die vereniging nie verdere wingerd-aanplantings moet beperk nie. Die versoek is so toegestaan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

As gevolg van die reeds bestaande surplus, was die moontlikheid van nog groter surplusse in die toekoms n groot vraagstuk vir die vereniging.

In 1918 is die vereniging geregistreer as n maatskappy kragtens die Kaapse Wet op Maatskappye No. 25 van 1892. Aangesien daar toe nog nie koöperatiewe wetgewing bestaan het nie, is die vereniging geregistreer as n gewone beperkte maatskappy en dit het die naam van "Koöperatiewe Wynbouers Vereniging van Zuid-Afrika Beperkt" gedra, wat nou algemeen bekend staan as die K.W.V.

Die K.W.V. het die lig gesien as n gewone maatskappy met beperkte aanspreeklikheid en n nominale kapitaal van R200,000 verdeel in aandele van R1 elk. Die doel van die K.W.V. was om "die verkoop en afset deur sy lede van hul produkte, synde die van die druif, so te bestuur, beheer en reguleer dat hulle n voortdurende toereikende opbrengs vir sodanige produkte sal behaal." Die lede is gebind deur die oplegging van n boete van R10 per leêr op wyn wat sonder die toestemming van die vereniging verkoop word. Die lede van die vereniging was ook onderhewig aan n boete van R100 indien hulle nie binne 14 dae na afsluiting van die oes n korrekte opgawe van die oes, ingevul op vorms deur die K.W.V. verskaf, aan die direksie voorgelê het nie. Op grond van die produksieskatting en beraming van die handel se benodigdhede kon bepaal word of daar n surplus is en kon n aanvaarbare prys vir die jaar bepaal word. Die K.W.V. sou dan die surplus op die beste manier van die hand sit en sodoende ook fondse insamel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

B. DIE OPTREDE VAN DIE K.W.V. VOOR DIE INSTELLING VAN VERPLIGTE KOÖPERASIE

Die sukses van die onderneming het grootliks afgehang van die samewerking van die handelaars, wat eers kwaai teen die vereniging geskop het. In die lig van die weiering van samewerking deur die handelaars aan die begin, het die K.W.V. 2 stokerye naby Vlottenberg gehuur met die doel om brandewyn te stook en te verkoop teen n laer prys as die van die handelaars. Gekonfronteer met hierdie stap het die handelaars ingestem om hulle brandewyn en wyn by die lede van die K.W.V. te koop. n Kontrak van 5 jaar tussen die K.W.V. en die handelaars is onderteken waarin daar n minimumprys van R10 per leêr stookwyn en R14 per leêr goeiewyn vasgelê is. Die handelaars wou egter geen maksimumpryse vaslê nie, want sekere handelaars het n uitstekende kans gesien om die wynhandel te monopoliseer en ook spekulasie kon hoogs winsgewend wees. Hierdie pryse en ooreenkomste met die handel het die lede vertroue in die vereniging laat kry, en op die algemene vergadering gehou in die Paarl op 8 Mei 1918 was daar 1,807 lede teenwoordig, wat 95 persent van alle wynboere uitgemaak het.

As gevolg van die optrede van die vereniging het die boere gedurende 1918 en 1919 heelwat beter pryse vir hulle wyn ontvang en wel R9.50 en R13.00 per leêr vir stookwyn en goeiewyn respektiewelik in 1918 en R11.00 en R20.00 respektiewelik in 1919.

Vir die seisoen 1920 is beraam dat die oes kleiner sou wees as die oes van die voorafgaande jare, en sommige handelaars het n poging aangewend om die mark te monopoliseer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deur al die wyn te probeer opkoop. Hulle kon egter nie daarin slaag nie, want die oes was toe in werklikheid nie so klein as wat aanvanklik beraam is nie. Gedurende daardie jaar het pryse opgeskiet tot R60 per leêr, wat gelei het tot grootskaalse aankoop van grond deur sommige boere. Dit het uitgeloop op bankrotskappe vir sommige van hulle toe pryse die volgende jaar weer gedaal het.

As gevolg van reën gedurende die 1921 oesseisoen wou die boere nie rosyntjies maak nie, en was die wynoes gevolglik baie groter as wat verwag is. Verbruik het afgeneem en die mark het in duie gestort en die wynbedryf is bedreig met algehele ondergang.

Die K.W.V. en die handel het toe weer tot n ooreenkoms gekom, en die minimumpryse deur die handel betaal in 1921 en 1922 was respektiewelik R18 en R22 per leêr stookwyn en goeiewyn. Die K.W.V. het onderneem om die surplus van die mark te verwyder en die boere sou n bedrag uitkry gelykstaande aan die minimumprys deur die handel betaal minus die persentasie onverkoopbare gedeelte surplus. Gevolglik het die boere slegs R6 per leêr vir hulle wyn gekry gedurende 1921, 1922 en 1923. Daar was n surplus van ongeveer 66 persent gedurende hierdie drie jaar, en die K.W.V. het selfs so ver gegaan om van die wyn te vernietig. Die gegewens word in tabel 1 aangegee.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 1.[1] Produksie van en die hoeveelheid wyn deur die K.W.V. vernietig, 1921 tot 1923.

Jaar	Produksie	Hoeveelheid vernietig	Persentasie van oes vernietig
		leêrs teen 20 grade P.S.	
1921	128,473	11,801	9.2
1922	89,552	40,025	44.8
1923	110,544	39,830	36.0
Totaal	328,569	91,656	27.9

Soos van tabel 1 gesien kan word, is die hele surplus nie gedurende die jare 1921, 1922 en 1923 vernietig nie. Die res is deur die handelaars gestook of gestoor aangesien die K.W.V. nog nie stoorplek gehad het nie.

As gevolg van die optrede van nie-lede van die K.W.V. asook van ontroue lede, het die vereniging n baie moeilike tydperk tussen 1918 en 1923 deurgemaak. Ontroue handelaars kon aan nie-lede en ontroue lede hoër pryse betaal as die wat deur die K.W.V. betaal sou word, aangesien hulle pryse hoër was as die nettoprys wat die boer sou kry nadat die K.W.V. die persentasie surplus se geld afgetrek het. Gevolglik kon daar nie volle kontrole oor die produksie van wyn deur die K.W.V. gehandhaaf word nie. Die K.W.V. kon onmoontlik n algehele sukses wees, aangesien dit oor geen statuêre magte om die handel te reguleer, beskik het nie.

Die aantal wingerdstokke het gedurende hierdie periode ook toegeneem vanaf 86.9 miljoen in 1918 tot 101.2 miljoen in 1921, wat dus die moontlikheid van surplusse verder vergroot het.

15/.....

(1) "Report of the Wine Commission", p. 9.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

C. DIE WET OP WYN- EN SPIRITUSBEHEER NO.5 VAN 1924

Die K.W.V. het oor geen statutêre magte beskik om wynboere te verplig om aan te sluit nie, en kon dus nie namens die hele wynbedryf optree nie.

Met hierdie toestand voor oë het die Kommissaris van Doeane, mnr. Owen-Smith, na vore gekom met n skema van verpligte koöperasie.

n Afvaardiging van die K.W.V. bestaande uit mnre. C.B. Heatlie, J.P. Malan, C. Kohler en Owen-Smith het die Eerste Minister, Generaal J.C. Smuts, gaan spreek en die haglike posisie van die wynboer aan hom verduidelik. Die Eerste Minister het dadelik daarvan werk gemaak en nadat hy die wynhandelaars oorreed het om hulle bestaande kontrakte met die wynboere te laat vaar, is die Wet op Wyn- en Spiritusbeheer van 1924 by die Parlement ingedien en aangeneem.

Die bepalings van hierdie wet lui dat "Kragtens die Wet moet elke wynboer die toestemming van die K.W.V. verkry om wyn vir doeleindes van distillering te verkoop, en niemand mag wyn verkoop, aanskaf of benuttig vir doeleindes van distillering sonder verlof van die K.W.V. of teen n prys wat laer is as wat vasgestel is deur die liggaam nie. In ruil hiervoor moet die K.W.V. elke leêr wyn wat produseer word, oorneem en daarvoor betaal, hoewel geen handelaar of wynhandelaar te enige tyd verplig is om n enkele gelling van die vereniging te koop nie." 2)

Die wetsontwerp het vereers nie onderskeid gemaak tussen stookwyn en goeiewyn nie, maar die goeiewynprodusente het beswaar gemaak teen die kontrolering van goeiewyn deur

(2) "Herinneringe van Kohler van die K.W.V.", p. 160.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die K.W.V., aangesien hulle gereken het dat die prys van goeiewyn outomaties gereguleer sou word as gevolg van die kontrolering van stookwyn. Die wetsontwerp is toe so verander dat die goeiewynprys nie deur die K.W.V. gekontroleer word nie.

Daar was egter nie 'n groot verskil tussen die stookwyn- en goeiewynpryse nie, en die goeiewynprys het al hoe nader aan die stookwynprys beweeg. Hierdie syfers word in tabel 24 aangegee. Die gevolg was dat die goeiewynprodusente ook beheer oor die prys van goeiewyn verlang het.

D. DIE WYSIGINGSWET OP DIE KONTROLE OOR WYN EN SPIRITUALIEë NO. 23 VAN 1940.

In 1940 is die Wysigingswet op die Kontrole oor Wyn en Spiritualieë, Wet No. 23 van 1940, aangeneem waardeur goeiewyn ook onder beheer van die K.W.V. gekom het.

Kragtens hierdie wet is die K.W.V. gemagtig om elke jaar met goedkeuring van die Minister van Landbou-ekonomie en-bemarking 'n minimumprys vir goeiewyn vas te stel, maar is nie verplig om enige wyn teen goeiewynprys in te neem nie. Die K.W.V. moes wel die goeiewyn ontvang indien aan hom gelewer, maar dan was dit onderhewig aan die stookwynprys en surplusregulasies. Die goeiewynprys is nie onderhewig aan die surplusaftrekkings soos in die geval van stookwyn nie.

E. DIE BEPERKING VAN DIE WYNPRODUKSIE

Dit het geblyk dat beheer oor die minimumpryse van wyn nie op sigself die voortdurende stabiliteit van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wynbedryf sou kon verseker nie. Met groter produksie wat nie deur die aanvraag geabsorbeer kon word nie, sou net hoër surplusse verklaar moes word met gevolglike laer pryse aan die produsente. Voorsiening vir die beperking van produksie is ook by die wet van 1940 ingelyf.

Gedurende die oorlogsjare, 1939 tot 1945, is baie van die wingerdstokke in Europa vernietig, en gevolglik het Suid-Afrika na die oorlogsjare n groot afsetgebied vir sy surpluswyn in Europa gehad. Die groot aanvraag in Europa het selfs n tekort in Suid-Afrika laat ontstaan, en die wynbedryf het gevolglik baie uitgebrei. Onder hierdie omstandighede is daar toe nie beperkings op produksie geplaas nie. Teen 1955 en 1956 het die gevaar vir oorproduksie weer ontstaan en is besluit om die produksie van wyn wetlik te beperk.

Die Wysigingswet op Beheer oor Wyn en Spiritualieë (Wet No.47 van 1957) het in 1957 in werking getree. Kragtens die wet is aan elke plaas n kwota toegedien wat sy maksimum produksie per jaar vasstel. Die kwotas per plaas is bepaal ten opsigte van die aantal stokke op 21 Junie 1957, maar toelatings is gemaak ten opsigte van stokke wat kort tevore uitgehaal is en in die nabye toekoms weer hernu sou word. Stokke wat gekoop of op die plaas geënt is met die doel om in 1957 geplant te word, is ook in aanmerking geneem. Die kwotas is oor die algemeen redelik ruim toegeken, want n totale kwota van 1,100,000 ton is toegeken, terwyl 1957 se produksie slegs 549,613 ton was.

Met hierdie wetgewing is die moontlikheid van oorproduksie, wat groot kommer vir die toekoms ingehou het,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aan bande gelê. In die wetgewing is voorsiening gemaak vir die verhoging van die totale kwota in die toekoms, indien die aanvraag dit sou vereis.

Met die verandering in die drinkpatroon sedert ongeveer 1958, het die vraag na natuurlike wyn baie verhoog. In 1963 het die Minister van Landbou-ekonomie en-bemarking die K.W.V. gelas om aansoeke om verhoogde kwotas te vra van plase wat nog nie kwotas het nie en ook van die wat verhoogde kwotas verlang het. In April 1964 is besluit om die totale kwotatoekenning met 500,000 ton te verhoog. Die nuwe en addisionele toekenning het gewissel van 0 tot 135 ton per plaas.

Die nuwe en addisionele kwotas is toegeken op voorwaarde dat indien die plase se produksie teen 30 April 1969, dit wil sê na vyf jaar, nog nie die nuwe werk bereik het of daarvoor voorsiening deur middel van nuwe aanplantings gemaak is nie, die nuwe addisionale kwotas verlaag sou word tot die plaas se werklike produksie plus die produksie waarvoor reeds voorsiening gemaak is deur nuwe aanplantings.

Nog n punt wat van belang is, is dat indien n boer sy kwota oorskry, hy geen betaling kry vir die surplushoeveelheid van daardie jaar nie. Indien hy binne die volgende twee jaar minder as sy kwota produseer, word hy vergoed vir die vorige surplus tot n maksimum van die opbrengs waarmee sy opbrengs gedurende die daaropvolgende jaar sy kwota onderskrei.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

F. FUNKSIES VAN DIE K.W.V.

Die K.W.V. tree op as beskermheer vir beide die wynboere, die koöperatiewe wynkelders, en die wynhandelaars. Monsters van alle wyn wat deur die handelaars van die koöperatiewe wynkelders of wynboere gekoop word, moet na die K.W.V. of takke van die K.W.V. gestuur word vir sterktebepaling, waarvolgens uitbetalings gemaak word. Op hierdie wyse word alle geskille wat moontlik tussen wynhandelaars en wynkelders kan ontstaan verhoed.

1. Inname van wyn deur die K.W.V.

Soos reeds gesê, is die K.W.V. verplig om alle stookwyn in te neem wat nie deur die produsente verkoop is nie, maar is nie verplig om goeiewyn in te neem nie. Die K.W.V. neem wel goeiewyn in, soos reeds verduidelik.

Die K.W.V. het egter sekere uitgesoekte koöperatiewe wynkelders en boere wat goeiewyn maak vir aankoop deur die K.W.V. Hierdie wyne is hoofsaaklik droë rooiwyne en sjerries waarvan, na veroudering deur die K.W.V., ongeveer 95 persent uitgevoer word. Die ander 5 persent word verteenwoordig deur verkope aan lede asook aan kleinskaalse groothandelaars wat nie oor hulle eie verouderingsfasiliteite beskik nie.

Die K.W.V. vervaardig feitlik al die brandewyn in Suid-Afrika en verkoop dit aan die handel of voer dit uit. Die uitvoer van brandewyn beloop tans 375,000 gellings per jaar, wat slegs 25 persent van die verkope verteenwoordig. Vyf-en-sewentig persent word dus plaaslik verbruik. Die handel vermeng die brandewyn en verkoop dit onder hulle eie handelsmerke.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Teen die einde van die jaar stel die K.W.V. sy uitgesoekte koöperatiewe wynkelders en ander boere in kennis van die beraamde hoeveelheid goeiewyn wat hy benodig vir die komende jaar. Aan die begin van Januarie word kontrakte met die wynkelders en die boere gesluit, vir die hoeveelheid wyn wat die K.W.V. benodig. Die wyn moet aan sekere kwaliteitsvereistes voldoen voordat die K.W.V. dit inneem, en word gemaak onder voorskrifte en toesig van die K.W.V. se eie wynmakers. Dit blyk dus dat hierdie uitgesoekte kelders slegs in streke geleë kan wees waar die primêre produk, die druif self, van n geskikte hoë gehalte is.

2. Vergoeding van leweransiers

Alle betalings vir wyn aan die handelaars gelewer deur die koöperatiewe wynkelders of private wynboere, moet deur bemiddeling van die K.W.V. geskied. In alle gevalle moet die handelaars alle betalings aan die K.W.V. doen, en die K.W.V. doen dan die uitbetaling aan boere en koöperatiewe wynkelders nadat aftrekkings, soos byvoorbeeld die surplus persentasie, gemaak is.

Die tye van betalings, soos deur die K.W.V. bepaal, word later bespreek, asook die rente verbonde aan laat betalings.

Soos reeds gesê, stel die K.W.V. die minimumprys vas vir beide goeiewyn en stookwyn, maar in baie gevalle koop die handel die wyn teen hoër pryse aan.

(i) Stookwyn

Die vergoeding wat die produsente vir hulle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stookwyn kry is onderhewig aan die persentasie surplus op stookwyn wat die K.W.V. jaarliks verklaar. Die surplus word bereken deur middel van die K.C.1 vorms wat deur die K.W.V. opgestel is en wat deur die boere ingevul en by die K.W.V. ingehandig moet word voor die veertiende dag van Desember. Hierdie vorms verskaf inligting aangaande die boer se geskatte oes vir die daaropvolgende jaar, asook besonderhede oor sy wingerd, dit wil sê die ouderdom van die wingerde, nuwe aanplantings en wingerde wat uitgekap is. Van hierdie inligting word gebruik gemaak vir die berekening van die oes vir die volgende jaar.

Die oesskattings van die vorige jaar word vergelyk met die werklike oes van daardie jaar, en van hierdie vergelyking word gebruik gemaak vir verdere berekenings. Die weersomstandighede en die beraamde verbruik van wyn vir die jaar wat voorlê word baie sterk in ag geneem by die berekening van die surplus. Die ouderdom van die draende stokke, met ander woorde die afname in produksie van ou wingerde, jong wingerd wat in drag kom en die mate van opleiding van die stokke, asook die aantal stokke wat uitgekap is word alles in ag geneem by die berekening van die produksie vir die volgende jaar.

Die beraamde produksie min die verwagte verkope van die jaar gee die persentasie surplus wat elke jaar deur die K.W.V. verklaar word. Die minimumprys word vasgestel met inagname van die algemene ekonomiese toestand wat in die land heers.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die persentasie surplus wat verklaar word, word eers deur die K.W.V. van die minimum stookwynprys afgetrek voordat die koöperatiewe wynkelders of ander wynboere uitbetaal word. Ter verduideliking kan die volgende voorbeeld gebruik word; Gestel die minimum stookwynprys is R30.00 per leêr teen 20 grade proefspiritus en die handelaar betaal slegs daardie prys vir die wyn. Die persentasie surplus is 10 persent. Die koöperatiewe wynkelder of boer kry dan R30.00 minus 10 persent van R30.00, naamlik R27.00. Indien die handelaar meer as R30.00 betaal het, kry die koöperatiewe wynkelder of boer die R27.00 plus die bedrag waarmee die minimumprys van R30.00 oorskry is. Indien die stookwyn direk aan die K.W.V. gelewer is word slegs die R27.00 uitbetaal.

Die minimumprys is vasgestel vir 'n standaard leêr teen 20 grade proefspiritus. Vir elke graad bo 20 word vergoed en die teenoorgestelde indien dit onder 20 is. Teen 'n minimumprys van R30.00 per leêr sal elke graad R1.50 werd wees en vir elke graad bo of onder 20 sal dus ooreenstemmend uitbetaal word. Van hierdie R1.50 moet egter nog die 10 persent surplus afgetrek word, dus is die waarde per graad R1.50 - 15 sent = R1.35. Die laasgenoemde prys is wat die produsent per graad ontvang. Die handel moet R1.50 per graad betaal.

Na aflewering van die wyn aan die handelaar word die koöperatiewe wynkelder so gou as moontlik deur die K.W.V. uitbetaal nadat die monsters van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verkoopte wyn geneem is en die K.W.V. die K.C.6 vorms ontvang het. Dit geld ook vir stookwyn wat direk aan die K.W.V. gelewer is. In die geval van laat betalings deur die handelaars, wat later bespreek word, gaan die rente hieraan verbonde na die K.W.V. en nie na die koöperatiewe wynkelders nie want dit is die K.W.V. wat die rentelas moet dra en nie die koöperatiewe wynkelders of boere nie.

(ii) Goeiewyn

Die minimumprys van goeiewyn word ook deur die K.W.V. vasgestel en word bepaal deur die heersende ekonomiese toestande soos deur die K.W.V. geinterpreteer.

By die betaling van goeiewyn word daar geen aftrekkings deur die K.W.V. gemaak nie. Die koöperatiewe wynkelder of boer kry die volle bedrag wat deur die wynhandelaar betaal is. In hierdie geval betaal die K.W.V. nie die produsente voordat die handel aan die K.W.V. betaal het nie. In hierdie geval gaan die rente wat verbonde is aan laat betalings, na die koöperatiewe wynkelders of boere aangesien hulle die rente in hierdie geval moet dra. Hierdie prosedure word later meer volledig bespreek.

Soos reeds genoem is koop die K.W.V. goeiewyn by sekere uitgesoekte produsente aan. Hierdie wyn word in direkte kompetisie met die handel gekoop en gevolglik moet die K.W.V. se pryse kompeterend wees met die van die handel.

Vir die beste wyne wat die K.W.V. so koop is in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1965 R45.72 (die minimum goeiewynprys) plus R19.80 per bruto leêr betaal plus een-twintigste van die totale prys (R65.52) vir elke graad wat die parssterkte meer as 20 grade is. In die geval van die handelaars word daar nie een-twintigste van hulle koopprys per leêr per graad bo 20 uitbetaal nie. Die handelaars betaal slegs die bedrag per graad wat die produsente per graad vir hulle oorgrade op stookwyn by die K.W.V. kry. Indien dieselfde voorbeeld gebruik word as in die geval van stookwyn, sal die bedrag R1.35 per graad wees. Die rede hiervoor is dat die handel eers niks meer per graad bo 20 vir goeiewyn betaal het nie, en het gevolglik die wyne met 'n hoë parssterkte uitgesoek want dit was goedkoper om daarvan gefortifiseerde wyne te maak. Byvoorbeeld; om 30 grade proefspiritus te kry van 20 grade, moes 10 grade spiritus gevoeg word terwyl by 25 grade slegs 5 grade spiritus gevoeg moet word om 30 grade proefspiritus te kry. Die spiritus moes by die K.W.V. gekoop word teen die minimum stookwynprys plus stookkoste. Die handel het dus baie hierdeur gewen. Nou dat die handel vir die oorgrade moet betaal kan hy nie daarby wen deur wyne met 'n hoë parssterkte uit te soek nie.

(iii) <u>Agterskotte</u>

Agterskotte word deur die K.W.V. aan die produsente uitbetaal indien die surpluswyn op so 'n wyse van die hand gesit word dat nadat die K.W.V. sy administratiewe kostes afgetrek het, daar nog 'n surplus vir verdeling onder die produsente is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

G. GROEI VAN DIE K.W.V.

1. Ledetal

Alle wynboere is wetlik verplig om lede van die K.W.V. te wees. Die totale lidmaatskap dui nie die aantal wingerdplase aan nie, want in baie gevalle boer 'n vader en seun, of twee broers saam op een plaas, waar almal dan lede van die K.W.V. is. Bywoners, dit wil sê persone wat nie hulle eie grond besit nie maar om 'n deel boer, is in baie gevalle ook lede van die K.W.V. Tabel 2 dui die aantal lede van die K.W.V. vir enkele jare sedert 1918 aan.

Tabel 2. Lidmaatskap van die K.W.V., 1918 tot 1964

Jaar	Ledetal
1918	1,940
1938	5,130
1958	4,394
1961	4,578
1964	4,747

Die rede vir die aansienlike laer ledetal van 1918 in vergelyking met die ledetal in ander jare is die feit dat lidmaatskap van die K.W.V. in 1918 nog nie verpligtend was nie, en heelwaarskynlik sou daar toe ook slegs een lid per plaas gewees het. Sedert 1924, nadat lidmaatskap vir alle wynboere verpligtend gemaak is, het die ledetal redelik konstant gebly. Skommelinge in die ledetal kom wel voor byvoorbeeld waar plase onderverdeel word of waar boere hulle wynboerdery staak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. Finansies

Sedert die stigting van die K.W.V. in 1918 het dit nie alleen toegeneem in grootte en omset nie, maar het dit ook ontwikkel tot n finansiëel sterk organisasie. Tabel 3 dui die finansiële groei van die K.W.V. aan.

Tabel 3. Finansiële groei van die K.W.V. 1918 tot 1964.

Jaar	Eie kapitaal	Vreemde kapitaal	Persentasie van totaal Eie kapitaal	Vreemde kapitaal	Totale Bates Bedrag
	R	R			R
1918	79,184	19,484	80	20	98,668
1938	3,723,798	602,470	86	14	4,326,268
1948	11,712,003	2,626,721	82	18	14,338,724
1958	15,323,958	2,852,832	84	16	18,176,790
1961	15,492,181	3,263,912	83	17	18,756,093
1964	16,259,540	3,080,384	84	16	19,339,924

Van Tabel 3 kan gesien word dat die K.W.V. se finansiële posisie baie gesond is met n eie-kapitaal - vreemdekapitaal verhouding van 84:16 in 1964. Hierdie verhouding het sedert die stigting van die K.W.V. nog nie veel gewissel nie.

Die grootste toename in die finansiële groei van die K.W.V. het gedurende die jare 1938 tot 1948 plaasgevind, en wel met R10,012,456 of 231 persent. Dit is kenmerkend dat hierdie groei plaasgevind het gedurende en net na die Tweede Wêreldoorlog van 1939 tot 1945. Die rede hiervoor is die groot mark wat Europa net na die oorlog vir Suid-Afrika se surplusse gebied het. Produksie gedurende hierdie tydperk het toegeneem van 244,345 tot 404,670 tonne-lêers, of 66 persent.

Die K.W.V. finansier homself deur die afset van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

surpluswyne en sy bates het baie toegeneem as gevolg van die ontwikkeling van die uitvoermark in die na-oorlogse jare.

In 1964 het die vaste eiendom van die K.W.V. 'n bedrag van R4,418,538 verteenwoordig, en beleggings 'n bedrag van R8,355,784. Voorrade alkoholiese produkte op hande het 'n bedrag van R4,655,254 verteenwoordig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK V

DIE ONTWIKKELING VAN DIE WYNBEDRYF IN SUID-AFRIKA SEDERT DIE STIGTING VAN DIE K.W.V.

A. PRODUKSIE

1. Die aantal wingerdstokke en die oppervlakte beplant met wingerd

Ten spyte van tye toe die toekoms van die wynboer baie ongunstig gelyk het, veral van 1910 tot 1924, het wingerd-aanplantings steeds gegroei soos in tabel 4 aangetoon word.

Tabel 4. Oppervlakte onder wingerd en die getal stokke, 1911 tot 1962.

Jaar	Oppervlakte onder wingerd	Getal stokke
	morg	'000
1911	17,255	68,754
1918	22,285	87,840
1921	26,009	102,108
1925	27,555	...
1930	35,436	...
1936	45,016	150,633
1946	60,945	183,354
1950	67,368	188,438
1955	78,308	207,803
1962	82,674	228,666

Van tabel 4 kan afgelei word dat die aantal stokke per morg van 1911 tot 1962 afgeneem het. Waar daar in 1911 gemiddeld ongeveer 4,000 stokke per morg geplant is, was die getal 3,000 per morg in 1946 en in 1962 ongeveer 2,700 stokke per morg. Hierdie vermindering in die aantal stokke per morg is die gevolg van wyer rye waarin

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wingerd geplant word sodat die stokke opgelei kon word en dit moontlik is om groter meganisasie in die bewerking van die wingerd toe te pas. Met die wyer rye is die boer daartoe in staat om die wingerd met trekkers te bewerk inplaas van perde.

2. Wynproduksie

Sedert 1918 het die deel wat die wynbou uitmaak van die bruto waarde van alle landbouprodukte gestyg van 0.5 persent tot 2.2 persent in 1964. Dit kan waarskynlik in groot mate toegeskrywe word aan die prysstabiliteit wat die K.W.V. aan die wynbedryf besorg.

Tabel 5 dui die besonderhede van die produksie in verskillende distrikte aan.

Tabel 5. Druiweproduksie vir die maak van alkoholiese produkte in verskillende distrikte en die totale druiweproduksie, 1924 tot 1965

Distrik	1924	1935	1940	1951	1955	1960	1965
			tonne/leers				
Caledon	1,445	2,490		6,121	6,475	7,966	10,533
Ceres en Tulbagh	3,853	7,190	38,047	18,960	20,440	22,600	29,491
Kaap	3,052	7,476		12,079	14,439	13,086	14,474
Malmesbury	6,548	7,891		26,857	39,312	57,160	89,164
Montagu	7,126	20,115	35,930	31,563	32,915	34,083	39,359
Paarl	27,507	38,477	52,572	69,065	76,065	75,196	105,138
Robertson	8,533	36,042	56,786	106,441	114,725	135,790	143,757
Stellenbosch	17,059	27,404	46,218	64,179	71,783	82,111	94,395
Worcester	20,088	48,940	79,623	90,136	122,057	123,194	175,790
Gebruik vir die maak van alkoholiese produkte	95,211	196,025	309,176	425,420	498,211	511,196	702,103
Persentasie van totale druiweoes	82.4	88.8	94.8	84.4	89.7	88.4	91.4
Totale druiweoes (1)	115,558	220,860	326,053	503,949	555,639	623,374	768,000

30/.....

(1) Die verskil tussen die totale druiweoes en die hoeveelheid wat vir die maak van alkoholiese produkte gebruik soos in tabel aangetoon, word verteenwoordig deur tafeldruiwe en rosyntjies.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van tabel 5 kan gesien word dat die totale produksie van druiwe toegeneem het van 115,558 tonne/lêers in 1924 tot 768,000 tonne/lêers in 1965. In 1924 is 95,211 tonne/lêers, verteenwoordigende 82.4 persent van die druiwe-oes en 1965 is 702,103 tonne/lêers, verteenwoordigende 91.4 persent van die druiwe-oes, gebruik vir die maak van alkoholiese produkte. In 1940 het hierdie persentasie selfs so hoog as 94.8 persent gestyg. Hierdie hoë persentasie gaan gepaard met die oorlogsjare van 1939 tot 1945, toe daar n groot vraag na wyn in die buiteland was, en boere waarskynlik meer wyn gemaak het met die doel om aan die buitelandse vraag te voldoen. In 1951 het die persentasie weer gedaal tot 84.4 persent. Die feit dat die persentasie wat gebruik is vir die maak van alkoholiese produkte in 1965 so hoog was ten spyte van die besondere groot oes is n teken van die mate waarin die vraag na wyn vergroot het.

Tabel 6. Toename in produksie in verskillende distrikte, 1924 tot 1965

Distrik	Toename	
	Hoeveelheid	Persentasie
	tonne/lêers	
Caledon	9,088	629
Ceres en Tulbagh	25,638	665
Kaap	11,422	374
Malmesbury	82,611	1,262
Montagu	32,233	452
Paarl	77,631	282
Robertson	135,224	1,584
Stellenbosch	77,336	453
Worcester	155,702	775
Totaal gebruik vir maak van alkoholiese produkte	606,892	637
Totale druiwe-oes	652,442	565

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van tabel 6 kan gesien word dat Robertson en Malmesbury onderskeidelik die hoogste persentasie-toename per distrik getoon het, naamlik onderskeidelik 1,584 en 1,263 persent vir die tydperk 1924 tot 1965. Worcester en Robertson het onderskeidelik die hoogste produksie-toename, naamlik 155,702 en 135,224 tonne/lêers, vir dieselfde periode getoon. Hierdie twee is ook tans die vernaamste wynproduserende distrikte.

Paarl, wat in 1924 die grootste wynproduserende distrik was, is nou derde en het ook die laagste persentasie-toename, naamlik 282 persent van 1924 tot 1965, getoon. Stellenbosch, wat een van die oudste wynboudistrikte is, het n toename van 77,336 tonne/lêers of 453 persent getoon.

3. Aanwending van druiwe wat gebruik word vir die maak van alkoholiese produkte

Tot 1958 het wynmakers nie veel daaraan gedoen om die goeiewyn persentasie so hoog as moontlik te kry nie, want die vraag was nie daarna nie. Sedert 1958 het die vraag na natuurlike wyne baie toegeneem, en was dit n stimulus vir die maak van meer goeiewyn.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 7. Produksie van goeiewyn en stookwyn, 1924 tot 1964

Jaar	Goeiewyn	Goeiewyn	Stookwyn	Totale produksie
	bruto lêers	lêers teen 20 grade proefspiritus		
1924		44,686	50,525	95,211
1925		43,289	70,914	114,203
1926		43,820	70,455	114,275
1927		43,316	73,128	116,444
1928		48,257	95,187	143,444
1929		39,370	105,978	145,348
1930		49,057	113,311	162,368
1931		51,643	97,620	149,263
1932		51,373	134,557	185,930
1933		63,190	121,080	184,270
1934		71,211	131,234	202,445
1935		75,408	120,617	196,027
1936		75,478	164,445	239,923
1937		69,261	148,122	217,383
1938		80,915	163,491	244,406
1939		82,258	187,091	269,349
1940		86,129	223,047	309,176
1941	106,393	121,819	216,958	338,777
1942	93,390	106,920	240,870	347,790
1943	100,997	115,641	243,351	358,992
1944	106,477	121,916	287,371	409,287
1945	104,256	119,373	254,427	373,800
1946	131,677	156,770	244,435	401,205
1947	129,700	148,507	187,680	336,187
1948	145,019	166,047	232,937	398,984
1949	143,799	164,650	221,752	386,402
1950	121,355	138,951	258,143	397,094
1951	123,727	141,667	294,292	435,959
1952	147,049	168,371	171,612	339,983
1953	155,858	178,457	277,176	455,633
1954	162,466	186,024	284,747	470,771
1955	135,297	184,393	345,742	530,135
1956	141,253	172,414	419,116	591,530
1957	142,638	161,082	357,835	518,917
1958	170,466	194,956	339,839	534,795
1959	184,563	214,697	302,541	517,238
1960	225,957	254,490	341,827	596,317
1961	212,123	232,599	295,972	528,571
1962	215,040	243,564	360,899	604,463
1963	242,670	243,181	363,777	606,958
1964	295,651	316,063	330,087	646,150

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van tabel 7 kan gesien word dat die goeiewyn- en stookwyn produksiesyfers vir 1924 redelik gelyk was, en wel respektiewelik 44,686 en 50,525 lêers teen 20 grade proefspiritus, terwyl dit in 1940, die jaar voordat die K.W.V. beheer gekry het oor die minimumprys van goeiewyn, n aansienlike verskil getoon het, met respektiewelike produksiesyfers van 86,129 lêers goeiewyn en 223,047 lêers stookwyn teen 20 gradeproefspiritus. Volgens hierdie syfers het dieproduksie van goeiewyn van 1924 tot 1940 met 93 persent toegeneem terwyl stookwyn se produksie oor dieselfde periode met 341 persent toegeneem het. Beide se produksie het redelik egalig gedurende hierdie periode gestyg. Die mees aanneemlike rede vir hierdie stadige toename in goeiewynproduksie, in vergelyking met die van stookwyn, is die ongunstige pryse van die goeiewyn in vergelyking met die van stookwyn wat al hoe meer ongunstig geraak het van 1924 tot 1940. Hierdie prysverskille word later in die hoofstuk volledig bespreek.

Van tabel 7 kan ook gesien word dat die goeiewynproduksie in 1941, die jaar toe die K.W.V. beheer oor die minimumprys van goeiewyn gekry het, 41 persent hoër was as die van die vorige jaar, terwyl stookwynproduksie met 3 persent gedaal het.

Die Tweede Wêreldoorlog het meegebring dat baie van Europa se wingerde gedurende die tydperk 1939 tot 1945 vernietig is, wat gelei het tot n groot wyntekort in Europa. Die uitvoermark vir wyn, veral goeiewyn, was dus goed en om hierdie rede is die goeiewynproduksie in Suid-Afrika net na die oorlog baie uitgebrei. Van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tabel 7 kan gesien word dat terwyl die produksie van goeiewyn in Suid-Afrika van 1940 tot 1949 van 86,129 tot 164,650 lêers teen 20 grade proefspiritus gestyg het, n styging van 91 persent, die stookwynproduksie vir die twee genoemde jare min of meer dieselfde was. Gedurende die oorlog het die stookwynproduksie wel baie toegeneem, maar toe die buitelandse vraag na goeiewyn begin toeneem, het die boere meer goeiewyn geproduseer en die produksie van stookwyn het afgeneem.

Nadat die uitvoermark in 1949, veral vir goeiewyn, verswak het, is daar in die jare 1950 en 1951 minder goeiewyn as in die voorafgaande paar jaar geproduseer, maar van 1952 af het die goeiewynproduksie weer gestyg tot in 1964. Waar daar skommelinge in die totale produksie van druiwe voorgekom het, is dit hoofsaaklik aan skommelinge in die stookwynproduksie te wyte. n Voorbeeld hiervan is die besondere lae druiweoes van 1952, toe die totale produksie van 435,959 tot 339,983 lêers teen 20 grade proefspiritus van 1951 tot 1952 gedaal het. Ten spyte van hierdie lae produksie het die goeiewynproduksie van 141,667 tot 168,371 lêers teen 20 grade proefspiritus vir die jaar gestyg, terwyl stookwynproduksie gedaal het van 294,292 tot 171,612 lêers teen 20 grade proefspiritus vir die jaar. Dit is n aanduiding dat die produsente n redelike vaste mark vir hulle goeiewyn gehad het en eers daaraan voldoen het voordat die res van die druiwe gebruik is vir die maak van stookwyn.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Waar dit die stookwynproduksie was wat voor die K.W.V. beheer gekry het oor die minimumprys van goeiewyn in 1941 baie vinniger toegeneem het as die produksie van goeiewyn, het die produksie van goeiewyn daarna tot in 1964 baie vinniger gestyg as die van stookwyn. Volgens die gegewens in tabel 7 het die produksie van goeiewyn in hierdie tydperk met 267 persent gestyg terwyl stookwyn-produksie slegs 47 persent gestyg het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 8. Goeiewyn en stookwyn as persentasie van die totale produksie, 1924 tot 1964

Jaar	Goeiewyn	Stookwyn
1924	46.9	53.1
1925	37.9	62.1
1926	38.3	61.7
1927	37.2	62.8
1928	33.6	66.4
1929	27.1	72.9
1930	30.2	69.8
1931	35.1	64.9
1932	27.6	72.4
1933	34.3	65.7
1934	35.2	64.8
1935	38.5	61.5
1936	31.5	68.5
1937	31.9	68.1
1938	33.1	66.9
1939	30.5	69.5
1940	27.9	72.1
1941	36.0	64.0
1942	30.7	69.3
1943	32.2	67.8
1944	29.8	70.2
1945	31.9	68.1
1946	39.1	60.9
1947	44.2	55.8
1948	41.6	58.4
1949	42.6	57.4
1950	35.0	65.0
1951	32.5	67.5
1952	49.2	50.8
1953	39.2	60.8
1954	39.5	60.5
1955	34.8	65.2
1956	29.1	70.9
1957	31.0	69.0
1958	36.5	63.5
1959	41.5	58.5
1960	42.7	57.3
1961	44.0	56.0
1962	40.3	59.7
1963	40.0	60.0
1964	48.9	51.1

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van tabel 8 kan gesien word dat die goeiewyn - stookwyn verhouding van jaar tot jaar baie gewissel het. Soos reeds genoem is moet hierdie verskynsel hoofsaaklik toeskrywe word aan die skommelinge in die totale druiweproduksie. Die produsente maak eers genoeg goeiewyn om aan die vraag te voldoen, of volgens die kelderruimte waaroor hulle beskik, en van die res word dan stookwyn gemaak. Die wisselvalligheid van die persentasie goeiewyn wat jaarliks gemaak word, word duidelik deur die produksiesyfers van 1951 tot 1953 aangetoon, met die onderskeidelike goeiewyn-persentasie in die drie jare van 32.5, 49.2 en 39.2. Die hoë goeiewyn-persentasie van 1952 gaan gepaard met die besondere lae druiweoes van daardie jaar.

Van tabel 8 kan gesien word dat daar periodes bestaan het waar die goeiewyn-persentasies van die totale druiweoes gewissel het. Die eerste periode was van 1924 tot 1927 toe die goeiewyn-persentasie besonder hoog was en naby 40 persent gestaan het. Daarna volg 'n lang periode waarin die persentasie goeiewyn gedaal het tot 'n gemiddelde van om en by die 32 persent. Gedurende hierdie tydperk val die groot depressie van die dertiger jare en ook die begin van die Tweede Wêreldoorlog. Van 1946 tot 1954 is daar weer 'n periode van hoë goeiewyn-produksie wat veroorsaak is deur die tekort wat ontstaan het in Europa. Hiervan word later in die hoofstuk meer gesê. Hierdie periode word weer gevolg deur 'n periode van lae goeiewynproduksie waar die gemiddelde persentasie ongeveer 33 persent was. Sedert 1959 het daar weer 'n groot vraag na goeiewyn ontstaan wat weer die goeiewyn-persentasie opgestoot het tot ongeveer 43 persent vir die periode.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4. Die rol van wynbou in die Suid-Afrikaanse landbou-ekonomie

(i) Die groei van die wynbedryf

Die indekse van die fisiese volume van produksie vir alle landbouprodukte en vir die wynbou word in tabel 9 gegee.

Tabel 9. Indekse van fisiese volume van produksie van alle landbouprodukte en wynbou, 1924/1925 tot 1962/1963

Jaar	Alle landbou produkte	Wynbou
	1924/1925 = 100	
1924/25	100	100
1929/30	120	138
1934/35	119	173
1935/36	124	196
1936/37	134	188
1937/38	127	212
1938/39	142	231
1939/40	137	262
1940/41	142	304
1941/42	136	331
1942/43	151	338
1943/44	144	392
1944/45	141	362
1945/46	139	365
1946/47	153	354
1947/48	173	396
1948/49	161	381
1949/50	175	377
1950/51	188	412
1951/52	176	331
1952/53	200	381
1953/54	211	381
1954/55	217	427
1955/56	231	473
1956/57	242	419
1957/58	234	423
1958/59	246	423
1959/60	256	481
1960/61	273	435
1961/62	293	488
1962/63	297	532

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van tabel 9 kan gesien word dat die fisiese volume van die produksie van alle landbouprodukte van 1924/1925 tot 1962/1963 met 197 persent toegeneem het, terwyl die van die wynbou met 432 persent toegeneem het. Van die basis-periode, 1924/1925, tot 1949/1950 het die fisiese volume van produksie van alle landbouprodukte met 75 persent toegeneem terwyl wynbou se produksie vir dieselfde periode met 277 persent toegeneem het. Vir die tydperk, 1949/1950 tot 1962/1963, was die toenames onderskeidelik 70 en 41 persent vir alle landbouprodukte en vir wynbou. Daar kan dus gesien word dat terwyl die wynbouproduksie in die eerste tydperk n baie groter relatiewe toename as die indeks van alle landbouprodukte getoon het, dit in die tweede tydperk weer heelwat stadiger toegeneem het as in die geval van die indeks van alle landbouprodukte.

(ii) Die brutowaarde van wynproduksie

Die brutowaarde van produksie vir alle landbouprodukte en wynbou word in tabel 10 aangegee.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 10. Brutowaarde van alle landbouproduksie en wynbouproduksie, 1924/25 tot 1963/64

Jaar	Alle landbou-produkte	Wynbou	Wynbou as persentasie van totaal
	R1,000	R1,000	
1924/25	121,390	1,220	1.0
1929/30	102,384	1,444	1.4
1934/35	100,808	1,682	1.7
1935/36	112,208	2,080	1.9
1936/37	130,428	2,004	1.5
1937/38	125,350	2,248	1.8
1938/39	136,046	2,392	1.8
1939/40	145,808	2,974	2.0
1940/41	157,608	3,338	2.1
1941/42	182,880	3,994	2.2
1942/43	234,380	4,800	2.0
1943/44	239,986	5,678	2.4
1944/45	246,100	5,696	2.3
1945/46	262,510	6,632	2.5
1946/47	307,094	7,484	2.4
1947/48	393,550	8,542	2.2
1948/49	368,084	7,854	2.1
1949/50	426,144	9,182	2.2
1950/51	589,858	11,008	1.9
1951/52	516,036	8,268	1.6
1952/53	641,804	9,676	1.5
1953/54	681,186	9,720	1.4
1954/55	669,912	7,674	1.1
1955/56	695,718	11,384	1.6
1956/57	776,083	11,128	1.4
1957/58	719,703	11,810	1.6
1958/59	728,770	14,578	2.0
1959/60	786,250	16,304	2.1
1960/61	826,128	15,074	1.8
1961/62	869,850	17,367	2.0
1962/63	901,762	19,971	2.2
1963/64	905,964	19,725	2.2

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van tabel 10 kan gesien word dat die brutowaarde van alle landbouprodukte toegeneem het van R121,390,000 in 1924/1925 tot R905,964,000 in 1963/64, 'n toename van 646 persent, terwyl die brutowaarde van wynproduksie toegeneem het van R1,220,000 tot R19,725,000, 'n toename van 1,517 persent.

Van tabel 10 kan gesien word dat die persentasie wat wynbou van die brutowaarde van alle landbouprodukte uitmaak, gestyg het van 1.0 persent in 1924/25 tot 'n gemiddelde van 2.0 persent vir 1960/61 tot 1963/64. Van 1943/44 tot 1946/47 het dit die hoogste persentasie uitgemaak, en wel 'n gemiddelde van 2.4 persent. Die periode met die laagste gemiddelde persentasie is van 1952/53 tot 1957/58 toe dit slegs 1.5 persent van totale landbouproduksie uitgemaak het. Vir die res van die jare wat in tabel 12 aangegee word, het die persentasies wat die wynbou van die totale brutowaarde uitmaak, om en by die 2.0 persent gebly.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

B. VERBRUIK EN UITVOER VAN WYN

1. Plaaslike verbruik

Die plaaslike verbruik van wyn en brandewyn word in tabel 11 aangegee.

Tabel 11. Plaaslike verbruik van wyn en brandewyn, 1930 tot 1964

Jaar	Wyn Hoeveelheid	Indeks	Brandewyn Hoeveelheid	Indeks
	bruto gellings	1930=100	proef gellings	1930=100
1930	5,058,215	100	784,441	100
1935	7,504,703	148	856,236	109
1940	9,310,387	184	1,209,632	154
1945	12,428,299	244	2,668,565	338
1946	14,337,026	280	2,667,331	338
1947	12,744,858	249	2,621,935	331
1948	12,569,791	246	2,515,280	317
1949	12,290,109	241	2,640,321	334
1950	12,466,773	244	3,017,570	383
1951	13,626,769	268	3,214,325	407
1952	14,544,144	285	3,399,592	431
1953	15,139,730	298	3,621,994	459
1954	15,981,411	312	3,842,349	486
1955	16,438,077	322	3,946,610	500
1956	16,979,229	332	4,082,331	517
1957	17,446,138	341	4,082,277	517
1958	19,397,770	380	3,423,865	431
1959	21,886,076	429	2,914,563	369
1960	23,786,905	466	3,065,536	386
1961	24,963,991	490	3,259,585	414
1962	24,372,437	478	3,291,024	417
1963	28,970,575	568	3,760,599	476
1964	34,170,806	671	4,224,834	534

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van tabel 11 kan gesien word dat die verbruik van wyn voor 1940 vinniger toegeneem het as die van brandewyn, maar daarna het die verbruik van brandewyn weer vinniger toegeneem as die van goeiewyn. Van 1945 tot 1949 het die verbruik van brandewyn redelik konstant gebly terwyl die verbruik van goeiewyn weer van 1945 tot 1950 geen toename getoon het nie.

Van 1930 tot 1957 het goeiewyn se verbruik met 241 persent toegeneem, terwyl die van brandewyn met 417 persent gestyg het. Dit is nog n rede waarom die produsente tot op hierdie stadium nie gepoog het om so veel goeiewyn as moontlik te maak nie, want die wyn moes volgens die vraag gemaak word. Sedert 1957 het die verbruik van goeiewyn met 97 persent toegeneem, terwyl die van brandewyn met 3 persent toegeneem het tot in 1964. Die verbruik van brandewyn het van 1957 tot 1959 met 25 persent gedaal, wat n teken is tot in hoe n mate die effek van die belastingsverandering die drankverbruik affekteer het. Na 1959 het die brandewynverbruik weer gestyg, en was in 1964 weer hoër as in 1957.

Vanaf 1958 het die verbruik van goeiewyn vinnig toegeneem. Die verandering wat in die drinkpatroon van die land plaasgevind het sedert 1958 kan nie alleenlik toegeskrywe word aan die verhoogde aksynsbelasting spiritualieë nie, maar ook aan die beter klas goedkoop goeiewyn wat nou gemaak word en aan die grootskaalse advertensieveldtogte wat sedert 1958 van stapel gestuur is om die verbruik van goeiewyn aan te moedig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 12. Plaaslike verbruik van versterkte, onversterkte en vonkelwyn, 1945 tot 1964

Jaar	Versterkte wyn	Onversterkte wyn	Vonkelwyn
	massa gellings		
1945	8,724,644	3,583,047	120,608
1946	10,374,313	3,826,106	136,607
1947	7,839,472	4,810,796	94,590
1948	7,505,408	4,959,060	105,323
1949	7,080,554	5,091,290	118,265
1950	6,883,547	5,452,709	130,517
1951	7,157,358	6,308,797	160,614
1952	7,193,613	7,160,142	190,389
1953	7,014,583	7,948,167	176,980
1954	7,079,072	8,707,494	194,845
1955	6,925,928	9,316,644	195,505
1956	7,107,306	9,676,870	195,053
1957	7,214,086	10,015,440	216,612
1958	8,035,466	11,131,530	230,774
1959	9,138,763	12,513,243	234,070
1960	9,586,805	13,930,788	251,312
1961	9,855,288	14,768,781	240,922
1962	9,313,157	14,815,579	243,701
1963	10,804,272	17,904,599	261,704
1964	11,363,204	22,525,156	282,446

Van tabel 12 kan gesien word dat die vermeerdering in die verbruik van wyn sedert 1945 hoofsaaklik in die vorm van onversterkte wyn was. Waar die verbruik van versterkte wyn van 8,724,666 tot 11,363,204 massa gellings van 1945 tot 1964 gestyg het, 'n persentasie styging van 30 persent, het die verbruik van onversterkte wyn oor dieselfde periode van 3,583,047 tot 22,525,156 massa gellings per jaar gestyg, 'n persentasie toename van 529 persent. Vonkelwyn het 'n toename van 134 persent oor die periode getoon. Sedert die verhoogde belastings op spiritualieë in 1958 in werking getree het, het die verbruik van versterkte wyn van 8,035,466 tot 11,363,204 massa gellings in 1964 gestyg, wat 'n persentasie toename van 41 persent is. Vir dieselfde periode het die verbruik van onversterkte wyn van 11,131,530 tot 22,525,156 massa gellings gestyg. Dit is 'n toename van 102 persent binne ses jaar.

45 /.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 13. Versterkte wyn, onversterkte wyn en vonkelwyn as persentasie van die plaaslike wynverbruik, 1945 tot 1964

Jaar	Versterkte wyn	Onversterkte wyn	Vonkelwyn
1945	70.2	28.8	1.0
1946	72.2	26.9	.9
1947	61.5	37.7	.8
1948	59.7	39.5	.8
1949	57.6	41.4	1.0
1950	55.4	43.5	1.1
1951	52.5	46.3	1.2
1952	49.5	49.2	1.3
1953	46.3	52.5	1.2
1954	44.3	54.5	1.2
1955	42.1	56.7	1.2
1956	41.9	57.0	1.1
1957	41.4	57.4	1.2
1958	41.4	57.4	1.2
1959	41.8	57.2	1.0
1960	40.3	58.6	1.1
1961	39.5	59.5	1.0
1962	38.2	60.8	1.0
1963	37.2	61.8	1.0
1964	33.2	65.9	.9

Van tabel 13 kan gesien word dat van 1945 tot 1952 die grootste persentasie van goeiewyn wat plaaslik verbruik is, in die vorm van versterkte wyn was. Sedert 1945 het die smaak van die publiek geleidelik verskuif van versterkte na onversterkte wyn. Waar die persentasie van die onversterkte wyn van die goeiewyn-verbruik in 1945, 28.8 persent was, het dit verhoog tot 65.9 persent in 1964. Die verbruik van vonkelwyn as persentasie van die totale verbruik het gedurende die periode van 1945 tot 1964 om en by die een persent gebly.

Dit wil voorkom dat namate onversterkte wyne van goeie gehalte redelik goedkoop beskikbaar gestel word, die algemene smaak van die verbruiker na die onversterkte wyne toe beweeg.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. Uitvoer

Terwyl die uitvoer van Suid-Afrikaanse wyn en brandewyn voor 1900 dikwels onbeduidend was en ook soms 'n naam van swak kwaliteit in die buiteland gekry het, het die uitvoere sedert 1900 en veral na 1930 aansienlik uitgebrei.

Tabel 14. Uitvoer van wyn en brandewyn, 1906 tot 1963

Jaar	Wyn	Brandewyn
	massa gellings	proef gellings
1906	22,295	3,308
1910	49,471	946
1915	82,564	16,070
1920	462,841	27,522
1925	393,287	3,151
1930	645,736	2,497
1935	1,364,342	48,728
1940	1,627,996	209,711
1945	2,554,210	511,212
1946	3,560,139	671,798
1947	3,410,634	487,094
1948	3,558,721	513,929
1949	1,930,862	400,389
1950	2,332,879	339,288
1951	2,921,056	421,497
1952	2,558,568	446,635
1953	2,724,648	399,142
1954	3,278,277	314,436
1955	2,844,341	379,236
1956	2,621,540	350,210
1957	3,001,985	458,958
1958	4,214,147	371,014
1959	3,395,930	397,051
1960	3,314,587	413,105
1961	4,004,772	408,479
1962	3,356,972	477,869
1963	3,878,578	439,333

Van tabel 14 kan gesien word dat die uitvoer van wyn en brandewyn redelik proporsioneel gestyg het, maar die hoeveelhede wat jaarliks uitgevoer.is, het baie geskommel.

Die grootste hoeveelhede wyn is gedurende die jare 1946 tot 1948, wat direk op die Tweede Wêreldoorlog volg, uitgevoer. Gedurende hierdie drie jare is daar 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemiddelde van drie-en-n-half miljoen massa gellings per jaar uitgevoer. Soos reeds vroeër vermeld is, is dit die gevolg van die vernietiging van groot getalle wingerdstokke in Europa gedurende die oorlog. Die voorrade wyn, om aan hierdie groot uitvoere te voldoen, is verkry deurdat die produsente gedurende daardie jare meer goeiewyn gemaak het ten koste van stookwyn, soos in tabel 9 aangedui. Wat egter opvallend is, is die skielike daling in die uitvoer van wyn net na die drie jare van hoë uitvoer 1946 tot 1948. Van 1948 tot 1949 het die uitvoer gedaal van 3,558,721 tot 1,930,862 massa gellings. Die uitvoer van wyn hang grootliks af van die plaaslike produksie van die voorafgaande seisoene, want die plaaslike verbruik styg egalig terwyl die produksie sommige jare groot skommelings toon. Vir die surplusproduksie moet dan n mark in die buiteland gevind word, wat n taak is waarvoor die K.W.V. grootliks verantwoordelik is. As voorbeeld hiervoor kan die groot wynoes van 1956 geneem word wat aanleiding gegee het tot die groot wynuitvoer van 1958. Die wynuitvoer het van 1957 tot 1958 gestyg van 3,001,985 tot 4,214,147 massa gellings, en die volgende jaar weer gedaal tot 3,395,930 massa gellings.

Van tabel 14 kan gesien word dat die uitvoer van brandewyn van 3,308 in 1906 tot n gemiddelde van 434,697 proefgellings per jaar vir die tydperk 1960 tot 1963 gestyg het. Die grootste hoeveelhede brandewyn is van 1945 tot 1949 uitgevoer om dieselfde rede in die geval van wyn. Die gemiddelde uitvoer van brandewyn gedurende hierdie periode was 516,885 proefgellings per jaar.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wat opvallend in die tabel is, is die hoë brandewyn-uitvoer van 1915 en 1920 in vergelyking met die vorige en daaropvolgende aangeduide jare. Die hoë uitvoere van 1915 en 1920 val saam met die Eerste Wêreldoorlog en die jare wat daarop volg, toe net soos in die geval van die Tweede Wêreldoorlog Europa se wingerde in n groot mate vernietig is. Die tekort aan wyn en brandewyn moes gevolglik uit ander wynproduserende lande aangevul word.

3. Verhouding van plaaslike verbruik tot uitvoer

Tot dusver is die plaaslike verbruik en uitvoer van wyn afsonderlik bespreek. Verbruiks- en uitvoersyfers word vervolgens saamgevoeg om totale jaarlikse verdwyning te bepaal, waarvan ook die relatiewe belangrikheid van elke komponent afgelei kan word.

Tabel 15. Verdwyning van wyn in Suid-Afrika, 1930 tot 1963

Jaar	Hoeveelheid	Persentasie van totaal	
		Plaaslik	Uitvoer
	massa gellings		
1930	5,703,951	88.7	11.3
1935	8,869,045	84.6	15.4
1940	10,938,383	85.1	14.9
1945	14,982,509	83.0	17.0
1946	17,897,165	80.1	19.9
1947	16,155,493	78.9	21.1
1948	16,128,512	77.9	22.1
1949	14,220,971	86.4	13.6
1950	14,799,670	84.2	15.8
1951	16,547,825	82.3	17.7
1952	17,102,712	85.0	15.0
1953	17,864,378	84.7	15.3
1954	19,259,688	83.0	17.0
1955	19,282,418	85.2	14.8
1956	19,600,769	86.6	13.4
1957	20,448,123	85.4	14.6
1958	23,611,917	82.1	17.9
1959	25,282,006	86.6	13.4
1960	27,093,492	87.7	12.3
1961	28,968,763	86.2	13.8
1962	27,729,409	87.9	12.1
1963	32,849,153	88.2	11.8

49 /.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van tabel 15 kan gesien word dat die totale verdwyning van wyn redelik egalig gestyg het. Die jare net na die Tweede Wêreldoorlog toon n verhoging van die verbruik aan en ook n hoër persentasie uitvoere as gevolg van die verhoogde buitelandse vraag. Om aan hierdie vraag te voldoen, moes daar waarskynlik wyne van n laer kwaliteit gemaak word. Na drie jare van hoë uitvoere, naamlik 1946, 1947 en 1948, het die totale verdwyning van wyn weer gedaal na 14 miljoen massa gellings in 1949. Sedertdien het die syfer voortdurend gestyg; teen n versnelde tempo vanaf 1958. Na die verandering van die Suid-Afrikaanse drinkpatroon sedert 1958, het die plaaslike verbruik relatief vinniger toegeneem as die produksie, gevolglik het die persentasie van wyn wat uitgevoer word, gedaal. Waar die persentasie uitgevoer in 1948 op 22.1 persent gestaan het, het dit in 1963 slegs op 11.8 persent te staan gekom.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 16. Verdwyning van brandewyn in Suid-Afrika, 1930 tot 1963

Jaar	Hoeveelheid	Persentasie	
		Plaaslik	Uitvoer
	proef gellings		
1930	786,938	99.7	0.3
1935	904,964	94.6	5.4
1940	1,419,343	85.2	14.8
1945	3,179,777	83.9	16.1
1946	3,339,129	79.9	20.1
1947	3,109,029	84.3	15.7
1948	3,029,209	83.0	17.0
1949	3,040,710	86.8	13.2
1950	3,356,858	89.9	10.1
1951	3,635,833	88.4	11.6
1952	3,846,227	88.4	11.6
1953	4,021,136	90.1	9.9
1954	4,156,785	92.4	7.6
1955	4,325,846	91.2	8.8
1956	4,432,541	92.1	7.9
1957	4,541,235	89.9	10.1
1958	3,794,879	90.2	9.8
1959	3,311,614	88.0	12.0
1960	3,478,641	88.1	11.9
1961	3,668,064	88.9	11.1
1962	3,768,893	87.3	12.7
1963	4,199,932	89.5	10.5

In tabel 16 kan weereens gesien word dat die grootste relatiewe uitvoerpersentasie van brandewyn net na die Tweede Wêreldoorlog voorgekom het, toe dit so hoog as 22.1 persent in 1948 gestyg het. Van tabel 18 kan gesien word dat na die daling in die plaaslike verbruik van brandewyn in 1958, die totale verdwyning van brandewyn ook aansienlik gedaal het. Die uitvoere kon nie in so 'n mate verhoog word om die totale verdwyning konstant te hou nie. Dit sou 'n verhoging van ongeveer 160 persent in die brandewynuitvoer beteken het, en die marke hiervoor sou onmoontlik in so 'n kort tyd opgebou kon word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

C. PRYSE

1. Stookwynprys

Die pryse vir stookwyn wat deur die handel aan die K.W.V. betaal is en die pryse wat deur die produsente van die K.W.V. vir stookwyn ontvang is word in tabel 17 aangegee.

Tabel 17. Stookwynpryse deur die handel betaal en deur produsente ontvang, 1924 tot 1965

Jaar	Pryse aan handel	Persentasie surplus verklaar	Pryse deur produsente ontvang
	R/lêer teen 20 grade P.S.		R/lêer teen 20 grade P.S.
1924	15.88	50.0	7.47
1925	15.88	40.0	8.53
1926	15.88	....	....
1927	15.88	....	....
1928	15.88	....	....
1929	15.88	....	....
1930	15.88	50.0	7.54
1931	15.88	55.0	6.14
1932	15.88	60.0	5.35
1933	15.88	....	....
1934	15.88	56.6	7.01
1935	15.88	53.3	7.41
1936	15.88	43.3	8.99
1937	15.88	43.3	8.80
1938	15.88	43.3	8.80
1939	15.88	43.3	8.80
1940	15.88	43.3	8.43
1941	15.88	51.7	2.25
1942	17.46	50.0	9.43
1943	19.05	47.2	11.25
1944	19.05	38.9	11.64
1945	19.05	38.9	12.96
1946	19.05	38.9	15.88
1947	19.05	25.0	16.40
1948	19.05	25.0	16.93
1949	19.05	25.0	15.61
1950	22.23	25.0	19.58
1951	23.28	25.0	23.02
1952	23.28	25.0	20.11
1953	23.28	25.0	20.64
1954	23.28	25.0	20.64
1955	24.34	24.0	22.54
1956	24.34	24.0	18.50
1957	24.34	35.0	21.42
1958	24.34	24.0	23.11
1959	30.69	35.0	27.62
1960	30.69	28.0	27.88
1961	30.69	19.0	29.58
1962	31.75	18.0	26.66
1963	31.75	26.0	29.23
1964	31.75	15.0	31.29

52 /.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Soos van tabel 17 gesien kan word, het die pryse wat deur die handel betaal is, gestyg van R15.88 per lêer teen 20 grade proefspiritus in 1924 tot R31.75 in 1964, n persentasiestyging van 100 persent. Die grootste stygings het plaasgevind van 1958 tot 1959, toe die prys van R24.34 tot R30.69 per lêer gestyg het en van 1964 tot 1965 toe die prys van R31.75 tot R36.83 per lêer gestyg het.

Ontvangste van produsente het gestyg van R7.47 in 1924 tot R31.29 per lêer teen 20 grade proefspiritus in 1964. Dit is n styging van 319 persent. Die laagste pryse is ontvang gedurende die depressiejare 1931 tot 1933, toe die pryse so laag as R5.35 per lêer gedaal het.

Gedurende die depressiejare was die persentasie surplus verklaar die hoogste, naamlik 60.0 persent in 1932. Daarna het dit gedaal tot 43.3 persent van 1936 tot 1940, en toe weer gestyg tot 51.1 persent in 1941. Van toe af het dit geleidelik gedaal tot 15 persent in 1964.

Namate die verbruik van wyn in Suid-Afrika toegeneem het, het die persentasie surplus verklarings kleiner geword, en die boere het gevolglik n groter persentasie van die bedrag wat deur die handel vir die wyn betaal is ontvang. Waar boere in 1924 slegs R7.47 per lêer teen 20 grade proefspiritus vir hulle stookwyn ontvang het terwyl die handel R15.88 betaal het, het hulle in 1964 R31.29 gekry terwyl die handel R31.75 per lêer betaal het. As persentasies uitgedruk het die boere 47.2 persent van die bedrag wat die handel betaal in 1924 ontvang teenoor 98.4 persent in 1964.

53/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. Prys van goeiewyn

Die verskillende goeiewynpryse word in tabelle 18 en 19 aangegee.

Tabel 18. Gemiddelde goeiewynprys, 1924 tot 1940

Jaar	Hoof kwaliteits-wynprys, uitvoer-tipe	Gemiddelde goeiewynprys
	R/bruto lêer	
1924	24.00	13.00
1925	24.00	13.00
1926	24.00	13.00
1927	24.00	13.50
1928	24.00	14.70
1929	24.00	12.95
1930	24.00	11.46
1931	24.00	10.00
1932	24.00	9.02
1933	24.00	9.20
1934	24.00	10.00
1935	24.00	10.70
1936	23.00	10.00
1937	23.00	10.00
1938	23.00	10.00
1939	23.00	10.00
1940	23.00	10.00

Voor 1940 was daar nie beheer oor die minimumprys van goeiewyn nie en die pryse wat in tabel 18 aangegee word is die gemiddelde pryse wat die boere vir hulle goeiewyn ontvang het. Die pryse van die hoof kwaliteitswyne verteenwoordig n klein persentasie van ligte wyne van hoë gehalte wat onder kontrak vir oorsese handelaars gemaak is. Van hierdie wyne is ook gebruik vir die maak van vonkelwyne.

Van tabel 18 kan gesien word dat die gemiddelde prys van goeiewyn in die dertiger jare laer was as in die laat twintiger jare. Die laagste pryse per bruto lêer is gedurende die depressiejare behaal, naamlik R9.02 en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

R9.20 onderskeidelik in 1932 en 1933.

Nadat daar in 1941 beheer oor die minimumprys van goeiewyn verkry is, is daar ook n minimum kwaliteitswynprys vasgestel waarteen die handelaars dan minstens die minimum persentasie in hoeveelheid soos deur die K.W.V. vasgestel moes aankoop indien hulle enige goeiewyn van die produsent wou aankoop. Hierdie kwaliteitsprys is sedert 1958 afgeskaf.

Tabel 19. Minimum goeiewynpryse en kwaliteitswynpryse, 1941 tot 1965

Jaar	Minimum goeiewynprys	Minimum kwaliteits-wynprys	Persentasie wat teen kwaliteits-prys gekoop moes word
	R/êer teen 20 grade proefspiritus		
1941	12.00	20.00	5.0
1942	12.00	20.50	5.0
1943	14.00	22.00	5.0
1944	14.00	22.00	5.0
1945	15.00	23.00	7.5
1946	16.00	24.00	8.5
1947	22.00	30.00	10.0
1948	22.00	30.00	10.0
1949	22.00	30.00	10.0
1950	24.00	30.00	10.0
1951	24.00	30.00	10.0
1952	25.00	31.00	10.0
1953	25.00	31.00	10.0
1954	25.00	31.00	10.0
1955	26.00	32.00	10.0
1956	26.00	32.00	10.0
1957	26.00	32.00	10.0
1958	26.00		
1959	32.35		
1960	32.35		
1961	32.35		
1962	38.10		
1963	38.10		
1964	38.10		
1965	45.72		

Volgens tabel 19 het die minimumprys van goeiewyn van R12.00 per lêer teen 20 grade proefspiritus in 1941

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tot R45.72 in 1965 gestyg. Dit is n styging van R33.72 of 281 persent oor 25 jaar.

Die handel en die K.W.V. self betaal dikwels heelwat hoër pryse as die vasgestelde minimumbedrag vir goeiewyn.

3. Vergelyking van goeiewyn- en stookwynpryse

Indien na die verskille in die goeiewyn en die stookwynpryse gekyk word, sal die rede vir die lae persentasie goeiewyn wat vir so n lang periode gemaak is, soos in tabel 8 aangedui word, moontlik gesien kan word.

Tabel 20.(1) Gemiddelde goeiewynprys en prys vir stookwyn deur produsente ontvang, 1924 tot 1940

Jaar	Gemiddelde goeiewynprys	Stookwynprys deur produsente ontvang	Verskil in pryse
	R/bruto lêer	R/lêer teen 20 grade proefspiritus	R
1924	13.00	7.50	5.50
1925	13.00	8.50	4.50
1926	13.00	8.50	4.50
1927	13.50	8.50	5.00
1928	14.70	8.50	6.20
1929	12.95	8.50	4.45
1930	11.46	7.50	3.96
1931	10.00	6.10	3.90
1932	9.02	5.40	3.62
1933	9.20	5.40	3.80
1934	10.00	7.00	3.00
1935	10.70	7.40	3.30
1936	10.00	9.00	1.00
1937	10.00	9.00	1.00
1938	10.00	8.80	1.20
1939	10.00	8.80	1.20
1940	10.00	8.40	1.60

(1) Alhoewel die twee pryseenhede hier aangegee nie dieselfde is nie, kan dit vergelyk word aangesien die produsente per bruto lêer vir hulle goeiewyn betaal is ongeag die alkoholgehalte daarvan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van tabel 20 kan gesien word dat alhoewel die verskil tussen die goeiewyn-en die stookwynpryse in 1924 R5.50 per lêer was, die verskil al hoe kleiner geword het na 1940. In 1936 en 1937 was die verskil die kleinste, naamlik R1.00 per lêer. Onder hierdie omstandighede was dit nie lonend om goeiewyn te maak nie, want die koste verbonde aan die maak van goeiewyn is baie hoër as in die geval van stookwyn. Dit is om hierdie rede dat die goeiewynproduksie voor 1940, soos ook van tabel 7 gesien kan word, nie in dieselfde mate uitgebrei het as in die geval van stookwyn nie. In vergelyking van die twee pryse kan gesien word dat, terwyl die pryse wat produsente vir stookwyn ontvang het van R7.50 in 1924 tot R8.40 per lêer teen 20 grade proefspiritus in 1940 gestyg het, die prys van goeiewyn per bruto lêer van R13.00 tot R10.00 gedaal het oor dieselfde tydperk.

Dit is as gevolg van hierdie toestand in die wynbedryf dat wetgewing ingedien is vir die beheer van die minimum-prys van goeiewyn.

Indien tabelle 17 en 20 vergelyk word met betrekking tot die gemiddelde goeiewynprys en die stookwynprys deur die handel betaal, word gevind dat die stookwynprys wat konstant gebly het op R15.88 van 1924 tot 1940, altyd hoër was as die gemiddelde goeiewynprys. Die prysver-skille het ook groter geword van 1924 tot 1940, met die grootste prysverskille gedurende die depressiejare, toe dit onderskeidelik R6.86 en R6.68 vir 1932 en 1933 was.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 21. Minimum goeiewynprys en prys vir stookwyn deur boere ontvang, 1941 tot 1964

Jaar	Minimum goeiewyn-prys	Stookwynprys deur produsente ontvang	Verskil in prys
	R/lêer teen 20 grade proef-spiritus		R
1941	12.00	8.20	3.80
1942	12.00	9.40	2.60
1943	14.00	11.30	2.70
1944	14.00	11.60	2.40
1945	15.00	13.00	2.00
1946	16.00	15.90	.10
1947	22.00	16.40	5.60
1948	22.00	16.90	5.10
1949	22.00	15.60	6.40
1950	24.00	19.60	4.40
1951	24.00	23.00	1.00
1952	25.00	20.00	5.00
1953	25.00	20.60	4.40
1954	25.00	20.60	4.40
1955	26.00	22.50	3.50
1956	26.00	18.50	7.50
1957	26.00	21.40	4.60
1958	26.00	23.10	2.90
1959	32.35	27.60	4.75
1960	32.35	27.90	4.45
1961	32.35	29.60	2.75
1962	38.10	26.70	11.40
1963	38.10	29.20	8.90
1964	38.10	31.30	6.80

Van tabel 21 kan gesien word dat die minimum goeiewynprys van R12.00 per lêer teen 20 grade proefspiritus in 1941 gestyg het tot R38.10 in 1964, 'n toename van 218 persent. Oor dieselfde tydperk het die stookwynprys wat die produsente ontvang het van R8.20 tot R31.30 per lêer teen 20 grade proefspiritus gestyg, 'n styging van 281 persent.

Die verskille in die twee pryse soos in tabel 21 aangegee het nie eintlik veel betekenis nie, aangesien die goeiewynpryse slegs die minimum is en nie die wat deur die handel en die K.W.V. aan die produsente uitbetaal is nie. Vir sommige jare, veral in 1964 toe daar

58/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

so 'n groot aanvraag vir goeiewyn was, sal die gemiddelde pryse heelwat hoër wees as die minimumpryse, maar die syfers is nie beskikbaar nie.

4. Die prys van wyn teenoor die prys van ander landbouprodukte

Die algemene prysindeks van landbouprodukte en prysindekse vir wyn word in tabel 22 aangegee. Pastorale produkte word nie by eersgenoemde indeks ingesluit nie, want wol se pryse het in die verlede by geleentheid buite verhouding met die pryse van ander landbouprodukte beweeg, en insluiting daarvan sou dus die algemene prysbeweging van landbouprodukte vertroebel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 22. Algemene prysindeks van landbouprodukte (uitgeslote pastorale produkte) en van wyn, 1924 tot 1964

Jaar	Algemene indeks	Stookwyn Prys betaal deur handel	Stookwyn Ontvang deur produsent	Minimum
		1947/1948 - 1949/1950 = 100		
1924/25	56	78	49	
1929/30	48	78	43	
1934/35	42	78	42	
1935/36	40	78	51	
1936/37	44	78	51	
1937/38	46	78	50	
1938/39	45	78	50	
1939/40	45	78	49	
1940/41	51	78	48	52
1941/42	52	87	54	54
1942/43	72	94	64	63
1943/44	80	94	66	64
1944/45	84	94	74	68
1945/46	89	94	91	69
1946/47	96	94	93	102
1947/48	96	94	93	102
1948/49	101	94	93	89
1949/50	103	110	112	109
1950/51	114	115	132	109
1951/52	128	115	115	113
1952/53	139	115	118	114
1953/54	141	115	118	114
1954/55	140	121	129	118
1955/56	140	121	106	118
1956/57	140	121	122	118
1957/58	145	121	133	118
1958/59	140	152	158	130
1959/60	142	152	160	130
1960/61	145	152	169	130
1961/62	143	158	152	153
1962/63	141	158	167	153
1963/64	147	158	179	153

In tabel 22 kan gesien word dat beide die algemene prysindeks van landbouprodukte en die indeks van stookwynprys deur boere ontvang redelik konstant gebly het van 1929/30 tot 1940/41. Daarna het die algemene prysindeks gestyg tot 139 in 1952/53, n peil wat sedertdien gehandhaaf is. Die indeks van stookwynprys deur boere ontvang het ook vanaf 1941 gestyg, maar teen n stadiger tempo tot

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1944/45 en weer van ongeveer 1949/50 tot 1957/58. Daarna het dit tot 1963/64 teen n relatief vinniger tempo as die algemene prysindeks gestyg.

Feitlik dieselfde gevolgtrekkings as in die geval van die stookwynprys ontvang geld vir die minimum goeiewynprys. Die prysindeks van goeiewyn het egter nie in dieselfde mate as die stookwynprys gestyg vanaf 1957 nie. Weereens moet daarop gewys word dat die syfers betrekking het op die minimumprys van goeiewyn en nie die gemiddelde prys nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK VI

FUNKSIES VAN DIE KOöPERATIEWE WYNKELDERS

Die doel van die koöperatiewe wynkelders is om die druiwe van die lede op die beste manier tot die kelder se beskikking te verwerk en op die voordeligste wyse van die hand te sit. Dit is die ideale van die boere wat die koöperatiewe wynkelder stig, en hulle sal sien dat die kelder tot die beste van hulle vermoë ingerig is en ook n bekwame bestuurder en wynmaker aanstel om hierdie ideale te probeer verwesenlik.

In meeste van die kelders se statute word voorsiening gemaak vir die verskaffing van boerderybenodigdhede, soos mis, masjinerie, voedingstowwe, wingerdstokke en ander benodigdhede aan boere. Die verskaffing van arbeid kan deur die kelders gereël word. Die dienste van persone om die lede te onderrig en van advies te voorsien aangaande wynboerdery kan ook deur die bestuur van die kelder gereël word.

Die koöperatiewe wynkelders stel sekere bepalings op vir die lewering van druiwe. Daar word byvoorbeeld bepaal dat druiwe wat die vorige dag gesny is, nie in n digte houer of in groot massa soos in n druiwebak gehou mag word nie. Indien die druiwe die vorige dag gesny is, moet dit in klein houers soos kissies of mandjies in die ope lug gehou word sodat die druiwe vars kan bly. By wynmakerye waar wyn van die hoogste gehalte gemaak word, word die druiwe nooit in massa hanteer nie, maar word dit tot by die druiwemeul in klein hoeveelhede hanteer. n Voorbeeld wat hier gebruik kan word, is die K.W.V. se

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

goeiewynkelder te Paarl. Hier word die druiwe nie slegs in klein hoeveelhede hanteer nie, maar word selfs afgekoel voor dit gemaal word. Hierdie metode van verwerking is baie duur en ook tydsaam en sal waarskynlik nie deur koöperatiewe wynkelders gebruik kan word nie.

Die verwerking van die druiwe deur die kelder begin met die ontvang daarvan soos deur die boer afgelewer in die vorm van vars druiwe. Eerstens word die druiwe tesame met die vragmotor of sleepwa geweeg, terselfdertyd word ook n monster van die druiwe geneem om die suikergehalte daarvan te bepaal. By meeste kelders is daar n reëling dat indien die boer nie tevrede met die toets van die suikergehalte van die monster is nie, hy vir n tweede monsterneming kan vra. Hy is dan verplig om die resultaat van die tweede monster te aanvaar, al is dit laer as die van die eerste bepaling. Volgens die suikerbepalings van die monsters word die boer dan vir sy druiwe uitbetaal.

Na die weeg en monsterbepaling word die druiwe van die vragmotor of sleepwa afgelaai soos later beskryf word, en daarna word die leë voertuig weer geweeg om die netto gewig van die druiwe te verkry.

By die meeste van die kelders word die druiwe in vragte afgelewer. Met massavragte word bedoel dat die druiwe bymekaar gegooi word in een vrag in die bak van n vragmotor of sleepwa wat voorsien is van n staalbak. Hierdie staalbakke wissel baie in vorm, wat afhang van die aflaaistelsel wat gebruik word. Die mees algemene stelsel van aflaai, wat waarskynlik ook die goedkoopste is, is waar die druiwe met behulp van vurke uit n lae staalbak deur arbeiders in die druiwemeul se bak gegooi word. Hierdie stelsel is redelik

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tydrowend en dit word algemeen deur pasgestigte kelders gebruik wat die koste ontsien om duur aflaai-installasies in hulle beginstadium op te rig. Die voordeel van hierdie stelsel is dat die arbeid wat daarvoor gebruik word saans vir skoonmaak-werksaamhede in die kelder gebruik kan word.

'n Ander stelsel van aflaai wat gebruik word, is die een waar 'n diep staalbak gebruik word wat op so 'n wyse op 'n vragmotor se bak gemonteer is dat dit as 'n kantelbak gebruik word. Die bak word dan by die kelder deur middel van 'n hyser aan die eenkant gelig sodat die druiwe in die bak van die druiwemeul val. Hierdie stelsel is baie gouer as die vorige metode, maar kan slegs ekonomies by groot kelders gebruik word waar groot massas druiwe op 'n dag hanteer moet word. Dit is nie slegs die hyserstelsel wat 'n duur installasie is nie, maar die druiwebakke is ook duur. Waar daar dus 'n aantal klein wingerdboere aan 'n kelder behoort, regverdig 'n duur druiwebak nie die gerief wat die boere deur vinnige aflaai verkry nie, want die boere moet die bakke self koop.

'n Moderner stelsel van aflaai is die waar die platvorm waarop die vragmotor voor die druiwemeul gaan staan tot 'n helling van ongeveer 30 grade gedraai word. Teen hierdie helling skuiwe die druiwe uit 'n spesiaal ontwerpte druiwebak in die bak van die druiwemeul. Hierdie stelsel van aflaai vereis die minste arbeid en is ook die vinnigste, maar die koste van oprigting is hoog en kan slegs ekonomies geregverdig word by groot kelders.

By die druiwemeul word die druiwe gemaal en daarvandaan in skeiers gepomp. Daar bestaan verskeie soorte skeiers, maar die doel van die skeiers is om soveel as moontlik van die druiwe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

se sap te laat afloop voordat die doppe na die doppetenks geneem word. Die mos wat van die skeiers af kom gaan dan na gistingstenke toe. Die doppe bly n paar uur in die skeiers, totdat die mos afgeloop het. In koöperatiewe wynkelders word die vervoer van die doppe na die doppetenks deur middel van staalwurms gedoen terwyl dit in die meeste ander kelders met die hand gedoen moet word aangesien kleiner kelders nie die duur wurms ekonomies kan regverdig nie. In die doppetenks gis die doppe dan want nie al die mos dreineer uit by die skeiers nie, en van die doppetenks word die uitgegiste doppe dan weer met behulp van wurms na n doppepers geneem waar die laaste sap uit die doppe gedruk word. Die sap, waarvan al die suiker nou in alkohol omgesit is deur die gistingsproses, word uitsluitlik geklassifiseer as stookwyn.

Dit is nie al die kelders wat die metode van doppegisting toepas nie. Die volgende metode word ook gebruik. Direk na die doppe uit die skeiers kom, word dit deur n vars-doppepers gepers, in plaas daarvan om dit eers in n doppetenk te laat uitgis. Deur hierdie metode te gebruik word daar kelderruimte bespaar en word daar n beter klas stookwyn verkry van die mos wat nie op die doppe gegis het nie. Van hierdie wyn kan selfs as goeiewyn gebruik word.

Die mos van die skeiers gaan na gistingstenke waar dit in meeste van die koöperatiewe wynkelders deur middel van kouegisting uitgis. Na gisting word die wyn of deur die handelaars weggeneem of die stookwyn wat die handel nie koop nie word deur die kelders weggery na die naaste K.W.V. depot om plek te maak vir ander wyn in die kelder. Die kelder mag ook van die wyn fortifiseer op aanvraag van die handel of die K.W.V., of die wyn stoor wat nog nie verkoop is nie met die doel om dit later

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te probeer verkoop, of goeiewyn as stookwyn aan die K.W.V. lewer indien die kelder dit nie verkoop kry nie.

Gewoonlik word druiwe slegs tot 6 uur saans ingeneem en dan duur die skoonmaak van die kelder tot elfuur en later die aand. Na die parstyd, wat kan duur van Februarie tot April, verby is, bestaan die werksaamhede in die kelder uit die oorpomp van wyne, toesig dat dit nie sleg word nie, en die algemene instandhouding van die kelder.

Die koöperatiewe wynkelder ontvang al die geld wat deur die handel of die K.W.V. vir wyn uitbetaal word en dit is dan die koöperatiewe wynkelder se plig om die boere uit te betaal. Die koöperatiewe wynkelders gaan ook lenings aan om die boere voorskotte te betaal op die druiwe wat hulle aan die kelder gelewer het. Hierdie uitbetalings word eers gemaak na die hele oes ingesamel is, en wel volgens die hoeveelheid druiwe teen 20 grade suiker wat die boer gelewer het. In die meeste gevalle word daar by die kelders nie onderskeid gemaak tussen die tipes van druiwe wat deur die boer gelewer is nie. Sommige van die koöperatiewe wynkelders begin nou om verskillende pryse vir die tipes van druiwe te betaal waarvan beter wyne gemaak kan word en wat gevolglik beter pryse op die mark behaal.

Namate agterskotte deur die K.W.V. aan die kelders uitbetaal word, word dit deur die kelder aan die boere uitbetaal volgens die hoeveelheid druiwe wat hulle vir daardie bepaalde oes, wat betrekking het op die agterskot, gelewer het. Agterskotte word nie alles in die jaar waarin die druiwe gelewer is uitbetaal nie, maar wel met die verloop van tyd soos die oes van daardie bepaalde jaar verkoop word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die wynbedryf het gedurende die afgelope dekade baie groot vooruitgang gemaak, wat hoofsaaklik te danke is aan tegnologiese ontwikkeling wat deur die koöperatiewe wynkelders gebruik is vir die verbetering van hulle wyne. Hier val veral klem op die ontwikkeling van koue gistings-metodes wat die kwaliteit van die wyne baie verbeter het. Dit is hier waar die koöperatiewe wynkelders n baie groot rol gespeel het, aangesien die koue gistings-apparate duur is en slegs ekonomies deur groot eenhede gebruik kan word.

By die maak van goeiewyn is die produsente genoodsaak om hulle eie vervaardigings apparate aan te skaf. Daar is egter baie hoë koste verbonde aan die daarstelling van geskikte kelders wat ingerig is met verkoelingseenhede, parsmasjinerie, pompe, stoortenke en ander keldertoerusting. Hierdie kostes is meestal buite die bereik van die gemiddelde wynboer, wat dit dus vir hom moeilik maak om dieselfde hoë gehalte goeiewyn te maak as die kelders wat ingerig is met die nodige toerusting.

Waar boere dus saamstaan, hul kapitaal mobiliseer en n koöperatiewe wynkelder stig, is hulle daartoe in staat om hierdie fasiliteite aan te koop en n hoë gehalte goeiewyn te maak. Dit is dus te verstaan dat wynhandelaars eers na die goedtoegeruste wynkelders sal gaan vir die aankoop van hulle wyn voordat hulle na ander kelders sal gaan. Die wynhandelaars verkies ook om groot hoeveelhede wyn by een kelder te koop, want die gehalte sal waarskynlik meer eenvormig wees en dit vergemaklik administratiewe werk en vervoer van die wyn.

n Goeie wynmaker gepaard met druiwe van goeie gehalte is n vereiste vir die sukses van n koöperatiewe wynkelder, maar n goeie wynmaker sonder goeie toerusting kan nie kers

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vashou by een wat wel daaroor beskik nie. Deur hoë salarisse te betaal en goeie wynmaakfasiliteite daar te stel, is die koöperatiewe wynkelders daartoe in staat om wynmakers en ander tegniese personeel aan te stel om met die toerusting tot hulle beskikking 'n hoë gehalte wyn te maak.

Kelders wat daartoe in staat is om die beste wyne te maak sal ook die hoogste pryse vir hulle produk behaal en maklik 'n afset vir hulle wyn kry. Dit vergemaklik die bemarkingsfunskie van die kelder deurdat die wyne van hierdie kelders 'n goeie kans staan om voor die oes al deur die handelaars opgekoop te word.

As gevolg van die hoë koste verbonde aan die maak van puik wyne, word klein boere nie aangemoedig tot die maak daarvan nie. Met die koöperatiewe wynkelders word private inisiatief aangemoedig om hoë kwaliteit druiwe te produseer, want hulle weet dat hulle produkte nou behoorlik verwerk kan word om 'n puik wyn te gee. Op hierdie wyse word die klein boer se belangstelling in die wynbou behou.

Die feit dat die drinkpatroon van die land so verskuif het van sterk drank na ligte tafelwyne, was ook 'n stimulus vir die produksie van meer goeiewyn. Die stigting van koöperatiewe wynkelders het tot 'n groot mate bygedra tot die produksie van meer goeiewyn. Die rol wat die koöperatiewe wynkelders in die voorsiening van goeiewyn speel is duidelik, aangesien meer as helfte van die wyn wat deur hulle aan die handel gelewer word, goeiewyn is. Die boere wat self pars het in 1964 40.1 persent van hulle produksie as goeiewyn gelewer. Indien daar nie koöperatiewe wynkelders was nie, sou daar waarskynlik nie aan bogenoemde vraag voldoen kon word nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die feit dat groot tegnologiese ontwikkeling in die maak van wyn plaasgevind het, waardeur daar dus n beter kwaliteit ligte wyn in groot hoeveelhede redelik goedkoop gemaak kon word, het ook op sy beurt bygedra tot die verskuiwing in die drinkpatroon van die land.

Die bestuurder van n koöperatiewe wynkelder is daartoe in staat om noukeurig boek te hou van die inname van druiwe gedurende parstyd, asook van die verwydering van wyn deur die wynhandelaars en boere gedurende die jaar. Hierdie taak wat die bestuurder van die kelder verrig neem n groot las van die boer se skouers af. Gedurende parstyd vereis n kelder baie arbeid waaroor n boer nie altyd beskik nie, en dit vereis ook baie tyd om toesig oor die kelder te hou. By die koöperatiewe wynkelders word die arbeid deur die bestuur van die kelder gehuur en staan onder volle beheer van die bestuurder. Hierdie arbeiders word gewoonlik van die Transkei verkry en daar is wetsverpligting om elke ses maande terug te keer na hulle tuiste toe. Aangesien hierdie arbeiders nie weer kan terugkeer nie, ondervind die bestuur van die kelders baie moeilikheid om elke jaar nuwe arbeiders op te lei vir die taak.

Deurdat hierdie take van die boer se skouers afgeneem is, laat dit hom meer tyd vir die versorging van die primêre produk, die druif self, voordat dit die kelder bereik. n Primêre produk van hoë gehalte is net so n hoë vereiste vir die maak van puik wyne soos n goeie wynmaker en goed toegeruste kelder is.

Die koöperatiewe wynkelders neem vandag n besondere plek in die wynbedryf in. Die tipe van organisasie verleen hom uitstekend tot die verwerking van die produk van die wynstok, want die stelsel maak dit onnodig dat elke produsent

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hoë koste moet aangaan vir die maak van goeiewyn. Kapitaal word meer produktief en ekonomies gebruik, en gevolglik word produksiekoste per eenheid laag gehou.

Koöperatiewe wynkelders kan wel vervang word met kapitaalkragtige onafhanklike organisasies wat die wyn sal maak, soos in baie oorsese lande voorkom, maar hierdeur sal die wynboer waarskynlik sy belang in die wynmaak verloor.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK VII

VERHOUDING VAN DIE KOÖPERATIEWE WYNKELDERS TOT DIE HANDEL

A. ALGEMEEN

Die wynhandelaar koop feitlik al sy wynvoorrade by die koöperatiewe wynkelders en die ander wynboere. Al hierdie verkope moet met die K.W.V. se medewete gebeur, en voordat enige wyn van n kelder se perseel verwyder mag word, moet die K.W.V. in kennis gestel word. Dit geskied deur die voltooiing van K.C.6 vorms, waarvan die handel, die K.W.V., die aksyns en die kelder self elk een afskrif kry. Monsters van alle wyn wat verkoop word moet ook aan die K.W.V. gestuur word vir sterkte-bepaling.

Die wynhandelaars gaan teen die einde van elke jaar na die koöperatiewe wynkelders en boere om beraamde hoeveelhede te gee van die wyn wat hulle die volgende jaar sal benodig. Verkoopskontrakte word eers gesluit na die oeste ingesamel is.

Met die aflewering van wyn het die koöperatiewe wynkelders beslis n baie groot voordeel bo die kleiner plaaskelders. Die hoofvoordeel is die meer ekonomiese hantering van wyn in groot hoeveelhede. Die koöperatiewe wynkelders is daartoe in staat om die nodige groot pompe te koop vir die vinnige laai van wyn in die vragmotors van die handelaars of die K.W.V. Dit bring n groot tydsbesparing mee vir al die partye betrokke. Hoe groter die hoeveelheid

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wyn is wat die handelaars of K.W.V. op n slag kan verwyder, hoe meer ekonomies is die vervoer. Groot hoeveelhede verhoed ook die moontlikheid van halwe vragte wat miskien vervoer moet word. Wynmakers verkies ook om groot hoeveelhede wyn van een kelder te koop, in plaas daarvan om klein hoeveelhede by verskillende plase te koop. Die koöperatiewe wynkelders is ook gewoonlik naby n goeie pad geleë wat vervoer baie vergemaklik, wat nie altyd van plaaskelders gesê kan word nie. Dit is ook vanselfsprekend dat die betaling deur die handelaars en die K.W.V. vir wyn wat in groot hoeveelhede gelewer word baie minder administratiewe werk vereis as in die geval van n paar kleiner kelders wat in totaal dieselfde hoeveelheid wyn sou gelewer het.

B. TYD VAN AFLEWERING EN BETALINGSVEREISTES

Daar is sekere wetsvereistes wat nagekom moet word aangaande die tye wat wyn verkoop word en die tye van betaling.

Die wynpryse wat deur die K.W.V. vasgestel word, is onderhewig aan goedkeuring deur die Minister van Landbouekonomie en -bemarking. Voordat die pryse finaal vasgestel word, word dit aan die wynhandelaars voorgelê waar hulle dan ook geregtig is om besware aan te teken wat in ag geneem word by die finale vasstelling van die wynpryse.

Die wynjaar strek van 1 Februarie tot 31 Januarie en die minimumpryse vir goeiewyn en stookwyn wat deur die K.W.V. vasgestel word, is geldig vir hierdie periode. Alle wyn wat eers in die nuwejaar verkoop word is onderhewig aan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die nuwe prys, al is dit die vorige jaar se wyn. Die wynjaar word verder weer in twee verdeel, en wel van 1 Februarie tot 31 Julie en van 1 Augustus tot 31 Januarie. Hierdie verdeling het betrekking op die betalingsprosedure van die wyn.

Tabel 23. Die betalingsregulasies by die verkoop van wyne wat voor 31 Julie verkoop is

Maand van aflewering	Betaalbaar voor	Rente per jaar
Februarie	15 April	8% na 15 April
Maart	15 Mei	8% na 15 Mei
April	15 Junie	8% na 15 Junie
Mei	15 Julie	8% na 15 Julie
Junie	15 Augustus	8% na 15 Augustus
Julie	31 Augustus	8% na 31 Augustus
Augustus	31 Augustus	8% na 31 Augustus
September	31 Augustus	8% na 31 Augustus
Oktober	31 Augustus	8% na 31 Augustus
November	31 Augustus	8% na 31 Augustus
Desember	31 Augustus	8% na 31 Augustus
Januarie	31 Augustus	8% na 31 Augustus

Soos van tabel 23 gesien kan word moet alle wyne wat voor 31 Julie verkoop, dit wil sê afgelewer is, voor 31 Augustus betaal word, al word dit eers daarna afgelewer. Vir die maande Februarie tot Junie moet betaling geskied teen die vyftiende van die maand wat volg op die maand na die maand van aflewering. Indien die wyn in Julie afgelewer word, moet betaling geskied voor die end van Augustus. Alle laat aflewerings is onderhewig aan 8 persent rente per jaar, bereken op n daaglikse basis.

Indien die wyn verkoop word tussen 1 Augustus en 31 Januarie, moet die koopsom betaal wees voor die einde van die maand wat volg op die maand van verkoping. Indien die betaling later as die gespesifiseerde tyd geskied, is dit ook onderhewig aan 8 persent rente per jaar. Betaling

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gedurende hierdie tyd van die jaar is nie onderhewig aan die tyd van aflewering nie, maar word bepaal deur die tyd van die sluiting van die verkoopskontrak. Die laaste datum van betaling van hierdie periode is 31 Januarie en indien dit later betaal word, moet daar 10 persent rente per jaar betaal word.

C. TOESLAE WAT DEUR DIE HANDELAARS BETAAL MOET WORD

Toeslae moet deur die handelaars betaal word op alle wyne wat gedurende die maande van Julie tot Januarie gekoop word. Die toeslag moet betaal word van die maand af waarin die kontrak gesluit is totdat die wyn uit die kelder verwyder word. Die bedrae wat betaalbaar is, word in tabel 24 aangegee.

Tabel 24. Maandelikse toeslag deur handelaars betaalbaar op wyn gekoop van 1 Julie tot 31 Januarie

Maand van verkoping	Bedrag betaalbaar
	R per bruto lêer
Julie	0.10
Augustus	0.20
September	0.30
Oktober	0.50
November	0.70
Desember	1.00
Januarie	1.40

In die geval van versterkte wyn waar die koper se eie spiritus gebruik word, word toeslae slegs op die hoeveelheid wyn voor versterking betaal. Waar versterkte wyn verkoop word en die verkoper, dit wil sê die koöperatiewe wynkelder of boer, se eie spiritus gebruik is vir versterking, moet toeslae betaal word op die bruto hoeveelheid wyn.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Moer word uitgesluit in die berekening van toeslae, aangesien moer n vaste stof is en dus nie n deel van die wyn uitmaak nie.

D. OPBERGINGSGELDE

Opbergingsgelde is slegs betaalbaar vir die maande Desember en Januarie, maar met uitsluiting van die maand waarin die verkoopskontrak gesluit is. Dit wil sê dat indien die kontrak in Desember gesluit is, word opbergingsgelde slegs vir Januarie betaal. Die bedrag wat betaal word, word bereken teen 20 persent per massa lêer per maand vir die tyd wat die wyn opgeberg word. Dus indien die verkoopskontrak voor 31 November gesluit is, moet n bedrag van 40 sent per massa lêer vir die twee maande betaal word.

Indien die wyn versterk is en dit bevat die koöperatiewe wynkelder se eie spiritus, moet opbergingsgelde vir die totale hoeveelheid betaal word. Waar die versterkte wyn die handelaar se eie spiritus bevat, word slegs opbergingsgelde vir die hoeveelheid wyn voor versterking betaal. Die inkrimping van wyn kom nie in berekening nie, aangesien dit gering is.

Daar word nie stoorkoste gevra vir moer wat nog in die wyn aanwesig is nie.

E. NOTARIëLE AFLEWERING VAN WYN

Dit is die geval waar die wyn betaal word voor 31 Januarie, maar dit nie van die koöperatiewe wynkelder of boer se perseel verwyder word nie. In hierdie geval betaal die koper die gewone opbergingsgelde vir Desember

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en Januarie, afhangende van wanneer die verkoopskonstrak gesluit is, maar na 31 Januarie word geen verdere opbergingsgelde betaal nie. Die koper kan hierna enige tyd die wyn verwyder, al is dit n jaar of later daarna.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK VIII

DIE ONTWIKKELING VAN DIE KOöPERATIEWE WYNKELDERS

A. TOENAME IN DIE GETAL KOöPERATIEWE WYNKELDERS

Waar die koöperatiewe wynkelders voor die stigting van die K.W.V. in 1918, geen beduidende invloed op die wynbedryf kon uitoefen as gevolg van die klein persentasie van die wynoes wat hulle toe hanteer het nie, het dit ontwikkel tot n groot krag in die wynbedryf in 1965, toe die koöperatiewe wynkelders 64 persent van die wynoes verwerk het.

Nadat die eerste 9 koöperatiewe wynkelders tussen 1906 en 1909 gestig is, waarvan 4 bankrot is, is die volgende koöperatiewe wynkelder in 1922 gestig. Dit was die Villiersdorp Moskonfyt en Vrugte Koöperasie Beperk. Die volgende een is die Ladismith Koöperatiewe Wynmakery en Stokery Beperk, wat in 1939 gestig is. Sedertdien is n groot aantal koöperatiewe wynkelders gestig en die getal in 1965 staan op 59.

n Volledige lys van die huidige kelders, met hulle stigtingsjare, eerste jaar van produksie en die huidige ledetal word in tabel 25 gegee.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 25. Volledige lys van koöperatiewe wynkelders gerangskik volgens ouderdom, hulle stigtingsjare en ledetalle in 1965

Naam van kelder	Stigtings-jaar	Jaar van eerste produksie	Ledetal in 1965
(a) Oorspronklike wynkoöperasies			
1. Drostdy Koöp. Wynkelder Bpk.	1906	1907	83
2. Drakenstein Co-op. Winery Ltd.	1906	1907	24
3. Helderberg Co-op. Winery Ltd.	1906	1908	41
4. Wellington Wynboere Koöp. Wynmakery Bpk.	1906	1907	43
5. Bovlei Koöp. Wynmakery Bpk.	1908	1909	52
6. Villiersdorp Moskonfyt en Vrugte Koöp. Bpk.	1922	1922	113
(b) Groep gedurende oorlogsjare gestig (1939-1944)			
7. Ladismith Koöp. Wynmakery en Stokery Bpk.	1939	1940	205
8. Barrydale Koöp. Wynmakery en Stokery Bpk.	1940	1941	90
9. Perelse Wynkelders Koöp. Landboumaatskappy Bpk.	1940	1941	39
10. Robertson Koöp. Wynmakery Bpk.	1940	1941	40
11. Koelenhof Koöp. Maatskappy "	1941	1942	13
12 Montagu Muskadel Boere Koöp."	1941	1942	80
13. Porterville Koöp. Keldermaatskappy Bpk.	1941	1942	64
14. Wamakersvlei Koöp. Wynmakery Bpk.	1941	1942	53
15. Welmoed Koöp. Wynkelders Bpk.	1941	1942	19
16. Perdeberg Wynboere Koöp.My."	1942	1943	41
17. Soetwynboere Koöp. Bpk.	1942	1943	60
18. Van Riebeeck Wynboere Koöp."	1942	1943	67
19. Windmeul Koöp. Wynkelders Bpk.	1944	1945	53
(c) Groep gestig net na die oorlog (1945-1950)			
20. Franschhoek Wynkelder Koöp. My. Bpk.	1945	1947	101
21. Simonsvlei Koöp. Wynkelders Bpk.	1945	1948	62
22. Vlottenbergse Koöp. Wynkelders Bpk.	1945	1946	31
23. Bolandse Koöp. Wynkelders Bpk.	1946	1948	32
24. Bottelary Koöp. Wynmakery "	1946	1947	18
25. De Wet Koöp. Wynkelder Bpk.	1947	1948	57
26. Olifantsrivierse Koöp. Wynkelders Bpk.	1947	1948	172
27. Bergrivierse Wynkoöp. Bpk.	1948	1949	35
28. Goudini Koöp. Wynkelder Bpk.	1948	1949	30
29. Swartland Koöp. Wynmaatskappy Bpk.	1948	1950	65
30. Bothashalte Koöp. Wynkelder Bpk.	1949	1950	39

78/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

31. McGregor Koöp. Wynmakery Bpk.	1949	1950	30
32. Romansrivier Koöp. Wynkelder Bpk.	1949	1950	46
33. Vaboomsrivier Koöp. Wynkelder Bpk.	1949	1950	37
34. Mamreweg Wynkelders Koöp.Bpk.	1950	1951	28

(d) Groep gestig van 1951 tot 1955

35. Badsberg Koöp. Wynkelder Bpk.	1951	1952	31
36. Slanghoek Koöp. Wynkelder Bpk.	1951	1952	40
37. Eersterivierse Valleise Koöp Wynkelder Bpk.	1953	1955	15
38. Langverwacht Koöp. Wynmakery Bpk.	1953	1954	29
39. Nordale Koöp. Wynmakery Bpk.	1953	1954	27
40. Roodezant Koöp. Wynmakery "	1953	1954	28
41. Aan-de-Doorns Koöp. Wynmakery Bpk.	1955	1956	36
42. Brandvlei Koöp. Wynmakery Bpk.	1955	1956	72

(e) Groep gestig van 1956 tot 1960

43. Citrusdal Koöp. Wynkelders Bpk.	1956	1958	96
44. Klawer Koöp. Wynkelders Bpk.	1956	1957	65
45. Louwshoek-Voorsorg Koöp. Wynkelder Bpk.	1956	1957	31
46. Merwespont Koöp. Wynmakery Bpk.	1956	1957	40

(f) Groep gestig van 1961 tot 1965

47. Groot-Eiland Koöp. Wynkelder Bpk.	1961	1962	15
48. Ashton Koöp. Wynkelder Bpk.	1962	1963	57
49. Du Toitskloof Koöp. Wynkelder Bpk.	1962	1963	10
50. Clairvaux Koöp. Wynkelder Bpk.	1963	1964	11
51. Lutzville Koöp. Wynkelder "	1963	1964	54
52. Merwida Koöp. Wynkelder Bpk.	1963	1963	10
53. Bonnievale Koöp. Wynkelder "	1964	1965	
54. Muy Koöp. Wynkelder Bpk.	1964	1965	
55. Overhex Koöp. Wynkelder Bpk.	1964	1965	
56. Rooibergse Koöp. Wynmakery Bpk.	1964	1965	
57. Stettyn Wynkelder Koöp. Bpk.	1964	1965	
58. Agterkliphoogte Wynkelder Koöp. Bpk.	1965	1966	
59. Nuwehoop Wynkelder Koöp. Bpk.	1965	1966	

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die heel eerste koöperatiewe wynkelder was die Drostdy Koöperatiewe Wynkelder wat in 1906 by Tulbagh gestig is. Alhoewel dit die tweede koöperatiewe organisasie is wat in Suid-Afrika gestig is, is dit die eerste een wat in werking getree het. Die eerste koöperatiewe organisasie wat gestig is, is die Rustenburgse Tabakkoöperasie. Hierna tot in 1909 is die ander 4 ou koöperatiewe wynkelders gestig wat vandag in werking is. Een van hierdie vyf ou kelders het in die laat twintiger jare bankrot gespeel, maar in 1934 is daar weer aandele uitgegee en die koöperatiewe wynkelder is herregistreer en bestaan vandag nog.

Na die stigting van hierdie vyf koöperatiewe wynkelders is die volgende, die Villiersdorp Koskonfyt en Vrugte Koöp. Bpk., soos reeds genoem eers in 1922 gestig. Die volgende kelder hierna was die Ladismith Koöp. Wynmakery en Stokery Bpk., wat in 1939 gestig is.

Die mislukking van vier van die oorspronklike nege koöperatiewe wynkelders kon nie n aanmoediging vir die verdere stigting van koöperatiewe wynkelders gewees het nie. Dit kan miskien een van die redes wees waarom daar in die volgende 30 jaar slegs een koöperatiewe wynkelder gestig is. Na die finansiële mislukking van die koöperatiewe wynkelders was die finansiële instellings heelwaarskynlik nie gretig om kapitaal te voorsien nie. Met die lae wynpryse van daardie tyd was die boere waarskynlik ook skrikkerig om groot finansiële verpligtinge aan te gaan met die bou van koöperatiewe wynkelders. Die depressie van 1930 tot 1933 het die wynpryse nog verder laat daal, wat die boere heelwaarskynlik verder ontmoedig het. Gedurende hierdie tydperk van 1910

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tot 1938 was daar nie 'n skielike groot vermeerdering in die produksie binne 'n paar jaar soos die geval was na 1940 nie, gevolglik het daar nie 'n skielike groot tekort aan parsfasiliteite ontstaan nie, en die boere kon die vermeerdering in produksie met hulle eie parsfasiliteite hanteer.

Soos van die lys van kelders gesien kan word, het die getal koöperatiewe wynkelders van 1939 af baie vinnig toegeneem. Gedurende die oorlogsjare van 1939 tot 1944 is daar 13 nuwe koöperatiewe wynkelders gestig, en net na die oorlog tot 1950 is daar nog 15 gestig, wat die totaal vir die 11 jaar op 28 te staan bring.

As rede vir hierdie groot toename in die getal koöperatiewe wynkelders kan die groot toename in druiweproduksie van 1938 tot 1948 gegee word. Gedurende hierdie tydperk het die produksie van druiwe vir die maak van alkoholiese produkte gestyg van 244,345 tot 404,670 tonne/lêers, 'n toename van 65.6 persent. Die moontlikheid van 'n beperking op die produksie van druiwe wat moontlik na 1940 ingestel sou word, het veroorsaak dat boere vanaf 1938 groot aanplantings gemaak het. Die rede hiervoor was om 'n groot kwota te verkry indien hulle beperk sou word tot hulle produksie van die jaar waarin die kwotas vasgestel sou word. Toe die wingerdstokke in 1940 begin produseer het, moes daar parsfasiliteite geskep word om die toename in produksie te hanteer. As gevolg van die onsekerheid van die toekoms wat gedurende die oorlogsjare ontstaan het, en die gevolglike skaarste aan kapitaal, was die goedkoopste en waarskynlik ook die veiligste manier vir die boere om die nodige parsfasiliteite te skep om saam te staan en koöperatiewe wynkelders te bou. Deur saam te staan kon die boere makliker

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kapitaal kry vir die bou van koöperatiewe wynkelders en dit het ook verhoed dat groot finansiële verpligtings deur hulle self gedra moes word, wat wel die geval sou wees indien hulle self kelders moes bou.

Gedurende die volgende dekade van 1951 tot 1960 het die getal koöperatiewe wynkelders met slegs 12 toegeneem in vergelyking met die toename van 28 gedurende die vorige 11 jaar. Hierdie stadiger tempo waarteen koöperatiewe wynkelders in die dekade van 1951 tot 1960 gestig is, kan waarskynlik toegeskrywe word aan die stadiger tempo van toename in die produksie van druiwe. Van 1948 tot 1958 het die produksie van druiwe wat gebruik is vir die maak van alkoholiese produkte toegeneem van 404,670 tot 495,525 tonne/lêers, 'n toename van 90,855 tonne/lêers in vergelyking met 'n toename van 160,325 tonne/lêers vir die vorige dekade van 1938 tot 1948.

Hier skyn dit asof die toename in die getal koöperatiewe wynkelders in verband staan met die toename in die druiweproduksie, want in die tydperk van 1938 tot 1948 toe die druiweproduksie met 65.6 persent toegeneem het, het die getal koöperatiewe wynkelders met 28 toegeneem; terwyl van 1948 tot 1958 toe die druiweproduksie met 22.5 persent toegeneem het, het die getal koöperatiewe wynkelders met slegs 12 toegeneem.

Die groot toename in die getal koöperatiewe wynkelders van 1961 tot 1965, toe daar 14 gestig is, waarvan 11 in 1965 druiwe gepars het, het ook gepaard gegaan met 'n groot toename in die druiweproduksie. Die produksie van druiwe vir die vervaardiging van alkoholiese produkte het van 1958

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tot 1965 toegeneem van 495,525 tot 702,103 tonne/lêers, n toename van 206,578 tonne/lêers of 41.7 persent.

Hierdie groot toename in die produksie van druiwe het weereens veroorsaak dat die boere se kelders te klein geraak het vir die hantering daarvan, wat veroorsaak het dat die boere nuwe parsfasiliteite moes skep. Meeste van die boere se kelderfasiliteite was ook te verouderd om n hoër persentasie van hulle druiwe in goeiewyn om te skep, soos die vraag bepaal het na die verandering van die drinkpatroon plaasgevind het. Die boere wou so veel as moontlik voordeel trek uit die verhoogde pryse wat vir goeiewyn betaal is, maar kon dit nie benut met hulle verouderde kelders nie. As gevolg van die sukses van koöperatiewe wynkelders wat voorheen gestig is en as gevolg van die laer finansiële verpligtinge wat n boer moet aangaan om dieselfde pars-fasiliteite by n koöperatiewe wynkelder te verkry as wat die geval sou wees wanneer hy dit self verskaf, het die koöperatiewe weg die voordeligste gelyk. Op hierdie manier kon enige wynboer die voordele van n goed toegeruste wyn-kelder benut deur by n koöperatiewe wynkelder aan te sluit.

B. <u>OMSET VAN DIE KOöPERATIEWE WYNKELDERS</u>

Die hoeveelheid druiwe wat deur die koöperatiewe wynkelders verwerk is, word in tabel 26 gegee.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 26. Druiwe deur die koöperatiewe wynkelders verwerk vir die maak van alkoholiese produkte, 1935 tot 1965

Jaar	Totale produksie gebruik vir die maak van alkoholiese produkte	Hoeveelheid deur koöperatiewe wynkelders verwerk	Persentasie deur koöperatiewe wynkelders verwerk
	tonne/lêers	tonne/lêers	
1935	196,000	10,000	5.2
1941	327,750	45,675	13.9
1942	358,373	58,741	16.4
1943	361,988	48,999	13.5
1944	424,948	64,553	15.2
1945	388,207	60,101	15.5
1946	408,142	65,085	15.9
1947	355,313	73,970	20.1
1948	404,670	93,768	23.2
1949	391,694	104,330	27.6
1950	390,008	120,035	30.8
1951	425,420	143,487	33.7
1952	331,107	122,865	37.1
1953	438,940	162,531	37.0
1954	441,392	176,862	40.0
1955	498,211	194,030	38.9
1956	561,851	240,789	42.9
1957	493,959	222,699	45.0
1958	495,525	231,744	46.8
1959	495,464	233,677	47.2
1960	551,186	271,545	49.3
1961	497,405	249,071	50.1
1962	564,215	292,689	51.9
1963	556,887	313,920	56.4
1964	591,196	345,618	58.5
1965	702,103	449,649	63.6

Van tabel 26 kan gesien word watter belangrike rol die koöperatiewe wynkelders vandag in die wynbedryf speel. Waar hulle in 1935 10,000 tonne/lêers druiwe of 5.2 persent van die totale oes wat vir die maak van alkoholiese produkte gebruik is verwerk het, het dit in 1965 opgeskuif na 449,649 tonne/lêers of 63.6 persent van die druiweoes wat vir die maak van alkoholiese produkte gebruik is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 27. Getal koöperatiewe wynkelders in produksie en hulle gemiddelde produksie per jaar, 1935 tot 1965

Jaar	Getal	Gemiddelde produksie
		tonne/lêers
1935	6	1,665
1941	8	5,709
1942	15	3,916
1943	18	2,722
1944	18	3,586
1945	19	3,163
1946	20	3,254
1947	22	3,362
1948	26	3,606
1949	28	3,726
1950	33	3,637
1951	34	4,221
1952	36	3,413
1953	36	4,515
1954	39	4,535
1955	40	4,851
1956	42	5,733
1957	45	4,949
1958	46	5,038
1959	46	5,080
1960	46	5,903
1961	46	5,415
1962	47	6,228
1963	50	6,278
1964	52	6,647
1965	57	7,889

Van tabel 27 kan gesien word dat die gemiddelde omset van die koöperatiewe wynkelders gestyg het van 2,722 tonne/lêers in 1943 tot 7,889 tonne/lêers in 1965.

C. ONTWIKKELING VAN DIE KOÖPERATIEWE WYNKELDERS IN DIE VERSKILLENDE DISTRIKTE

Dit is van belang om te sien hoe die koöperatiewe stelsel van druiweverwerking in die verskillende distrikte ontwikkel het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 28. Tonne/lêers druiwe deur die koöperatiewe wynkelders verwerk per distrik, 1941 tot 1965

Jaar	Druiwe verwerk per distrik								
	Caledon	Kaap	Ceres en Tulbagh	Malmesbury	Montagu	Paarl	Robertson	Stellenbosch	Worcester
	tonne/lêers								
1941	658	3,261	4,596	360	1,329	16,458	3,248	7,904	7,862
1942	1,178	2,007	6,178	3,431	3,343	18,934	5,305	7,771	10,600
1943	1,486	188	6,559	4,866	4,470	16,603	6,115	7,711	1,001
1944	1,334	189	8,611	6,769	5,239	23,935	6,759	10,556	1,161
1945	1,032	356	7,741	7,902	4,193	22,081	7,270	8,549	986
1946	1,341	734	8,305	9,132	5,817	18,494	8,537	10,341	2,384
1947	841	979	7,489	9,353	3,972	26,564	6,123	12,759	5,890
1948	1,228	1,220	8,905	10,021	7,421	33,510	8,094	14,189	9,178
1949	1,660	628	8,456	11,840	9,305	37,041	8,931	13,345	13,124
1950	1,806	508	12,012	13,906	7,996	36,115	11,986	14,491	21,215
1951	1,868	320	13,275	18,364	10,258	41,806	18,098	16,865	22,633
1952	1,388	217	10,681	18,651	7,762	36,138	12,390	13,478	22,160
1953	2,378	292	12,397	22,505	11,408	43,084	17,422	20,052	32,993
1954	3,333	285	12,521	25,420	12,298	54,749	20,684	21,206	35,402
1955	3,419	325	14,073	28,190	12,033	46,617	21,674	23,671	43,938
1956	4,255	422	15,502	38,678	12,509	57,269	28,611	28,890	54,653
1957	4,320	359	11,344	35,609	11,924	44,427	29,951	29,741	55,115
1958	4,301	85	14,607	42,152	13,489	43,411	34,105	24,314	55,280
1959	5,100	470	15,761	36,431	11,498	44,402	32,206	23,000	64,809
1960	5,421	649	16,977	46,965	14,464	48,065	37,406	29,317	72,281
1961	5,201	845	15,670	43,494	11,244	48,323	32,015	22,900	69,378
1962	6,257	959	17,571	48,418	13,453	53,755	38,320	25,439	88,517
1963	6,202	1,204	15,919	55,253	18,497	49,574	43,117	31,338	92,780
1964	5,934	1,619	18,505	60,896	18,514	61,772	44,743	37,027	96,608
1965	7,420	1,544	23,080	77,520	24,194	73,657	68,154	39,428	134,652

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van tabel 28 kan gesien word dat waar die koöperatiewe stelsel van druiweverwerking in Paarl-distrik aanvanklik die vinnigste ontwikkel het, het Worcester-distrik sedert 1957 meer druiwe op hierdie stelsel verwerk en in 1965 feitlik dubbel die hoeveelheid verwerk wat in Paarl verwerk is. In 1965 het Malmesbury-distrik ook meer druiwe volgens die koöperatiewe stelsel as Paarl verwerk. Malmesbury-distrik strek oor n baie groot gebied, want dit sluit die hele noordwestelike wynproduserende gebiede tot by die Olifantsrivier in.

Die gebied van Wes-Kaapland waar die koöperatiewe wynkelders gevind word, kan in streke met nagenoeg homogene klimaatsomstandighede ingedeel word en waar gevolglik dieselfde tipes van druiwe geplant word waarvan weer dieselfde tipes van wyn gemaak word. Die gebied kan in vyf sulke streke verdeel word, maar as gevolg van die K.W.V. se indeling van die wynboudistrikte kan daar slegs vier sulke streke afgebaken word. Die streke word in kaart 1 aangedui.

Streek A

Dit is die gebied wat deur die kusbergreeks om die Kaap ingesluit word en omsluit die distrikte van Kaapstad, Somerset Wes, Stellenbosch, Franschhoek, Paarl en Wellington. Hierdie streek word algemeen as n goeiewynstreek aanvaar.

Streek B

Dit is die streek ten noorde van streek A en sluit die noordwestelike gebiede in wat so vêr noord as die Olifantsrivier-besproeiingsgebied strek. Dit sluit die wynboudistrikte van Malmesbury, Tulbagh, Wolseley, Ceres,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kaart 1. Wynboudistrikte van die westelike Kaapprovinsie ingedeel in streke volgens die K.W.V. se groepering van distrikte



<u>Distrik</u>

1. Vanrhynsdorp
2. Vredendal
3. Clanwilliam
4. Piketberg
5. Vredenburg
6. Hopefield
7. Malmesbury
8. Tulbagh
9. Ceres
10. Wellington
11. Paarl
12. Kaap, Wynberg en Bellville
13. Stellenbosch
14. Somerset Wes
15. Worcester
16. Caledon
17. Robertson
18. Montagu
19. Barrydale
20. Ladismith
21. Calitzdorp

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Porterville, Citrusdal, Klawer, Vredendal en Lutzville in. Die suidelike deel van hierdie streek word ook as n goeiewynstreek aanvaar terwyl die noordelike deel hoofsaaklik as n stookwyngebied aanvaar word.

Dit is in hierdie streek waar die K.W.V. se indeling van wynboudistrikte dit bemoeilik om die gebied in twee homogene streke te onderverdeel.

Streek C

Dit is die streek wat agter die kusbergreeks geleë is en strek weswaarts tot waar die Klein Karoo begin. Dit sluit die wynboudistrikte van Worcester, Rawsonville, Villiersdorp en Caledon in. Hierdie streek is vroeër as oorwegend n stookwynstreek beskou, maar in die afgelope paar jaar het die goeiewynproduksie van hierdie streek baie gestyg.

Streek D

Hierdie streek sluit die Klein Karoo in, waarin die wynboudistrikte van Robertson, Montagu, Barrydale en Ladismith val. Hierdie streek word algemeen as n stookwynproduserende gebied beskou.

Van die oorspronklike groep koöperatiewe wynkelders is vier in streek A geleë en een in die goeiewynstreek van streek B terwyl die ander koöperatiewe wynkelder wat onder die oorspronklike groep ressorteer is in streek C geleë. Die wynboudistrik van Villiersdorp, waarin die laasgenoemde koöperatiewe wynkelder geleë is, kan ook as n goeiewynarea beskou word as gevolg van die gematigde klimaat wat die genoemde wynboudistrik het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die groep wat van 1939 tot 1944 gestig is, is ses in streek A gestig en twee in die goeiewynstreek van streek B. Die ander vyf kelders in hierdie groep is in streek D gestig. Wat opvallend is, is dat daar in hierdie groep geen koöperatiewe wynkelder is wat in streek C val nie, maar wel vyf in die Klein Karoo-gebied van streek D.

Van die groep wat in die jare na die Tweede Wêreldoorlog gestig is, is daar ses wat in streek A geleë is en twee in die goeiewyngebied van streek B. Dan is daar ook een in die stookwyngebied van streek B gestig, vyf in streek C en een in streek D.

Van die groep wat van 1951 tot 1955 gestig is, val daar een koöperatiewe wynkelder in streek A, vier in streek C en drie in streek D.

Van die groep gestig van 1956 tot 1960 val twee van die koöperatiewe wynkelders in die stookwyngebied van streek B, een in streek C en een in streek D.

Van die koöperatiewe wynkelders wat van 1961 tot 1965 gestig is, is daar een wat in die stookwyngebied van streek B geleë is, terwyl vyf in streek C en vyf in streek D geleë is.

Dit is opvallend dat van die 34 koöperatiewe wynkelders wat voor 1950 gestig is, 16 in streek A geleë is en vyf in die goeiewynstreek van streek B. Na 1950 is daar nog slegs een koöperatiewe wynkelder in streek A gestig, en dit is die een wat kort daarna in 1953 gestig is. Die koöperatiewe wynkelders van streek A en die goeiewynstreek van streek B is dus almal lang gevestigde ondernemings.

Dit is ook opvallend dat daar eers n paar koöperatiewe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wynkelders in die oorwegend stookwyngebied van streek D gestig is voordat daar in streek C kelders gestig is.

Dit wil voorkom asof die koöperatiewe wynkelders in die goeiewyngebiede nie gestig is omdat daar skielik n groot aanvraag na goeiewyn ontstaan het nie, wat wel miskien in die geval van streek C gesê kan word. Na die Tweede Wêreldoorlog het daar skielik n groot vraag na goeiewyn ontstaan en toe is daar vyf koöperatiewe wynkelders in streek C gestig. Van 1951 tot 1960 is daar nog vyf koöperatiewe wynkelders in streek C gestig, en na die vraag na goeiewyn in 1959 weer vinnig gestyg het, is daar nog vyf koöperatiewe wynkelders binne vyf jaar gestig.

Tabel 29. Persentasies van die totale druiweoes per streek wat koöperatief verwerk is, 1941 tot 1965

Jaar	Streek			
	A	B	C	D
1941	20.0	17.2	9.7	4.9
1942	21.9	32.3	11.4	7.6
1943	19.1	35.4	2.3	8.9
1944	20.6	37.4	2.1	9.6
1945	21.4	38.2	1.9	9.6
1946	22.2	44.6	3.5	10.7
1947	29.0	44.6	6.7	9.3
1948	32.2	40.1	7.9	11.5
1949	34.2	43.2	12.1	13.5
1950	34.1	54.8	18.4	14.5
1951	37.6	60.3	17.9	18.1
1952	37.8	58.7	24.1	18.8
1953	39.9	68.7	35.3	21.9
1954	43.9	70.0	39.9	24.0
1955	43.6	70.8	36.7	22.7
1956	44.2	70.5	44.6	26.2
1957	43.6	74.4	50.3	29.5
1958	44.3	78.8	51.4	30.9
1959	45.2	79.2	55.9	28.4
1960	45.9	80.1	59.3	30.5
1961	47.8	82.4	57.8	29.8
1962	48.5	82.4	63.2	30.6
1963	50.1	82.0	68.3	38.5
1964	50.7	81.8	69.8	42.5
1965	53.1	84.5	76.3	50.5

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van tabel 29 kan gesien word hoe die koöperatiewe wynkelders in elke streek gegroei het ten opsigte van die persentasie van die druiweoes deur hulle verwerk. Waar dit tot in 1941 streek A was wat die grootste persentasie druiwe deur middel van koöperatiewe wynkelders verwerk het, het streek B daarna die voortou geneem en is 84.5 persent van die oes in 1965 koöperatief verwerk.

Streek C was eers traag met die stigting van koöperatiewe wynkelders, maar die boere het sedert 1945 al hoe meer koöperasiebewus geraak en het in 1965 76.3 persent van die oes koöperatief verwerk.

Die persentasie van die oes wat deur koöperatiewe wynkelders in streek D verwerk is, het ook geleidelik toegeneem tot in 1962, toe dit op 30.6 persent te staan gekom het. Sedertdien tot in 1965 het dit gestyg tot 50.5 persent.

D. FINANSIëLE GROEI VAN DIE KOöPERATIEWE WYNKELDERS

Ooreenkomstig die toename in getalle en omset het die finansiële behoeftes van die koöperatiewe kelders toegeneem. Die totale bates het gestyg van R116,660 in 1924 tot R15,140,340 in 1964. Die kapitaalbehoeftes en metode van finansiering van die wynkoöperasies word in die volgende hoofstuk in besonderhede bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK IX

DIE FINANSIERING VAN DIE KOÖPERATIEWE WYNKELDERS

"Finansiering is die proses waardeur die onderneming die beskikkingsmag verkry om in sy finansiële behoeftes te voorsien."[1]

'n Groot probleem by die oprigting van 'n kelder is die verkryging van kapitaal. Waar boere saamstaan en 'n koöperatiewe organisasie stig, is die kapitaal makliker verkrygbaar van finansiële instellings as gevolg van die groter sekuriteit wat so 'n organisasie bied. By die oprigting en uitbreiding van koöperatiewe wynkelders word van die boere se eie kapitaal sowel as van leningsgeld gebruik gemaak wat deur verskeie finansiële instellings voorsien word, waarvan die landbank die vernaamste is. Dit is egter nie net vir die oprigting van koöperatiewe wynkelders waarvoor daar lenings aangegaan word nie, maar ook vir medium- en korttermynfinansiering.

Saamgestelde balansstate[2] van die koöperatiewe wynkelders vir 1924 asook vir elke vyfde jaar vir die periode van 1939 tot 1964 word in tabelle 30 tot 36 gegee.

92/.....

(1) F.J.J. Coetzee. Landboukoöperasie in Suid-Afrika met besondere verwysing na finansiering. p.77.

(2) Alle inligting in hierdie hoofstuk, tensy anders vermeld, is saamgestel uit die balansstate van die koöperatiewe wynkelders.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

A. KAPITAALBEHOEFTES VAN DIE KOÖPERATIEWE WYNKELDERS

Vir die koöperatiewe wynkelder om te fungeer is kapitaal nodig om geboue, grond, masjinerie en ander uitrusting aan te skaf en ook om produksiekoste en ander lopende kostes te finansier. Vir die finansiering hiervan word gebruik gemaak van langtermynkapitaal, intermediêre kapitaal en korttermynkapitaal.

1. Langtermynkapitaal

Die langtermynkapitaal word gebruik vir die aankoop van grond waarop die koöperatiewe wynkelder gebou gaan word en vir die oprigting van die geboue. Waar daar later uitbreidings aan die kelder gemaak word, sal daar ook van langtermynkapitaal gebruik gemaak word, tensy die kelder dit self kan finansier. Die langtermynkapitaal word gewoonlik geleen vir n periode van 10 jaar, maar uitsonderings word aangetref waar die lening vir n periode van tot 15 jaar aangegaan word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 30. Saamgestelde balansstaat vir 4 koöperatiewe wynkelders wat in 1924 druiwe verwerk het

		Persentasie van totaal			Persentasie van totaal
AANDELEKAPITAAL	R20,292	17.5	VASTE BATES		
RESERWES			(1) Vaste eiendom en geboue	R60,360	51.8
(1) Algemene reserwes	R11,164	9.5	(2) Masjinerie	R11,274	9.6
(2) Spesiale reserwes en voorsieningsfondse	R12,358	10.6	ANDER BELEGGINGS	R22.00	0.0
ROTERENDE HEFFINGSFONDSE	geen	...	VOORRAAD	R23,100	19.9
WINS-EN-VERLIESREKENING	R 4,426	3.8	KONTANT	R 5,152	4.4
TOTAAL EIE KAPITAAL	R48,240	41.4	DEBITEURE	R16,752	14.3
POELREKENING	geen	...			
LANGTERMYNLENINGS	R43,630	37.4			
KREDITEURE	R24,790	21.2			
OORTROKKE BANKREKENING	geen	...			
TOTALE LASTE	R116,660	100.0	TOTALE BATES	R116,660	100.0

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 31. Saamgestelde balansstaat vir 5 koöperatiewe wynkelders wat in 1939 druiwe verwerk het

		Persentasie van totaal			Persentasie van totaal
AANDELEKAPITAAL	R57,142	18.7	VASTE BATES		
RESERWES			(1) Vaste eiendom en geboue	R153,190	50.1
(1) Algemene Reserwes	R56,415	18.5	(2) Masjinerie	R 16,070	5.3
(2) Spesiale reserwes en voorsieningsfondse	R48,346	15.8	ANDER BELEGGINGS	R 3,878	1.3
			VOORRAAD	R 79,200	26.0
ROTERENDE HEFFINGSFONDSE	geen	...	DEBITEURE	R 50,886	16.7
WINS-EN-VERLIESREKENING	R654.00	0.2	KONTANT	R 1,852	0.6
TOTAAL EIE KAPITAAL	R162,557	53.2			
POELREKENING	R 6,444	2.1			
LANGTERMYNLENINGS	R 63,642	20.9			
KREDITEURE	R 70,757	23.3			
OORTROKKE BANKREKENING	R 1,676	0.5			
TOTALE LASTE	R305,076	100.0	TOTALE BATES	R305,076	100.0

Tabel 32. Saamgestelde balansstaat vir 17 koöperatiewe wynkelders wat in 1944 druiwe verwerk het

		Persentasie van totaal			Persentasie van totaal
AANDELEKAPITAAL	R130,796	14.1	VASTE BATES		
RESERWES			(1) Vaste eiendom en geboue	R419,876	45.1
(1) Algemene Reserwe	R114,128	12.3	(2) Masjinerie	R 55,448	6.0
(2) Spesiale Reserwes en voorsieningsfondse	R 87,256	9.4	ANDER BELEGGINGS	R 8,370	0.9
ROTERENDE HEFFINGSFONDSE	geen	...	VOORRAAD	R268,792	28.9
WINS-EN-VERLIESREKENING	R 24,652	2.7	DEBITEURE	R162,672	17.5
			KONTANT	R 14,384	1.6
TOTAAL EIE KAPITAAL	R356,832	38.5			
POELREKENING	R 49,180	5.3			
LANGTERMYNLENINGS	R200,500	21.5			
KREDITEURE	R280,378	30.1			
OORTROKKE BANKREKENING	R 42,944	4.6			
TOTALE LASTE	R929,834	100.0	TOTALE BATES	R929,834	100.0

96/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 33. Saamgestelde balansstaat vir 27 koöperatiewe wynkelders wat in 1949 druiwe verwerk het

		Persentasie van totaal			Persentasie van totaal
AANDELEKAPITAAL	R433,796	16.9	VASTE BATES		
RESERWES			(1) Vaste eiendom en geboue	R1,609,477	62.7
(1) Algemene reserwes	R278,080	10.8	(2) Masjinerie	258,898	10.1
(2) Spesiale reserwes en voorsieningsfondse	R153,812	6.0	ANDER BELEGGINGS	R 14,606	0.6
ROTERENDE HEFFINGSFONDSE	geen		VOORRAAD	R 355,696	13.8
WINS-EN-VERLIESREKENING	R 49,876	1.9	DEBITEURE	R 245,911	9.6
TOTAAL EIE KAPITAAL	R915,564	35.6	KONTANT	R 81,270	3.2
POELREKENING	R201,948	7.9			
LANGTERMYNLENINGS	R955,434	37.3			
KREDITEURE	R379,480	14.8			
OORTROKKE BANKREKENING	R113,402	4.4			
TOTALE LASTE	R2,565,828	100.0	TOTALE BATES	R2,565,828	100.0

Tabel 34. Saamgestelde balansstaat vir 38 koöperatiewe wynkelders wat in 1954 druiwe verwerk het

		Persentasie van totaal			Persentasie van totaal
AANDELEKAPITAAL	R1,067,408	21.0	VASTE BATES		
RESERWES			(1) Vaste eiendom en geboue	R2,897,796	57.0
(1) Algemene reserwes	R 663,886	13.1	(2) Masjinerie	R 569,704	11.2
(2) Spesiale reserwes en voorsieningsfondse	R 354,366	7.0	ANDER BELEGGINGS	R 31,182	0.6
ROTERENDE HEFFINGSFONDSE	R 13,558	0.3	VOORRAAD	R 787,722	15.4
WINS-EN-VERLIESREKENING	R 117,386	2.3	DEBITEURE	R 582,276	11.5
TOTAAL EIE KAPITAAL	R2,216,604	43.7	KONTANT	R 205,394	4.3
POELREKENING	R 221,530	4.4			
LANGTERMYNLENINGS	R1,522,502	30.0			
KREDITEURE	R1,026,572	20.2			
OORTROKKE BANKREKENING	R 86,866	1.7			
TOTALE LASTE	R5,074,074	100.0	TOTALE BATES	R5,074,074	100.0

...../86

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 35. Saamgestelde balansstaat vir 45 koöperatiewe wynkelders wat in 1959 druiwe verwerk het

		Persentasie van totaal			Persentasie van totaal
AANDELEKAPITAAL	R2,014,852	20.8	VASTE BATES		
RESERWES			(1) Vaste eiendom en geboue	R4,804,677	49.6
(1) Algemene reserwes	R1,473,092	15.2	(2) Masjinerie	R1,412,903	14.6
(2) Spesiale reserwes en voorsieningsfondse	R 761,192	7.8	ANDER BELEGGINGS	R 77,216	0.8
ROTERENDE HEFFINGSFONDSE	R 226,346	2.3	VOORRAAD	R1,692,198	17.4
WINS-EN-VERLIESREKENING	R 135,340	1.4	DEBITEURE	R1,279,738	13.2
TOTAAL EIE KAPITAAL	R4,610,822	47.5	KONTANT	R 428,006	4.4
POELREKENING	R 597,606	6.2			
LANGTERMYNLENINGS	R2,429,574	25.1			
KREDITEURE	R1,531,374	15.8			
OORTROKKE BANKREKENING	R 525,362	5.4			
TOTALE LASTE	R9,694,738	100.0	TOTALE BATES	R9,694,738	100.0

Tabel 36. Saamgestelde balansstaat vir 51 koöperatiewe wynkelders wat in 1964 druiwe verwerk het

		Persentasie van totaal			Persentasie van totaal
AANDELEKAPITAAL	R3,078,053	20.3	VASTE BATES		
RESERWES			(1) Vaste eiendom en geboue	R6,848,696	45.2
(1) Algemene reserwes	R2,798,016	18.4	(2) Masjinerie	R2,618,792	17.3
(2) Spesiale reserwes en voorsieningsfondse	R 812,967	5.4	ANDER BELEGGINGS	R 58,558	0.4
ROTERENDE HEFFINGSFONDSE	R 450,968	3.0	VOORRAAD	R2,670,806	17.6
WINS-EN-VERLIESREKENING	R 238,430	1.6	DEBITEURE	R1,829,307	12.1
TOTAAL EIE KAPITAAL	R7,378,434	48.7	KONTANT	R1,114,181	7.4
POELREKENING	R1,200,571	8.0			
LANGTERMYNLENINGS	R2,893,869	19.1			
KREDITEURE	R3,271,590	21.6			
OORTROKKE BANKREKENING	R 395,876	2.6			
TOTALE LASTE	R15,140,340	100.0	TOTALE BATES	R15,140,340	100.0

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vir die 51 koöperatiewe wynkelders waarvoor daar volledige syfers in verband met die balansstate is, is die totale uitstaande langtermynlenings R2,893,869 in 1964, wat 'n gemiddelde lening van R56,743 per kelder gee. In 1964 het die koöperatiewe wynkelders 345,618 ton druiwe ontvang, wat 'n gemiddelde uitstaande geleende bedrag van R8.36 per lêer wat deur die kelders verwerk is, gee.

Indien die nuwere koöperatiewe wynkelders wat van 1956 in produksie gekom het, geneem word, is hulle uitstaande langtermynlenings R979,467. Daar is 12 koöperatiewe wynkelders wat onder hierdie groep ressorteer wat dus 'n gemiddelde lening van R81,622 per kelder gee.

Daar is 39 van die koöperatiewe wynkelders wat voor 1956 in produksie gekom het, en hulle uitstaande geleende bedrag geld is R1,914,403, wat 'n gemiddelde bedrag van R49,087 per kelder gee.

2. <u>Intermediêre kapitaal</u>

Die masjinerie en ander toerusting wat die koöperatiewe wynkelders gebruik, is nie permanent van aard nie en moet van tyd tot tyd vervang word. Die periode van vervanging kan wissel van twee tot tien jaar en dit moet deur middel van intermediêre kapitaal gefinansier word.

Intermediêre kapitaal sal ook deur koöperatiewe wynkelders gebruik word waar wynvoorrade vir lang periodes gedra moet word. Op die huidige stadium in die wynbedryf in Suid-Afrika kom dit egter nie algemeen

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voor nie, want die groot vraag na wyn veroorsaak vinnige verkope wat dit vir die koöperatiewe wynkelders onnodig maak om groot voorrade onverkoopte wyn te dra. Indien die wynverbruik nie verder toeneem nie en die huidige tempo van produksiestyging voortduur, sal daar in die nabye toekoms waarskynlik groot voorrade onverkoopte wyn deur die koöperatiewe wynkelders gedra moet word, wat sal beteken dat hulle jaarlikse rentelas baie sal verhoog.

Vir die vervanging van masjinerie en ander toerusting maak die koöperatiewe wynkelders grotendeels gebruik van fondse wat hulle self oor die jare opbou, dus is dit selde dat die kelders vir hierdie doel van intermediêre krediet gebruik maak.

3. Korttermynkapitaal

Korttermynkapitaal word deur die koöperatiewe wynkelders gebruik vir die finansiering van die voorskotte wat aan die lede betaal word vir hulle druiweoes voordat die wyn van die hand gesit is; en ook vir die finansiering van die kelder se lopende kostes, wat lone en chemikalië insluit, gedurende die parstyd.

In 1964 het die 51 koöperatiewe wynkelders oor ~~korttermyn-~~ kapitaal ter waarde van R3,667,466 in die vorm van korttermynkapitaal beskik. Dit gee n gemiddelde van R71,917 per kelder. Hierdie kapitaal word verkry van verskeie bronne wat later in hierdie hoofstuk bespreek word.

4. Ontwikkelings ten opsigte van kapitaalbehoeftes

Aan die batekant van die saamgestelde balansstate kan gesien word dat die waarde van Vaste Eiendom en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Geboue gestyg het van R60,360 in 1924 tot R6,848,696 in 1964. Die persentasies wat dit van die totale bate verteenwoordig is respektiewelik 51.8 en 45.2 vir 1924 en 1964, maar in 1949 het dit so hoog as 62.7 persent gestaan. Dit dui op die hoë persentasie vaste kapitaal-belegging by n wynmakery.

Masjinerie se waarde het gestyg van R11,274 in 1924 tot R2,618,792 in 1964, terwyl die persentasies wat dit uitmaak van totale bates 9.6 en 17.3 respektiewelik vir hierdie twee jare is. Die persentasie van die pos Masjienerie in totale bates het toegeneem van 5 tot 6 persent in 1936/1944 na 17 persent in 1964. Dit dui op die toenemende rol wat meganisasie vandag in die maak van goeie gehalte wyn speel.

Die pos Ander Beleggings sluit onder andere in voertuie wat sommige van die koöperatiewe wynkelders besit asook kantoortoerusting en aandele wat die koöperatiewe wynkelders in ander besighede besit. Soos gesien kan word verteenwoordig dit slegs n klein persentasie van die totaal.

Die Voorrade wat die koöperatiewe wynkelders besit is of wyn wat reeds verkoop is maar nog afgelewer moet word of onverkoopte voorrade wat teen die minimum stook-wynprys van daardie jaar waardeer word. Waar die voorrade n groot persentasie van die totale bates verteenwoordig, is dit n aanduiding van baie onverkoopte wyn wat nog in die koöperatiewe wynkelders se tenke lê. Dit blyk die geval te wees in die jare 1939 en 1944.

Die totale bates van die koöperatiewe wynkelders het gestyg van R116,660 in 1924 tot R15,140,340 in 1964.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

B. BRONNE VAN KAPITAAL

n Koöperasie is n onderneming wat gesamentlik deur boere of ander gestig word en dit is die lede se verantwoordelikheid om die nodige kapitaal te verskaf, hetsy hulle eie of geleende kapitaal. Aangesien die lede van n koöperasie tydens die stigting daarvan gewoonlik nie oor genoeg fondse beskik om dit uit hulle eie bronne te finansier nie, moet hulle van geleende kapitaal gebruik maak tot tyd en wyl hulle oor genoeg fondse beskik om die onderneming self te finansier.

1. Interne finansiering

Die interne bronne van kapitaal is die waar kapitaal deur die lede van die koöperasie self voorsien word in die vorm van aandele of geld wat van die boere se oesinkomste afgetrek word.

Die 51 koöperatiewe wynkelders het in 1964 oor eie bronne van kapitaal ter waardevan R7,378,434 beskik, wat bestaan uit aandelekapitaal, reserwefondse, voorsieningsfondse, ledeheffingsfondse en uitgestelde bonusfondse. Dit gee n gemiddelde eie-kapitaalfonds van R144,676 per koöperatiewe wynkelder.

Die 39 koöperatiewe wynkelders wat voor 1956 in produksie gekom het, het n totale eie-kapitaalfonds van R6,238,916, wat n gemiddelde van R159,972 per koöperatiewe wynkelder verteenwoordig.

Vir die 12 koöperatiewe wynkelders wat van 1956 af in produksie gekom het, is daar eie fondse opgebou ter waarde van R1,139,518, wat n gemiddelde fonds van R94,959 per koöperatiewe wynkelder verteenwoordig.

104/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(i) Aandelekapitaal

Die aandele word deur die koöperatiewe wynkelders uitgereik aan lede, wat almal bona-fide boere moet wees. Uit die finansiële surplus kan 'n jaarlikse dividend betaal word, wat in die geval van koöperasies in Suid-Afrika deur wetgewing tot 8 persent beperk is. Die statuut van elke koöperatiewe wynkelder stel die maksimum rentekoers vas, wat in die meeste gevalle 6 persent is.

Met die uitsondering van 'n paar van die ouere koöperatiewe wynkelders, word van skaalaandele gebruik gemaak. Die getal aandele wat die lid moet neem, staan in verhouding tot die hoeveelheid druiwe wat hy jaarliks by die kelder lewer. Dit wil sê as 'n boer 500 ton druiwe per jaar lewer, word sy aandeelhouding in verhouding daartoe vasgestel. Die nominale waarde per aandeel is in die algemeen vasgestel op R2.00, en nie meer as 15 aandele per ton word in die algemeen uitgereik nie. By die stigting van die koöperatiewe wynkelder word daar minstens 10 persent van die nominale waarde per aandeel opgeroep. Aangesien die lid dan 20 sent per aandeel opbetaal het, word hy nog aanspreeklik gehou vir die ander R1.80 per aandeel. Hierdie aanspreeklikheid dien as sekuriteit waarop die koöperatiewe wynkelder geld kan leen vir byvoorbeeld die oprigting en uitbreiding van die kelder.

Sommige koöperatiewe wynkelders roep elke jaar van die aandelekapitaal op om op hierdie wyse hulle lenings te help delg, maar die volle nominale waarde

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die aandele word baie selde opgeroep. Indien die volle nominale waarde van die aandele opgeroep sou word, sal voornemende nuwe lede dit moeilik vind om by so n koöperatiewe wynkelder aan te sluit, aangesien die bedrag wat hulle by aansluiting moet betaal, baie groot sal wees. Dit sal beteken dat n boer wat 500 ton druiwe pars, R15,000 vir sy aandeelhouding moet betaal, wat hom dus miskien sal laat afsien van sy voorneme om n lid te word. Hierdie bedrag van R15,000 is nog steeds minder as wat dit hom sou kos om self n wynkelder met n kapasiteit van 500 ton te bou. Dus sal dit waarskynlik vir die voornemende lid beter wees om die R15,000 te leen en by die koöperatiewe wynkelder aan te sluit.

Van die koöperatiewe wynkelder se kant gesien, hou die aandele baie voordele in, want dit kan as n taamlik permanente lening beskou word, wat slegs teruggetrek word waar n lid om een of ander rede die boerdery staak. Die rentekoers is wetlik beperk tot 8 persent maar in die meeste gevalle word minder betaal en in moeilike jare kan daar deur die lede besluit word om geen dividend te betaal nie. Die koöperatiewe wynkelder kry dus kapitaal teen n redelike lae rentekoers en is ook altyd seker van die kapitaal, want die lede kan nie hulle aandele aan die koöperatiewe wynkelder teruggee soos private of ander finansiers hulle lenings mag terugtrek gedurende tye van kapitaalskaarste nie.

In die geval van koöperatiewe wynkelders waar daar nie skaalaandele gebruik word nie, is die lede

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

traag om meer as die minimum aantal wat vereis word om lid te wees te neem, dus moet die kelder meer kapitaal van eksterne bronne verkry. Waar van skaalaandele gebruik gemaak word, verbeter die posisie, want dan is elke lid verplig om n aantal uit te neem in verhouding tot die hoeveelheid druiwe wat hy lewer.

Van die lede se kant gesien is hulle nie baie gretig om aandele in hulle koöperasie te neem nie, aangesien hulle reken dat hulle die kapitaal meer voordelig elders kan belê. Wat die lede blykbaar vergeet, is dat indien die koöperatiewe wynkelder die kapitaal elders moet gaan leen, daar n hoë rentekoers betaal moet word, en om hierdie hoër rentelas te dek moet daar meer van hulle oesuitbetalings afgetrek word. So of die lede nou n laer rentekoers op hulle aandele verdien of meer geld per ton druiwe uitkry, en of hulle nou n hoër rentekoers elders op hulle kapitaal sal verdien en n laer prys per ton druiwe kry, kom dit op dieselfde neer. Dit geld natuurlik slegs waar die lede wel oor kapitaal beskik om in die koöperasie te stort. Nog n nadeel van aandele in n koöperatiewe organisasie is dat die aandele as gevolg van die beperking van dividend tot 8 persent nie onbeperk in waarde kan appresieer nie. Die aandele is nie verhandelbaar nie, en is dus n permanente belegging solank die boer n lid van die koöperasie is.

Die totale aandelekapitaal van die 4 koöperatiewe wynkelders van 1924 het R20,292 bedra, en die totale kapitaalbelegging van koöperatiewe wynkelders het gestyg tot R3,078,053 in 1964 toe 51 koöperatiewe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wynkelders druiwe verwerk het. Die persentasie wat hierdie bedrae van totale kapitaal uitmaak, is 17.5 en 20.3 persent onderskeidelik vir die jare 1924 en 1964. Indien daar na die ander jare se saamgestelde balansstate gekyk word, sal gesien word dat aandelekapitaal oor die hele periode n redelik konstante persentasie van die totale kapitaal verteenwoordig het.

Die aandelekapitaal van die 51 koöperatiewe wynkelders bedra dus in 1964 R3,078,053, wat n gemiddelde van R60,354 per kelder gee. Dit gee n gemiddelde van R8.90 per ton druiwe wat in daardie jaar deur die koöperatiewe wynkelders verwerk is.

Die 39 koöperatiewe wynkelders wat voor 1956 in produksie gekom het, het aandelekapitaal ter waarde van R2,632,084, wat n gemiddelde van R67,489 per kelder gee.

Die 12 koöperatiewe wynkelders wat van 1956 af in produksie gekom het, het in 1964 aandelekapitaal ter waarde van R445,969 of n gemiddelde van R37,163 per kelder gehad.

(ii) Reserwes

Reserwes is kapitaal wat die koöperasie kry deur n deel van die finansiële surplus jaarliks in n reserwefonds te stort. Daar word deur elke koöperasie n koöperatiewe kommissie uit die poelrekening geneem om administratiewe koste te dek en om geld te hê om op reserwe te plaas. Die koöperatiewe kommissie is n sekere persentasie van die netto opbrengs en word deur die raad van direkteure vasgestel, maar mag nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

20 persent van die netto opbrengs te bowe gaan nie. Die bedrag wat oorbly nadat die administratiewe koste afgetrek is, is die surplus en is beskikbaar vir aanwending as dividend, bonus of oordrag na reserwefondse.

Die grootte van die surplusse wat so ontstaan is geen aanduiding van die doeltreffendheid van die koöperasie nie, want indien die administratiewe koste vooraf akkuraat bepaal word en die koöperatiewe kommissie net groot genoeg is om dit te dek, sal daar geen surplusse wees nie. Dit is dus te verstaan dat hoe groter die bonus is wat die lid kry, soveel minder in verhouding sal die voorskot wees wat hy vir sy druiwe per ton kry. Wat wesenlik vir die lid van belang is, is die totale bedrag wat hy per ton druiwe ontvang.

Reserwes is n belangrike finansieringsmiddel vir die koöperasies, want dit is n interne bron van kapitaal wat die buitelaste van die koöperasie verlig. Indien n koöperasie se reserwes op R50,000 staan, beteken dit dat daardie bedrag reeds aan lenings afbetaal is en n ooreenkomstige bedrag aan bates aan die koöperasie self behoort. Sommige van die koöperatiewe wynkelders skryf elke jaar n vaste persentasie waardevermindering, afsonderlik vir geboue en masjinerie, van die vaste bates af, terwyl ander weer volgens die grootte van die oes hulle afskrywings maak. Dit is om te verhoed dat klein oeste swaar en groot oeste weer lig aan die depresiasie moet dra.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van die koöperasie se standpunt gesien, kry dit kapitaal rentevry en is die reserwes ook n permanente bron van kapitaal wat slegs by likwidasie uitbetaal mag word. Die skepping daarvan is maklik, want die bedrag word jaarliks deur die direksie vasgestel en mag volgens koöperatiewe wet nie deur lede op die algemene jaarvergadering verminder word nie.

Die lede van koöperatiewe wynkelders is oor die algemeen skepties oor groot reserwes, want hulle reken dat die reserwes dooie kapitaal vir hulle is waarop hulle geen rente verdien nie, en hulle wil eerder sien dat hulle kapitaal rente verdien. Dit is een van die redes waarom die roterende fondse so n aanloklike stelsel van finansiering lyk. Wat die lede egter vergeet is dat die koöperatiewe wynkelder aan hulle behoort, en die reserwes op produktiewe wyse aangewend word om hulle druiwe doeltreffend te verwerk, wat dan weer n goeie gehalte wyn lewer waarvoor hulle goeie pryse behaal. Die reserwes se rente tree te voorskyn in die vorm van n goeie gehalte wyn wat beter pryse behaal.

Die algemene reserwes het gestyg van R11,164 in 1924 tot R2,798,016 in 1964, wat onderskeidelik 9.5 en 18.5 persent van die totale kapitaal vir die genoemde jare uitmaak. Alhoewel die reserwes in 1936 op 18.5 persent gestaan het, het dit daarna weer gedaal maar toe weer geleidelik gestyg tot 1964. Hierdie hoë persentasie reserwes van 1939 sal later met die verhouding van eie tot vreemde kapitaal bespreek word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die 51 koöperatiewe wynkelders het dus in 1964 reserwefondse ter waarde van R2,798,016 gehad, wat n gemiddelde van R54,863 per kelder gee. Dit gee n gemiddelde van R8.09 per ton druiwe wat die koöperatiewe wynkelders in daardie jaar verwerk het.

Die 39 koöperatiewe wynkelders wat voor 1956 in produksie gekom het, het reserwefondse van R2,462,254 in 1964 gehad wat n gemiddelde van R63,135 per kelder gee.

Die 12 koöperatiewe wynkelders wat sedert 1956 in produksie gekom het, het in 1964 n reserwefonds ten bedrae van R335,762 gehad, wat n gemiddelde van R27,980 per kelder is.

Buiten die algemene reserwes word daar ook nog spesiale reserwes deur sommige van die koöperatiewe wynkelders opgebou. Hierdie spesiale vorm van reserwes word voor voorsiening gemaak in die statute van die koöperatiewe wynkelders, en is gewoonlik in die vorm van reserwes vir onvoorsiene verliese of reserwes wat vir spesifieke doeleindes aangewend kan word. In die geval van reserwes vir onvoorsiene verliese kan dit gebruik word indien daar iets onvoorsiens gebeur, soos die sleg word van wyn, die breek van n wyntenk wat die verlies van wyn sal beteken, of ander onverwagte gebeurlikhede wat tot n finansiële verlies van die koöperatiewe wynkelder mag lei. Die reserwe vir onvoorsiene verliese dien as n vorm van versekering vir die koöperatiewe wynkelder, want die moontlike groot verliese van een jaar word dan deur n paar jaar se oeste gedra.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die spesiale reserwes word gevorm vir spesiale doeleindes soos die opbouing van kapitaal vir die vervanging van masjinerie. Die doel van hierdie reserwe is om die koste van nuwe masjiene oor 'n aantal jare te versprei sodat die effek nie deur die uitbetalings aan die lede gevoel word, soos die geval sou wees as die totale koste van so 'n nuwe masjien in een jaar gedelg moet word nie.

Dit is nie al die koöperatiewe wynkelders wat spesiale reserwes opbou nie. Die 20 wat dit wel doen het in 1964 totale spesiale reserwes ten bedrae van R812,968 gehad.

Die spesiale reserwes het gestyg van R48,346 in 1924 tot R812,968 in 1964. Waar die spesiale reserwes in 1924, 10.6 persent van die kapitaal uitgemaak het, het dit in 1964 slegs 5.4 persent uitgemaak. Alhoewel hierdie persentasie in 1939 op 15.8 gestaan het, het dit daarna weer voortdurend gedaal. Hierdie verskynsel kom ooreen met die geval van die algemene reserwe en sal later bespreek word.

(iii) Roterende kapitaal

Die roterende kapitaal-stelsel is ontwikkel as gevolg van die besware wat lede het teen groot aandelebeleggings en veral teen groot reserwes. Daar is al lank gesoek na 'n stelsel van finansiering waar lede bydra tot die finansiering in verhouding tot hulle omset by die koöperasie. In die V.S.A. is die "revolving capital system" ontwikkel wat baie belangstelling wek by die koöperasies in Suid-Afrika.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens hierdie stelsel word daar elke jaar 'n deel van die prys van die produkte agter gehou wat dan bydra tot die fondse wat nodig is vir die finansiering.

Ledeheffingsfondse kan beskou word as 'n vorm van langtermynkapitaal wat deur die koöperasie van die lede geleen word teen 'n rentekoers van 5 tot 6 persent. Daar word elke jaar by die ledeheffingsfonds 'n bedrag geld gevoeg totdat dit groot genoeg is om die laste van die koöperasie te dek. Daar word gewoonlik deur die koöperatiewe wynkelders beplan om die fonds na 10 jaar sterk genoeg te hê om aan sy finansieringsbehoeftes te voldoen. Na 10 jaar bly die ledeheffingsfonds konstant of dit sal appresieer indien daar nuwe uitbreidings gemaak word. Die bedrag wat elke jaar by die ledeheffingsfonds gevoeg word, sal nie noodwendig konstant bly nie, maar sal afhang van nuwe lenings wat moontlik deur die koöperatiewe wynkelder aangegaan.is.

In die elfde jaar word daar weer 'n bedrag geld, volgens die koöperatiewe wynkelder se behoeftes, by die ledeheffingsfonds geplaas. Dieselfde bedrag wat die lede in die eerste jaar aan die ledeheffingsfonds geleen het word dan aan hulle terugbetaal. Vir die twaalfde jaar volg dieselfde beginsel.

Die volgende voorbeeld sal die beginsel van die ledeheffingsfonds illustreer.

'n Teoretiese geval word geneem waar 'n koöperatiewe wynkelder van R100,000 gebou word en die waarde daarvan konstant bly. Daar word R10,000 aan aandelekapitaal opgeroep en daar word beplan om lenings uit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

eksterne bronne jaarliks met R9,000 te delg, waarteen R2,000 op reserwe geplaas word en die ledeheffingsfonds met R7,000 vergroot word.

Die posisie sal as volg daaruit sien:-

Laste			Bates
Begin van eerste jaar			
Aandele	R10,000		
Lening	R90,000	R100,000	R100,000
End van eerste jaar			
Aandele	R10,000		
Reserwe	R 2,000		
Heffingsfonds	R 7,000		
Lening	R81,000	R100,000	R100,000
End van tweedejaar			
Aandele	R10,000		
Reserwe	R 4,000		
Heffingsfonds	R14,000		
Lening	R72,000	R100,000	R100,000
End van vyfde jaar			
Aandele	R10,000		
Reserwe	R10,000		
Heffingsfonds	R35,000		
Lening	R45,000	R100,000	R100,000
End van negende jaar			
Aandele	R10,000		
Reserwe	R18,000		
Heffingsfonds	R63,000		
Lening	R 9,000	R100,000	R100,000
End van tiende jaar			
Aandele	R10,000		
Reserwe	R20,000		
Heffingsfonds	R70,000		
Lening	0	R100,000	R100,000

Volgens die voorafgaande voorbeeld is al die vreemde skuld gedelg na 10 jaar, en die koöperatiewe wynkelder betaal dividende aan die lede op die R10,000 aandelekapitaal en rente op die R70,000 ledeheffingsfonds.

114/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die elfde jaar, indien die bates nog konstant bly en daar geen nuwe uitbreidings gemaak is nie, sal daar weer R7,000 op die ledeheffingsfonds geplaas word, maar die R7,000 wat in die eerste jaar deur die lede in die fonds betaal is, word nou weer aan hulle uitbetaal. Die geld begin dus in hierdie geval in die elfde jaar te roteer.

Indien daar 'n nuwe lid in die vyfde jaar van die roterende stelsel by die koöperatiewe wynkelder aansluit, moet hy sy aandele koop volgens die hoeveelheid wat hy pars, en hy begin dan eers tot die heffingsfonds bydra. Sy geld begin dan eers in die vyftiende jaar van die fonds roteer.

Soos reeds genoem is, is die roterende fondsstelsel ontwikkel deurdat lede van die koöperatiewe organisasies ontevrede was met die reserwefondsstelsel omdat hulle nie rente daarop verdien het nie. In werklikheid is die rente wat die lede met die reserwefondsstelsel verdien nie 'n bykomstige inkomste vir hulle nie, want die rente wat so verdien word moet op 'n ander plek van hulle uitbetalings afgetrek word.

Gestel 'n suiwer teoretiese geval word geneem waar die lening wat aangegaan is R100,000 bedra en daar word 7 persent rente op die kapitaal betaal en daar word elke jaar R10,000 op die heffingsfonds geplaas teen 'n rentekoers van 5 persent, gestel die prys van druiwe bly konstant en daar is geen depresiasie en word ook nie van aandelekapitaal gebruik gemaak nie. Stel hierteenoor 'n ander geval met dieselfde omstandighede,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

behalwe dat in plaas daarvan dat die R10,000 in die heffingsfonds gestort word dit op reserwe geplaas word waarop geen rente betaal word nie.

Indien die twee gevalle vergelyk word sal dit as volg daaruit sien:-

(1) Heffingsfonds			(2) Reserwefonds		
End van eerste jaar					
Lening	R100,000			R100,000	
Rente		R7,000			R7,000
End van tweede jaar					
Lening	R 90,000			R 90,000	
Rente		R6,300			R6,300
Heffingsfonds	R 10,000		Reserwefonds	10,000	
Rente		R 500			geen
		R6,800			R6,300
Rente van heffingsfonds ontvang deur lede per ton druiwe	R 0.10			geen	
Prys per ton druiwe ontvang deur lede	R33.90			R34.00	
Totale bedrag ontvang per ton druiwe	R34.00			R34.00	
End van vyfde jaar					
Lening	R 60,000			R 60,000	
Rente		R4,200			R4,200
Heffingsfonds	R 40,000		Reserwefonds	40,000	
Rente		R2,000			geen
		R6,200			R4,200
Rente van heffingsfonds ontvang deur lede per ton druiwe	R 1.24			geen	
Prys per ton druiwe ontvang deur lede	R32.76			R34.00	
Totale bedrag ontvang per ton druiwe	R34.00			R34.00	

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van die rente wat in die voorbeeld gegee word, gaan die wat op die lenings betaal word na eksterne finansiers en die op die roterende fonds word deur die koöperasie aan die lede uitbetaal.

Soos van die voorbeeld gesien kan word, word die rente wat aan die lede op die roterende fonds uitbetaal word indirek van die uitbetalings per ton druiwe afgetrek. So of die lede nou een persent of vyf persent op die roterende fonds verdien, maak dit op die end geen verskil aan die totale bedrag geld wat hulle per ton druiwe ontvang nie.

Terwyl die boer dan nog n lid van die koöperatiewe wynkelder is, baat hierdie stelsel van finansiering nie vir hom finansieel nie.

Waar hierdie stelsel van roterende fondse wel vir die lede n voordeel inhou, is in die geval waar n lid om een of ander rede die boerdery staak. Dan moet die koöperatiewe wynkelder die bedrag aan die lid uitbetaal wat hy by die roterende fonds inbetaal het. Deurdat die koöperasie dan n verpligting teenoor sy lede het, maak sommige mense beswaar teen hierdie stelsel van finansiering. Hulle reken dat die koöperasie die ondernemer is en op sy eie staan en dat alle fondse wat inbetaal word aan die koöperasie verskuldig was deur die lede en dat hulle geen verdere seggenskap daaroor het nie. Die koöperasie behoort egter aan die lede en dit word deur die lede opgebou, dus kan die koöperasie nie as n onafhanklike ondernemer beskou word nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Koöperasies moet fondse opbou om hulle finansieel gesond te maak; maar waar fondse opgebou word waaroor die lede geen verdere seggenskap het nie, beteken dit dat die koöperasie opgebou word vir die volgende geslag waarvoor die huidige lede geen direkte vergoeding kry nie. Dit kan nie geheel en al as koöperatief beskou word nie, dus blyk die roterende stelsel van kapitaalvoorsiening beter met die koöperatiewe beginsel te strook.

'n Ander baie groot voordeel wat hierdie stelsel van finansiering bied, is die algemene tevredenheid wat dit onder die lede van die koöperasie skep. Daar kan nou gesien word dat die geld wat hulle in die koöperasie belê het wel rente verdien en hulle stel ook meer in die finansiering belang, want hulle weet dat die geld nie vir hulle verlore is nie en dat hulle dit na 'n tyd sal terugkry.

Hierdie stelsel skakel ook tot 'n groot mate die ontevredenheid uit wat ontstaan wanneer 'n nuwe lid by 'n gevestigde koöperatiewe wynkelder wil aansluit. Daar is dan geen groot reserwes waarin hy deel en voordeel uit trek sonder dat hy daartoe bygedra het nie. Die nuwe lid moet dan vir die volle siklus van die roterende fonds bydra voordat sy kapitaal begin roteer.

In 1964 was daar 7 koöperatiewe wynkelders wat in 'n mate van hierdie stelsel van finansiering gebruik gemaak het. Volgens die saamgestelde balansstate het die roterende heffingsfondsstelsel tussen 1949 en 1954

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sy verskyning gemaak, en het hierdie fondse in 1954 0.3 persent van die totale kapitaal uitgemaak. Op hierdie stadium is dit deur slegs een koöperatiewe wynkelder gebruik en het 'n bedrag van R13,558 uitgemaak. In 1964 het reeds 11 van die koöperatiewe wynkelders van die roterende heffingsfondsstelsel gebruik gemaak en was die totale bedrag R450,968, wat 3.0 persent van die totale kapitaal verteenwoordig het. In die lig van die voordele van hierdie finansieringsstelsel moet gesê word dat die stelsel nie baie vinnig veld wen nie.

(iv) Lenings van lede

Waar lede van die koöperatiewe wynkelders geld het om te belê, kan dit deur hulle aan die kelder geleen word. Hierdie lenings werk op dieselfde basis as waar die geld van eksterne bronne geleen word en is dan na regte 'n eksterne bron van kapitaal wat die kelder gebruik. Aangesien dit deur lede van die koöperatiewe wynkelder self geleen word, kan dit egter ook as 'n interne bron beskou word.

In 1964 het 7 van die koöperatiewe wynkelders van ledelenings gebruik gemaak wat 'n totale bedrag van R175,440 beloop het.

(v) Algemeen

Daar word in baie gevalle aanvaar dat die heffingsfondse 'n groot besparing vir die lede van 'n koöperatiewe wynkelder inhou, want in plaas daarvan dat die rente op die lenings nou aan eksterne finansiers betaal word, kom die rente na die lede self. Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

heffingsfondse is egter geld wat deur die koöperatiewe wynkelders van die lede geleen kan word om die eksterne lenings te delg net soos die reserwes vir hierdie doel aangewend kan word.

Net soos in die geval van die reserwes, word die heffingsfondse ook jaar na jaar opgebou, gevolglik word die eksterne rentelas minder namate meer lenings gedelg word. Die koöperatiewe wynkelders bespaar nou wel aan eksterne rente deur die opbouing van die heffingsfondse, maar met die opbouing van reserwes word dieselfde besparing aan eksterne rente gedoen. Soos reeds verduidelik is, wen die lede geensins finansieël daarby, hetsy watter metode van finansiering gebruik word nie.

Waar daar geen belasting deur lede op bedrae in reserwefondse gestort betaal word nie, moet daar wel belasting deur lede betaal word ten opsigte van bedrae in ledeheffingsfondse en uitgestelde bonusfondse gestort in die jaar wat die bedrae op die fondse geplaas word.

2. Eksterne bronne

Daar is verskeie finansiële instellings wat kapitaal aan die koöperatiewe wynkelders voorskiet.

(i) Landbank

Die Landbank is die grootste finansierder van die koöperatiewe wynkelders en voorsien sowel lang- as korttermynkapitaal. Tot 1964 was daar 28 koöperatiewe wynkelders wat langtermynlenings by die Landbank

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verkry het, waarvan die oorspronklike totale bedrag R3,343,520 was en waarvan daar in 1964 nog R1,828,092 aan die Landbank verskuldig was. Vir 1964 is daar korttermynlenings by die Landbank aangevra ter waarde van R2,034,985 deur 13 van die koöperatiewe wynkelders.

Die Landbank leen die geld aan die koöperatiewe wynkelders op sekuriteit van grond, geboue en toerusting, maar hoofsaaklik op sekuriteit van die onopbetaalde deel van aandele en die oes van die koöperatiewe wynkelder se lede.

Die Landbank staan 'n lening van 80 persent van die totale oprigtingskoste van die koöperatiewe wynkelder toe, wat beteken dat die koöperatiewe wynkelder die ander 20 persent self moet voorsien deur middel van aandele of ander bronne van geleende kapitaal. Die geleende kapitaal moet in paaiemente afbetaal word waarvoor die koöperatiewe wynkelder elke jaar voorsiening moet maak.

Die koöperatiewe wynkelders maak ook gebruik van korttermynlenings wat deur die Landbank voorsien word. Hierdie geld word gebruik om voorskotte aan lede uit te betaal nadat hulle druiwe gelewer het, want die lede wil so gou as moontlik na lewering hulle geld vir die oes hê. Dit neem gewoonlik minstens 'n paar maande voordat die wyn verkoop en die geld van die handelaars ingesamel is.

Die koöperatiewe wynkelder moet voor die parstyd aansoek doen vir die benaderde hoeveelheid geld wat dit sal benodig vir die uitbetaling van die oes aan lede. Daar word volgens oesskattings en op die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

basis van die minimum stookwynprys n beraming gemaak van die hoeveelheid geld wat die koöperatiewe wynkelder sal benodig. Die aansoek vir die lenings kan eers gedoen word nadat die minimum stookwynpryse en die persentasie surplus verklaar bekend is. Die koöperatiewe wynkelders moet dus so gou as moontlik nadat die oes ingesamel is besonderhede van die presiese hoeveelheid wyn wat gebruik is aan die Landbank stuur.

Die seisoenslenings word gewoonlik vir 18 maande toegestaan, maar indien dit vir n langer periode benodig word, moet verdere aansoek gedoen word. Waar die Landbank voorskotte vir oeslenings gee, moet alle geld wat die koöperatiewe wynkelder toekom eers direk na die Landbank gaan, wat die bedrag aan hom verskuldig agterhou en die bedrag wat oorbly aan die koöperatiewe wynkelder oorbetaal.

Die voorwaarde aangaande die rentekoers van die Landbank se lening is dat dit enige tyd verander kan word afhangende van heersende ekonomiese toestande, al is dit in die middel van n leningstermyn.

Lede van koöperatiewe wynkelders beweer dat die Landbank veelvoudige vereistes vir sy lenings stel, wat hulle dus traag maak om krediet by die Landbank te verkry.

(ii) <u>Handelsbanke</u>

Die handelsbanke voorsien meesal korttermynlenings aan die koöperatiewe wynkelders. Volgens beskikbare gegewens was daar in 1964 slegs een koöperatiewe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wynkelder wat n langtermynlening by n handelsbank gehad het. Die korttermynlenings word verkry in die vorm van oortrokke bankrekenings, waarop n redelike hoë rentekoers betaal moet word. As gevolg van die grootte van die lenings is die rentekoers daarop gewoonlik laer as die op gewone oortrokke bankrekenings. Ten spyte van die redelike hoë rentekoers wat aan die handelsbanke betaal moet word, verkies sommige van die koöperatiewe wynkelders om dit daar te leen liewers as by die Landbank aangesien lenings op korter kennisgewing by die handelsbanke verkry kan word en ook om die ander redes wat reeds genoem is.

Die totale bedrag geld wat in 1964 deur die koöperatiewe wynkelders van die handelsbanke verkry is, is nie herleibaar van die balansstate nie, aangesien daarin slegs die uitstaande bedrae aan die einde van die finansiële jaar van elke koöperatiewe wynkelder aangegee word. Volgens die balansstate was daar teen die einde van 1964 n bedrag van R624,637 aan handelsbanke deur die koöperatiewe wynkelders verskuldig.

(iii) Ekseketeurskamers

Die ekseketeurskamers voorsien beide lang- en korttermynlenings, en die beginsel is dieselfde as in die geval van die handelsbanke. Die redes waarom die een bo die ander verkies word sal heelwaarskynlik van persoonlike aard wees.

Volgens die balansstate was daar in 1964 drie koöperatiewe wynkelders wat van langtermynlenings by ekseketeurskamers gebruik gemaak het. Die uitstaande

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bedrag het R83,000 bedra.

Die bedrae geld wat vir korttermynlenings aangevra is, is nie bekend nie.

(iv) Krediet deur handelaars verskaf

In sommige gevalle betaal die handelaars die koöperatiewe wynkelders vooruit vir die wyn wat hulle daar koop, al het die handelaars nog nie die wyn ontvang nie. Hierdie betalings word gemaak nadat die wyn gemaak is, dit wil sê vanaf ongeveer April. Hierdie is nie n baie seker bron van krediet nie en die koöperatiewe wynkelders kan nie altyd daarop staat maak nie, veral wanneer daar nie n tekort aan wyn is nie. Die handelaars dra self die rente op hierdie voorskotte en gevolglik sal dit waarskynlik nie so geredelik toegestaan word wanneer daar n oorskot van wyn is nie, behalwe in gevalle waar wyn van uitsoekgehalte gemaak word.

Die oorspronklike bedrag wat in 1964 as voorskotte deur die handelaars aan die koöperatiewe wynkelders toegestaan is, is nie bekend nie, maar teen die end van 1964 was die koöperatiewe wynkelders nog R1,288,801 ten opsigte van wyn aan die handelaars verskuldig.

(v) Ander instansies wat krediet verskaf

Daar is verskeie ander finansiële instellings wat krediet aan die koöperatiewe wynkelders verskaf en beide lang- en korttermynlenings voorsien. Die totale langtermynlenings van ander instansies wat in 1964 uitstaande was, het R585,180 bedra. Die korttermynlenings vir daardie jaar is nie bekend nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(vi) Samevatting

Langtermynlenings het in 1924 op R43,630 gestaan, terwyl dit in 1964 op R2,893,869 te staan gekom het. Dit verteenwoordig onderskeidelik persentasies van 37.4 en 19.1 van die totale kapitaal van die genoemde jare. In 1939 het die langtermynlenings 'n persentasie van 20.9 van die totale kapitaal uitgemaak terwyl die geleende bedrag op R63,642 gestaan het. In 1944 het hierdie bedrag op R200,500 gestaan terwyl dit 21.5 persent van die totale kapitaal uitgemaak het. Van 1944 tot 1949 het daar 10 nuwe koöperatiewe wynkelders in produksie gekom en die langtermynlenings het gestyg tot 'n bedrag van R955,434, wat 37.3 persent van totale kapitaal verteenwoordig het. Nadat nog 11 koöperatiewe wynkelders van 1949 tot 1954 in werking gekom het, het die langtermynlenings gestyg tot R1,522,502 en het dit 'n persentasie van 30.0 van die totale kapitaal uitgemaak. Die verdere 7 koöperatiewe wynkelders wat van 1954 tot 1959 in werking gekom het, het die langtermynlenings laat styg tot R2,429,574 en die persentasie wat dit van die totale kapitaal uitmaak het op 25.1 gestaan. In 1964 het die langtermynlenings op R2,893,869 gestaan, wat 19.1 persent van die totale kapitaal verteenwoordig.

Volgens die bogenoemde syfers kan gesien word hoe die persentasie wat die langtermynlenings van die totale laste uitmaak gewissel het volgens die aantal koöperatiewe wynkelders wat in die voorafgaande jare gestig is. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die geval

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van 1924 tot 1939 toe daar slegs een koöperatiewe wynkelder bygekom het en die persentasie gedaal het van 37.4 tot 20.9 persent. Van 1939 tot 1944 het daar 12 nuwe koöperatiewe wynkelders in werking getree en die persentasie van die langtermynlenings het gestyg tot 37.3 persent. Hierna het die persentasie geleidelik gedaal tot 1964. Alhoewel daar ook baie nuwe koöperatiewe wynkelders in die laaste paar periodes gestig is, het dit nie die verhouding van nuwe kelders tot ou kelders soveel beïnvloed soos dit tot 1944 die geval was nie.

Indien die kapitaal wat op die roterende heffingsfondse geplaas is in die lig beskou word dat dit ook gebruik kon gewees het om langtermynlenings mee af te betaal, kan die persentasies wat die pos Roterende Heffingsfondse op die saamgestelde balansstate uitmaak van die persentasies van die langtermynlenings afgetrek word, wat die langtermynlenings se persentasie in 1964 op ongeveer 16 persent te staan sou bring.

Die pos Krediteure bestaan hoofsaaklik uit korttermynlenings wat deur verskillende finansiële instellings aan die koöperatiewe wynkelders geleen is en ook vooruitbetalings deur wynmaatskappye. Die bedrag onder die pos Krediteure wissel baie van kelder tot kelder afhangende van wanneer die balansstate afgesluit is en gevolglik kan daar nie veel afleidings van gemaak word nie. Dit geld ook in die geval van die pos Oortrokke Bankrekeninge.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3. Verhouding van eie tot vreemde kapitaal

Waar daar na die eie kapitaal gekyk word, sal gesien word dat dit van 1924 tot 1964 gestyg het van R48,240 tot R7,387,434. Dit verteenwoordig respektiewelik 41.4 en 48.7 persent van die totale kapitaal in 1924 en 1964. In 1939 het hierdie persentasie op 53.2 gestaan, en teen 1944 het dit gedaal tot 38.5 persent. Teen 1949 het dit nog verder gedaal tot 35.6 persent. In 1954 het die persentasie weer gestyg tot 43.7 en teen 1959 het dit verder gestyg tot 47.5 persent.

Die rede vir hierdie verskynsel is dat die koöperatiewe wynkelders van 1939 meesal goed gevestig was met baie van hulle lenings reeds gedelg. Gedurende die veertigerjare is daar baie nuwe koöperatiewe wynkelders gestig, met die gevolg dat van hulle skuldelaste nog nie veel gedelg was nie. Dit is dus te verstaan dat die persentasie eie kapitaal gedurende hierdie tydperk sou daal. Gedurende die volgende dekade is daar minder koöperatiewe wynkelders gestig en die persentasie eie kapitaal het weer gestyg. Van 1959 tot 1964 is ook relatief minder nuwe koöperatiewe wynkelders as in die veertigerjare gestig, en die persentasie eie kapitaal het verder gestyg. Indien daar nog in ag geneem word dat die pos Poelrekening in 1964 agt persent van die totale laste op die balansstaat uitgemaak het, kan die finansiële toestand van die koöperatiewe wynkelders as gesond beskou word.

Die solvabiliteitsverhoudings van die koöperatiewe wynkelders vir die periode van 1924 tot 1964 word in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tabel 37 uiteengesit.

Tabel 37. Verhouding van die eie tot vreemde kapitaal van die koöperatiewe wynkelders, 1924 tot 1964

Jaar	Getal koöperatiewe wynkelders in produksie	Eie kapitaal	Vreemde kapitaal	Verhouding van eie tot vreemde kapitaal
1924	4	48,240	68,420	0.71 : 1
1939	5	162,557	142,519	1.14 : 1
1944	17	356,832	573,002	0.62 : 1
1949	27	915,564	1,650,294	0.55 : 1
1954	38	2,218,398	2,855,676	0.78 : 1
1959	45	4,610,822	5,083,916	0.91 : 1
1964	51	7,378,434	7,761,906	0.95 : 1

Dit is ook interessant om die solvabiliteitsposisie van die wynkoöperasies te vergelyk met ander landboukoöperasies en met nie-koöperatiewe nywerheidsmaatskappye. Die verhouding van eie tot vreemde kapitaal van n verteenwoordigende monster van 93 Suid-Afrikaanse nywerheidsmaatskappye het in 1959 op 2.09 : 1 te staan gekom; teenoor n verhouding van 0.91 : 1 vir die wynkoöperasies in daardie jaar.(2)

Hoewel dit weens verskil in werksaamhede moeilik is om vergelykings te tref, is dit insiggewend om daarop te let dat alle landboukoöperasies in Suid-Afrika gesamentlik in 1963 n verhouding van eie tot vreemde kapitaal van 0.52 :1 gehad het(3) teenoor die verhouding van 0.95 :1 van die koöperatiewe wynkelders in 1964. Die wynkoöperasies verkeer dus in n gunstiger finansiële posisie as die deursnee - landboukoöperasie in Suid-Afrika.

128/.....

(2) Syfers vir nywerheidsmaatskappye ontleen aan "Aspekte van Nywerheidsfinansiering" deur P.R. Rörich in Ekonomiese Opstelle opgedra aan professor C.G.W. Schuman, p. 177.

(3) R.P. 13/1965. Jaarverslag van die Sekretaris van Landbouekonomie en -bemarking, 1963/64, p.114.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK X

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Die wynbedryf is een van die oudste boerderyvertakkings wat in Suid-Afrika beoefen word, en is van die begin af gekenmerk deur periodes van voorspoed sowel as periodes van terugslae. Ten spyte van die terugslae het die bedryf steeds gegroei en is vandag een van die vernaamste boerderybedryfstakke in die Wes-Kaap.

Die eerste koöperatiewe wynkelders is in 1905 gestig met die doel om die boere deur middel van samewerking meer mag in die bemarking van wyn, teqee aangesien die wynbedryf op daardie stadium in n benarde posisie verkeer het. Die koöperatiewe wynkelders het op daardie stadium n te klein gedeelte van die wynoes hanteer en kon gevolglik nie in hulle oorspronklike doel slaag nie.

In 1916 het die wynbedryf hom in n besonder benarde toestand bevind, en verdere pogings tot samewerking op koöperatiewe grondslag is oorweeg. In 1918 is die K.W.V. geregistreer; maar dit was eers in 1924, die jaar toe die K.W.V. n verpligte koöperasie vir alle wynboere geword het en statutêre beheer gekry het oor die verkoop van wyn dat die wynboere met meer moed die toekoms kon tegemoet gaan. In 1924 het die K.W.V. slegs beheer gekry oor die minimumprys van stookwyn, maar nadat die boere wat goeiewyn geproduseer het nie veel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hoër pryse vir hulle goeiewyn as vir die stookwyn ontvang het nie, het die K.W.V. in 1940 ook beheer gekry oor die minimumprys van goeiewyn.

Met die gevaar op hande dat daar n groot oorproduksie van wyn kon plaasvind, het die K.W.V. in 1957 beheer gekry oor die produksie van wyn deur middel van n kwotastelsel. In 1964 is hierdie totale kwota met 500,000 ton vergroot tot 1.6 miljoen ton, wat n verhoging van 45 persent bo die vorige totale kwota verteenwoordig.

Die K.W.V. tree ook as beskermheer van beide die wynboere en die wynhandelaars op. Alle transaksies moet met die K.W.V. se goedkeuring geskied. Monsters van die wyn moet deur die K.W.V. ondersoek word en sterktebepalings van die wyn word ook gedoen. Aangesien die K.W.V. verplig is om alle wyn teen die minimum stookwynprys in te neem mits die hoeveelheid wyn wat die boer produseer onder sy kwota is, is die wynboere minstens verseker van die minimum stookwynprys van daardie jaar.

Die ledetal van die K.W.V. het in 1964 op 4,747 gestaan en hierdie getal het oor die jare redelik konstant gebly. Die K.W.V. se bates het gegroei van R98,668 in 1918 tot R19,339,924 in 1964.

Die totale produksie van druiwe het van 1924 tot 1964 toegeneem van 115,558 tot 768,000 tonne/lêers en die vernaamste druiweproduserende distrik in 1964 was Worcester met n produksie van 155,702 tonne/lêers. Die totale hoeveelheid wyn wat gebruik is vir die maak van stookwyn en goeiewyn het gestyg van 95,211 lêers in 1924 tot 656,150 lêers teen 20 grade proefspiritus in 1964. Goeiewynproduksie het afgehang van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die vraag daarna, wat weerspieël word in die verhoging van goeiewynproduksie net na die Tweede Wêreldoorlog toe die uitvoermark goed was en van 1959 af toe daar pogings aangewend word om die publiek meer natuurlike wyne te laat drink.

Die fisiese volume van wynbouproduksie het met 432 persent gestyg van 1924/1925 tot 1962/1963, teenoor n styging van 197 persent in die fisiese volume van alle landbouproduksie vir dieselfde periode.

Die basiese funksie van die koöperatiewe wynkelders is om die wynboere in staat te stel om op n koöperatiewe manier hulle produkte so doeltreffend moontlik te verwerk en te bemark. Deur middel van die koöperatiewe stelsel kan die boere saamstaan en die nodige toerusting bekom om wyn van n hoë gehalte te lewer.

Die werklike snelle ontwikkeling van die koöperatiewe wynkelders het eers na 1940 plaasgevind. Waar daar voor 1940 slegs 6 koöperatiewe wynkelders in produksie was, is daar in die daaropvolgende dekade 28 koöperatiewe wynkelders gestig; en die totaal het in 1965 op 59 gestaan. Waar die koöperatiewe wynkelders in 1941 n totale hoeveelheid druiwe van 45,675 tonne/lêers verwerk wat 13.9 persent van die totale druiweoes uitgemaak het, het hierdie totaal in 1965 opgeskuif tot 449,649 tonne/lêers wat 63.6 persent van die totale druiweoes verteenwoordig het.

Uit n studie van die finansiering van die koöperatiewe wynkelders blyk dit dat die maak van wyn n besonder hoë vaste kapitaalbelegging vereis. Ongeveer 60 persent van die bates op die balansstaat word verteenwoordig deur vaste eiendom en toerusting. Kapitaal word verder veral benodig vir die dra

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van wynvoorrade en die betaling van voorskotte op druiwe gelewer deur lede.

Die koöperatiewe wynkelders het daarin geslaag om aansienlike eie fondse op te bou, soos bewys word deur die verhouding van eie tot vreemde kapitaal van 0.95 : 1 in 1964. Sterk reserwefondse is opgebou, en veral opvallend vir landbou-koöperasie is die feit dat aandele n belangrike bron van kapitaal is. In die geval van wynkoöperasies bestaan 42 persent van die eie fondse in 1964 uit aandelekapitaal teenoor slegs 16 persent in die geval van alle landboukoöperasies in Suid-Afrika.(1) Tot dusver maak die koöperatiewe wynkelders slegs op geringe skaal van roterende kapitaalfondse gebruik.

Die klag kan in sommige gevalle teen koöperasielede ingebring word dat hulle hoofsaaklik belangstel in die bedrag wat hulle vir druiwe ontvang, en dat daar nie genoeg belang-stelling in die werksaamhede, probleme en welsyn van die koöperatiewe wynkelder getoon word nie.

Die geheelbeeld is dat die koöperatiewe wynkelders n noodsaaklike en doeltreffende diens lewer en in n gesonde finansiële toestand verkeer.

(1) Op. cit., p.114 (1963).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

LITERATUUR

1. DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING: H.C.J. van Rensburg: Koöperasie in Suid-Afrika, 1964. Ekonomiese reeks No. 57. Staatsdrukker, Pretoria.

2. JOELSON, A. : Herinneringe van Kohler van die K.W.V. Kaapstad: Unie-Volkspers Beperk, 1945.

3. COETZEE, F.J.J. : Landboukoöperasie in Suid-Afrika met besondere verwysing na die finansiering. Leiden: Drukkerij "Luctor et Emergo," 1957.

4. RöRICH, P.R. : Aspekte van nywerheidsfinansiering, uit "Ekonomiese opstelle opgedra aan professor C.G.W. Schumann." Pretoria: J.L. van Schaik Beperk, 1960.

5. DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING: Jaarverslag van Sekretaris van Landbou-Ekonomie en -Bemarking, 1963/1964. R.P. 13/1965. Staatsdrukker, Pretoria.